

DIE KINDERBOEKILLUSTREERDER AS KUNSTENAAR - 'N EVALUERINGSTUDIE AAN DIE HAND VAN ENKELE SUID-AFRIKAANSE KINDERBOEKILLUSTREERDERS

Cornelia Frederika Rood, B. Bibl.

Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad **Magister Bibliothecologiae** in die Departement Inligtingstudies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mnr. J.R. Botha

POTCHEFSTROOM
1995

MY DANK AAN:

My Skepper vir geleenthede en genade.

Mnr. John Botha en prof. Carl Lohann vir hul leiding en raad.

Mevv. Anita Wessels en Elsa Brand vir ure se woordverwerking, proefleeswerk en taalversorging.

Mev. Jane van Rooy vir haar positiewe bydrae.

Familie, kollegas en vriende vir hul deurlopende belangstelling en ondersteuning.

My besonderse eggenoot Etienne, vir sy matelose geduld, aanmoediging en bystand.

THE CHILDREN'S BOOK ILLUSTRATOR AS AN ARTIST - AN EVALUATIVE STUDY USING TWO SOUTH AFRICAN ILLUSTRATORS OF CHILDREN'S BOOKS

Sleutelbegrippe: Kinderboekillustreerders, kinderboekillustrasies, kunswaardering, kunstenaars, kunswerke, visuele kommunikasie, estetiese vormtaal.

Key concepts: Children's book illustrators, children's book illustrations, art appreciation, artists, art works, visual communication, aesthetic form language.

The question of whether the illustrator of children's books is an artist, is the subject of this study. To this end the degree in which the illustrations in children's books play a primary role in making the aesthetic experience of the book possible, is established. This impacts on its role in conveying a visual-aesthetic message to the child. It also entails that communication between the illustrator of children's books and the child takes place in an unique way. This visual-aesthetic message is determined by the evaluation of the illustrations of Cora Coetzee and Alida Bothma. Communication has been taking place through the centuries and the importance of this has not diminished in the twentieth century; daily communication takes place by means of advertisements, television, films, the computer and other multi-media. The illustrated children's book is also of importance as a carrier of a visual message and is often the child's first experience of art. The visual-aesthetic message of children's books is therefore relevant for this study. The visual communication in the illustrated children's book is studied in depth in the literature study with regard to the child's experience of art, the artistic value of the illustration as well as the artistry of the illustrator. By means of the questionnaire it is established that opinions differ regarding the artistic value of these illustrations. This also indicates the diversity in establishing the artistic value of these illustrations. Criteria according to which the artistic value of the chosen illustrations are determined, were first established within the context of this dissertation. This was done by means of both a literature study and a questionnaire. After the chosen children's book illustrators had been evaluated, the following conclusions were made: The illustration in the children's book does indeed contain a *visual-aesthetic message*. The *artistic value* of children's book illustration can, as is the case regarding other works of art, be determined by an analysis of the aesthetic form language. The possibility that these illustrations offer towards *aesthetic experience* by the child, should be developed within the context of *visual literacy*. Because the children's book illustration is regarded as a work of art, the illustrator of the book is an artist. His artistry is expressed in the manner of *creativity*. He is also an artist because of his *technical ability* and the expertise by means of which he *conveys and enriches the message* within the children's book.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: MOTIVERING VAN DIE ONDERSOEK

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	2
1.3	SENTRALE TEORETIESE STELLING	5
1.4	DOELSTELLING	5
1.5	NAVORSINGSMETODES	6
1.5.1	Literatuurstudie	6
1.5.2	Vraelys	6
1.5.3	Onderhoude	7
1.5.4	Ontleding en evaluering	7
1.6	BEGRIPSOMSKRYWING	7
1.6.1	Kunswaardering	7
1.6.2	Kunswerk	11
1.6.3	Kunstenaar	13
1.6.4	Illustrasie	13
1.6.5	Illustreerder	16
1.6.6	Estetiese beleving	17
1.6.7	Estetiese vormtaal	19
1.6.8	Kind	20
1.6.9	Kommunikasie	23

HOOFSTUK 2: KOMMUNIKASIE

2.1	INLEIDING	25
2.2	KOMMUNIKASIE IN DIE KINDERBOEK	26
2.2.1	Verbale kommunikasie	26
2.2.2	Nieverbale kommunikasie	27
2.3	DIE KIND AS KOMMUNIKEERDER	31
2.3.1	Behoeftes	31
2.3.1.1	Die behoefte aan sekuriteit	32
2.3.1.2	Die behoefte om as deel van 'n groep aanvaar te word	32
2.3.1.3	Die behoefte om lief te hê en liefgehê te word	32
2.3.1.4	Die behoefte om iets te bereik	32
2.3.1.5	Die behoefte aan kennis	32
2.3.1.6	Die behoefte aan die estetiese	33

2.3.1.7	Die behoefte aan ontspanning	33
2.3.2	Leesbelangstellings	33
2.3.3	Leeservaring	35
2.3.4	Kunsuiting en kunsbelewing	36
2.4	DIE KINDERBOEKILLUSTREERDER AS KOMMUNIKEERDER	39
2.4.1	Idee van die illustrasie	39
2.4.2	Samestelling van die illustrasie	41
2.4.3	Dryfkrag van die illustreerder	41
2.4.4	Vaardigheid van die illustreerder	42
2.4.5	Kunstenaarskap van die illustreerder	42

HOOFSTUK 3: KRITERIA 45

3.1	VRAELYS	46
3.1.1	Inleiding	46
3.1.2	Verwerking van respons	47
3.1.3	Gevolgtrekkings wat betref die uitslae op die vraelys	77
3.2	LITERATUURSTUDIE	79
3.2.1	Uitgewers	79
3.2.2	Boektoekennings	81
3.2.2.1	Katrine Harries-toekenning	81
3.2.2.2	Caldecott-medalje	82
3.2.2.3	Kate Greenaway-medalje	83
3.2.2.4	Hans Christian Andersen-toekenning	83
3.2.3	Waardebepalers van kinderboekillustrasies	84
3.3	KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN ANDER KUNSWERKE	88
3.3.1	Visioenêre vormtaal	90
3.3.1.1	Kunstenaar	90
3.3.1.1.1	Tyd en lokaliteit	91
3.3.1.1.2	Samelewingsomstandighede	91
3.3.1.1.3	Biografiese gegewens	91
3.3.1.1.4	Kunsbesef	91
3.3.1.2	Kunswerk	91
3.3.1.2.1	Fundamentele stylneigings	91
3.3.1.2.1.1	Klassisisme en meer formele benaderings	92
3.3.1.2.1.2	Romantiek as stylneiging	93
3.3.1.2.1.3	Realisme vanaf die middel-negentiende eeu	94
3.3.1.2.1.4	Impressionistiese en post-impressionistiese invloede	94

3.3.1.2.1.5	Ekspressionisme en figuratiewe abstraksie	95
3.3.1.2.1.6	Nonfiguratiewe abstraksie	95
3.3.1.2.2	Onderwerp	96
3.3.1.2.3	Medium en tegniek	96
3.3.1.2.3.1	Druktegnieke	98
3.3.1.2.3.2	Tekenkunstige tegnieke	98
3.3.1.2.3.3	Skilderkunstige tegnieke	100
3.3.1.2.3.4	Tegnieke van die tagtiger-negentigerjare	101
3.3.2	Tegniese vormtaal	101
3.3.2.1	Identifisering	102
3.3.2.2	Beeldbeskrywing	102
3.3.2.3	Interpretasie	104
3.3.3	Sintese	104

HOOFSTUK 4: EVALUERING 106

4.1	CORA COETZEE	107
4.1.1	Visioenêre vormtaal	107
4.1.1.1	Kunstenaar	107
4.1.1.2	Kunswerk	108
4.1.2	Tegniese vormtaalaspekte	109
4.1.2.1	Identifisering	109
4.1.2.2	Beeldbeskrywing	109
4.1.2.3	Interpretasie	111
4.1.3	Sintese	112
4.2	ALIDA BOTHMA	112
4.2.1	Visioenêre vormtaal	113
4.2.1.1	Kunstenaar	113
4.2.1.2	Kunswerk	114
4.2.2	Tegniese vormtaalaspekte	114
4.2.2.1	Identifisering	114
4.2.2.2	Beeldbeskrywing	115
4.2.2.3	Interpretasie	117
4.2.3	Sintese	118
4.3	SAMEVATTING	118

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING

5.1	INLEIDING	120
-----	---------------------	-----

5.2	GEVOLGTREKKINGS	121
5.2.1	Die kinderboekillustrasie maak estetiese beleving moontlik	121
5.2.2	Die kinderboekillustrasie dien om 'n visueel-estetiese boodskap aan die persoon wat daarna kyk, oor te dra	122
5.2.3	Die estetiese boodskap word deur die idee, inhoud en vorm oorgedra	123
5.2.4	Die kinderboekillustrasie word as kunswerk beskou en daarom is die kinderboekillustreerder 'n kunstenaar	124
5.3	SAMEVATTING	126
BYLAE 1: VRAELYS		128
BYLAE 2: ILLUSTRASIES		133
BIBLIOGRAFIE		150
LYS VAN GEILLUSTREERDE KINDERBOEKE		163

HOOFTUK 1: MOTIVERING VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Volgens Scholtz (1978 : 54) beskou Katrine Harries haarself nie as 'n kunstenaar nie. Tog is sy 'n bekroonde kinderboekillustreerder (Lohann, 1986a : 18) en vereerde kunstenaar (Anon, 1973 : 8). Verder word die kunswaarde van kinderboekillustriasies betwyfel omdat die aard daarvan op *massamedia* dui en die eise wat deur uitgewers, boektoekennings, ouers en kinders daaraan gestel word, as beperkend beskou kan word. Deur opnuut na die kinderboekillustreerder as kunstenaar te kyk, word sy/haar rol as kunstenaar omskryf en bevestig. Die kunswaarde van die kinderboekillustrasie asook die moontlikhede daarvan met betrekking tot visuele geletterdheid word in hierdie studie toegelig.

Toekennings word plaaslik en internasionaal aan verdienstelike kinderboekillustreerders gedoen, onder meer op grond van die kunswaarde van hul illustrasies. Indien die kinderboekillustrasie dan wel as kunswerk beskou word en so ook die kinderboekillustreerder as kunstenaar, is daar sprake van 'n doelgerigte estetiese boodskap in die illustrasie. Hierdie estetiese visuele kommunikasie tussen kinderboekillustreerder en die kind hou ook spesifieke moontlikhede ten opsigte van visuele geletterdheid in. Om aan die hoë eise van die samelewing van die twintigste eeu te voldoen, word daar van die mens verwag om visueel geletterd te wees.

Naas verbale kommunikasie vind kommunikasie deur die eeue heen visueel plaas deur byvoorbeeld rotstekeninge, prenteskrif, skilderkuns, beeldhoukuns, film, televisie en aan die einde van die twintigste eeu ook deur holovisie en skynrealiteit. So word konsepte, boodskappe en inligting pikturaal oorgedra deur die skepper daarvan (Marshall, 1988 : 193). Kinderboekillustrasie is ook 'n manier om visueel te kommunikeer.

Die illustreerder kan moontlik deur middel van sy illustrasie 'n bydrae lewer tot die kind se vorming as gebalanseerde volwassene. Die estetiese boodskap is spesifiek van belang wanneer die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder ter sprake is.

Kinders word reeds van 'n baie vroeë ouderdom omring deur klanke en stemme, vorms en figure en kleure deur middel van die radio, televisie, rolprente, tydskrifte, advertensies, boeke en nog vele ander media wat deel vorm van hul omgewing. In die lig hiervan moet die kommunikatiewe waarde van die boek en dan ook die kinderboek, nie onderskat word nie.

Die voorskoolse kind kyk en luister. Later kyk en lees hy. Die visuele aspek is veral in die substanderds van belang. Dit is selde dat kinders op hierdie ontwikkelingsvlak reeds die geskrewe woord herken, maar hulle kan wel hul ervaringsterrein uitbrei deur die prenteboek wat voorgelees word en uit illustrasies sowel as eenvoudige teks bestaan. Die illustrasies betrek die kind visueel by die inhoud van die verhaal sowel as by die lewenservaring van die illustreerder, alles wat hy in sy lewe

ervaar en beleef het. Hierdie visuele aspek verleen 'n ekstra dimensie aan die geskrewe boodskap van die geïllustreerde kinderboek. Die kind laat duidelik blyk indien hy nie van 'n illustrasie hou nie en daarteenoor kan hy hom verlustig in die illustrasies waarvan hy wel hou. Hy kan selfs lank na dieselfde illustrasie staan omdat dit vir hom mooi is. Wat hy geniet, hou verband met die estetiese beleving van die illustrasie en dit kan verhoog word as hy verstaan wat hy sien. Die lyne, vorms en kleure moet betekenis hê vir die kind wat daarna kyk. Die studie van die kinderboekillustrateur as kunstenaar word langs die weg van dié estetiese boodskap aangepak. Bykomend daartoe is om die belangrikheid van die kinderboekillustrasie as grondlegging van kunswaardering te benadruk. Die mate waarin die kinderboekillustrasie as kuns geag word, is bepalend vir die waardering van die kinderboekillustrateur as kunstenaar.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die kinderboekillustrateur word dikwels nie as kunstenaar in eie reg beskou nie en die kinderboekillustrasie word nie altyd as kunswerk geag nie. Ter wille van die waardering van kinderboekillustrasies moet die kinderboekillustrateur as kunstenaar beskou word en is dit die hoofdoel van hierdie studie om enige twyfel rondom hierdie probleem uit die weg te ruim. Onderliggend aan al die argumente lê die belangrikheid van die kind se eerste kennismaking met kuns deur die kinderboekillustrasie en die invloed wat dit op hom as volwasse kunswaardeerder kan hê.

Mense sien en verstaan wat hul geleër is om te sien en te verstaan. Selfs 'n geletterde volwassene kan byvoorbeeld nie 'n boek in 'n vreemde taal geniet as hy glad nie die taal verstaan nie. Kinders word geleer om te lees en te skryf, maar die simbole soos lyn, kleur en vorm waarmee die visuele kunstenaar boodskappe oordra, word dikwels verontagsaam. "In teaching us to see the visible world afresh, he (the artist) gives us the illusion of looking into the invisible realms of the mind - if only we know, as Philostratus says, how to use our eyes" (Gombrich, 1959 : 329). Knobler (1971 : 14) sluit hierby aan: "but few persons of normal vision realize how limited their perception really is". Opleiding in hierdie visuele aspekte word baie keer agterweë gelaat.

So kan die visueel-ongeletterde kind dan nie die illustrasies geniet wat die illustreerder in visuele vorm aan hom bied nie. Hierdie versuim van opleiding kan meebring dat die kind se intuïtiewe en kreatiewe potensiaal onderbenut bly en die kind grootword sonder enige, of met baie min, belangstelling in en waardering vir visuele kuns (Van Heerden, 1989b : 13). Dit is werklik 'n probleem, aangesien dit algemeen aanvaar word dat 'n visuele kunswerk 'n estetiese boodskap bevat. Die illustrasie in die kinderboek is dikwels die eerste kennismaking van die kind met 'n beeld wat moontlik 'n estetiese boodskap inhou (Komnick, 1968 : 10). In hierdie opsig kan kinderboekillustrasies en ander visuele kunswerke ooreenstem en is dit belangrik dat die illustrasie ook as kunswerk beskou word.

Soos reeds gemeld, is die visueel-estetiese boodskap 'n rigtinggewende argument vir die bestudering van die kinderboekillustreerder as kunstenaar. Die belangrikheid van die kinderboekillustrasie as grondlegging van kunswaardering is 'n aanverwante aspek van hierdie studie. Hoe beter die kind hierdie visueel-estetiese boodskap verstaan, hoe meer kan hy die illustrasies geniet. Hiermee kom diep moontlikheid na vore dat die kind geprikkel word tot groter belangstelling in en waardering vir visuele kuns. Die basis vir die argument dat die kinderboekillustrasie wel 'n estetiese boodskap bevat wat moontlik kan bydra tot die ontwikkeling van kunswaardering, is egter dat die kinderboekillustreerder as kunstenaar geag moet word. Indien die illustreerder as kunstenaar gewaardeer word, sal die potensiele estetiese boodskap groter waarde hê. Om werklik by die omvang van die probleemstelling uit te kom, word daar vervolgens inleidend na die stand van die kinderboekillustreerder as kunstenaar verwys.

Sedert die veertigerjare is daar in die Verenigde State van Amerika en in Europa 'n belangstelling in die werk van die kinderboekillustreerder (Schwarcz, 1982 : 3). Toekennings word vernoem na bekende illustreerders soos Kate Greenaway en Randolph Caldecott. Medaljes word aan verdienstelike illustreerders toegeken, byvoorbeeld die Caldecott-medalje wat vir die beste illustreerder van prenteboeke in die VSA toegeken word en die Kate Greenaway-medalje in die Verenigde Koninkryk. Die internasionale Hans Christian Andersen-medalje word toegeken aan 'n lewende outeur en illustreerder wat 'n uitmuntende bydrae tot kinderliteratuur gelewer het. In Suid-Afrika word 1955 as die mylpaal van die Afrikaanse kinderboek gesien toe Alba Bouwer se "Stories van Rivierplaas", geïllustreer deur Katrine Harries, verskyn het. Die uitmuntende woordkuns en grafiese werk in hierdie boek stel 'n hoë standaard (Le Roux, 1986 : 9), en 'n toename in die kwaliteit asook die kwantiteit van Afrikaanse kinderboeke vind in hierdie tyd plaas.

In die sewentigerjare kom daar 'n belangstelling in die Suid-Afrikaanse mark vir Engelse kinderboeke (Heale, 1986 : 13), veral nadat die firma Alston en Nixon in 1976 begin het om slegs kinderboeke uit te gee. Raven Press volg in 1979 met die publikasie van nuwe verhale deur Marguerite Poland en die instelling van die Percy FitzPatrick-toekenning vir uitmuntende kinderboeke in Engels. Dit word egter aan die skrywers van Engelse boeke toegeken en raak nie die illustrasies as sodanig nie. Ook in die tagtigerjare bestaan 'n plaaslike mark wat kinderboeke in Afrikatale aanbetref, nog feitlik nie (Nyani, 1986 : 16), maar dit lyk asof die situasie besig is om te verbeter met veral vertalings van gehalte uit Engels sowel as Afrikaans wat tans uitgegee word (Lenake, 1990 : 101).

Dit is egter in die sewentigerjare dat werklike erkenning aan Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerders gegee word met die instelling van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging-toekenning vir Suid-Afrikaanse kinderboekillustrasie in 1973.

Hierdie prys is aanvanklik jaarliks toegeken. Vanaf 1977 staan dit bekend as die Katrine Harries-toekenning en sedert 1983 word dit tweejaarliks toegeken aan illustreerders van kinderboeke. In die tagtigerjare groei 'n bewustheid in Suid-Afrika ten opsigte van die estetiese waarde van die

kinderboeke met die uitstalling "Doer-land-y : Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke" in 1986-1987 in kunsmuseums in Kaapstad, Johannesburg, Durban en Pretoria. Hier het verskeie kundiges op die gebied van kinderboekillustrasies hulle begin uitspreek oor die kinderboekillustrasie as kunsvorm.

Uit 'n verkennende literatuurstudie blyk 'n aantal leemtes betreffende die beskouing van die kinderboekillustrasie as kunsvorm en die illustreerder daarvan as kunstenaar. Eerstens bestaan daar uiteenlopende menings ten opsigte van kunswaarde en die mate van estetiese kommunikasie in kinderboekillustrasies. In die tweede plek blyk uit die literatuur dat kinderboekillustreerders onderhewig is aan 'n groot aantal beperkings. Die vraag ontstaan dus of hulle in alle opsigte as kunstenaars kan funksioneer en die gevolg is dat die kunswaarde van die kinderboekillustrasie betwyfel word. Derdens word uiteenlopende kriteria deur partye gebruik om die estetiese waarde en die mate waarin die estetiese boodskap in die kinderboekillustrasie oorgedra word, te bepaal.

Om die estetiese boodskap in perspektief te plaas ten opsigte van die probleemstelling wat volg, word die verhouding tussen teks en illustrasie vervolgens aangetoon. Volgens Macauley (Anon, 1986 : 695) word die inhoud van kinderboeke gewoonlik gekommunikeer deur 'n kombinasie van teks en illustrasies. Dit word algemeen aanvaar dat teks en illustrasies simbioties funksioneer om tot die sukses van die kinderboek by te dra. Zwicker (1980 : 120) poog om die kind visueel te betrek by die inhoud van die verhaal en ander kinderboekillustreerders mag dieselfde doel hê. Dat die teks literêre estetiese waarde kan hê, word aanvaar. In hierdie verhandeling gaan dit egter om die kinderboekillustreerder se bydrae en daarom word dit onomwonde gestel dat deurgaans verwys word na die visueel-estetiese wanneer die estetiese boodskap ter sprake is.

Die boodskap van die illustrasie is gebaseer op die teks, maar die illustreerder gee sy eie interpretasie daarvan. Die illustreerder sorg vir die visuele belewenis wat skakel met die estetiese waardering van die illustrasie. Hierdie bykomende dimensie spreek die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder aan. Die moontlikheid van estetiese beleving van die kinderboek word verhoog as gevolg van die estetiese boodskap wat deur die illustreerder vasgelê kan word. Die probleemstelling hou in dat die mate waarin die illustrasie in die kinderboek 'n rol speel in die estetiese beleving van die boek en in die oordrag van 'n estetiese boodskap aan die kind bepalend is vir die kunstenaarskap van die illustreerder. Dit gaan om die visueel-estetiese boodskap en die bydrae wat die kinderboekillustreerder lewer. Die denkwyse waarvolgens die kinderboekillustreerder as kunstenaar beskou word, word by wyse van sentrale teoretiese stellings aangetoon ten einde struktuur aan die studie te gee.

1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Sentrale teoretiese stelling as begrip dui op rigtende argumente vir 'n studie wat nie noodwendig kwantitatief bewysbaar is nie. Aangesien evaluering van illustrasies en estetiese beleving kwalitatief plaasvind, is 'n empiriese studie en die bewysbaarheid van stellings gewoonlik nie suiwer nie. Die volgende rigtende argumente word as antwoorde op die probleemstelling voorgehou:

- Die illustrasie maak visueel-estetiese beleving van die boek moontlik. Die beleving vind dus visueel plaas en verskaf 'n ekstra dimensie aan die kinderboek. Dit is dikwels die kind se eerste kennismaking met 'n beeld wat moontlik 'n estetiese boodskap inhou.
- Die illustrasie dra 'n boodskap aan die leser daarvan oor, te wete aan die kind. Voor die kind egter die illustrasie sien, word dit gewoonlik deur die uitgewer, die boekkeurder of die ouer gekeur. Hierdie aspek kan as beperking of as uitdaging vir die illustreerder as kunstenaar beskou word.
- Die estetiese boodskap van die illustrasie word deur die inhoud (simboolwaarde), idee (motiewe, tema) en vorm (fisies, konstitutief, komposisioneel) van die kunswerk oorgedra. Die visuele kunstenaar maak 'n visuele stelling deur estetiese vormtaal. Die moontlikheid dat dit ook deur die kinderboekillustreerder gedoen word, word ondersoek. Indien die kind hierdie visueel-estetiese boodskap beter verstaan, kan hy die illustrasies meer geniet.
- Die kinderboekillustrasie word as kunswerk beskou en daarom is die illustreerder 'n kunstenaar. Rondom hierdie stelling bestaan meningsverskille wat aangetoon sal word.

Dit blyk dus dat die estetiese boodskap in die illustrasie met behulp van verskillende kriteria verstaan word en hierdie visuele "taal" kan aangeleer word. Kennis van dié estetiese vormtaal kan waardering van illustrasies in die kinderboek en uiteindelik ook ander visuele kunswerke ontwikkel en dit onderskryf die doelstellings sowel as die belang van die studie.

1.4 DOELSTELLING

Om aan te sluit by die genoemde sentrale teoretiese stellings, word die doel van hierdie studie soos volg gestel:

- Om die moontlikheid te bepaal dat die kinderboekillustrasie as kunswerk kommunikatiewe waarde kan hê ;
- om die menings wat bestaan ten opsigte van die kunswaarde van kinderboekillustrasies en kriteria wat aangewend word vir die evaluering van kinderboekillustrasies te identifiseer en dan te vergelyk met menings en kriteria wat ten opsigte van kunswerke as sodanig

bestaan. Hieruit kan kriteria bepaal word om kinderboekillustrasies as estetiese boodskappers te waardeer;

- om die gekose kinderboekillustreerders as kommunikeerders te bestudeer. Die doel hiervan is om die boodskap van hul illustrasies te kan verstaan;
- om die kunswaarde en estetiese belewingsmoontlikheid van kinderboekillustrasies te bepaal. Dit gaan hier om die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder wat die sentrale motief van hierdie studie is.

Die volgende metodes is aangewend om bogenoemde doelstellings te bereik

1.5 NAVORSINGSMETODES

Om te bepaal in watter mate die kinderboekillustreerder as kunstenaar figureer, en dus in watter mate die kinderboekillustrasie 'n rol speel in die estetiese beleving van die boek en die oordrag van die estetiese boodskap aan die kind, word die volgende navorsingsmetodes gebruik:

1.5.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie word gedoen om begrippe te omskryf vir die doel van hierdie studie. Hierna word die literatuurondersoek uitgebrei om kommunikasie met betrekking tot die visueel-estetiese boodskap te bespreek. Die kinderboek, die kind en die illustreerder as kommunikeerders is belangrike rolspelers in hierdie kommunikasieproses. Menings en kriteria wat bestaan om kunswerke en veral kinderboekillustrasies te evalueer ten einde die estetiese waarde en boodskap te identifiseer, word ook deur middel van die literatuurstudie verkry.

Tydens ontleding en evaluering word gegewens rondom die gekose kunstenaars en hul illustrasies ook onder meer deur 'n literatuurstudie verkry.

1.5.2 Vraelys

Gestruktureerde vraelyste word aan keurders van kinderboeke soos uitgewers, lede van komitees vir kinderboektoekennings, bibliotekaris en kunskritici gestuur om hul menings te bepaal ten opsigte van die kunswaarde van kinderboekillustrasies. Kriteria waarmee hulle kunswerke en veral kinderboekillustrasies sou evalueer, word ook met behulp van die vraelyste geïdentifiseer. Geslote vrae, wat statisties vergelykbaar is, word gevra, hoewel enkele oop vrae gestel word om respondente die geleentheid te gee om hul antwoorde te verbreed. Hierdie menings en kriteria kan as riglyn dien by die vasstelling van kriteria waarvolgens die illustrasies van die gekose kinderboekillustreerders geëvalueer sal word.

1.5.3 Onderhoude

Onderhoude word met die gekose kinderboekillustrateurs gevoer om eerstehandse inligting in te win oor die idee, inhoud en vorm van hul illustrasies. In watter mate hulle hulself as kunstenaars beskou en in watter mate hulle as kunstenaars beïnvloed word deur die inhoud van die boek, word ook deur middel van die persoonlike onderhoud vasgestel. Die onderhoude word met die literatuurstudie en waarneming aangevul.

1.5.4 Ontleding en evaluering

Aangesien die emosies en intuïtiewe beleving van die kind ter sake is, behoort 'n intrinsieke benadering tot kunswaardering gevolg te word. Ontleding en evaluering word volgens Panofsky (sien Hoofstuk 3, 3) se ikonologiese interpretasiemodel gedoen waar die kunswerk in konteks met sy omstandighede gesien word om die boodskap van die kunswerk te bepaal. Die verhouding tussen die visuele kunswerk en sy skeppings- en bestaansomstandighede word dus ondersoek. Dit word dan vergelyk met die konteks van die kinderboekillustrasie in sover dit die visueel-estetiese boodskap aangaan. Hoewel die teks as omstandighedsfaktor in die skep van die illustrasie gesien kan word, word dit nie vir die doel van hierdie studie betrek nie, omdat dit om die visuele boodskap van die illustreerder gaan. Ontleding en evaluering van 'n aantal illustrasies van Alida Bothma en Cora Coetzee word volgens die kriteria wat in die loop van die studie na vore kom, gedoen. Hierdie kinderboekillustrateurs is gekies omdat hulle reeds toekennings vir hul illustrasies ontvang het en omdat hulle reeds 'n verskeidenheid kinderboeke geïllustreer het. Die kunswaarde van hul werk word op hierdie manier bepaal. Só word hul waarde as kunstenaars ook vasgestel. Deur die loop van hierdie studie kan sommige terme dubbelsinnig voorkom en word dit vervolgens bespreek.

1.6 BEGRIPSOMSKRYWING

Van die begrippe wat in hierdie studie gebruik word, kan verskillend geïnterpreteer word, en daarom is dit noodsaaklik dat sleutelbegrippe binne die konteks van hierdie studie omskryf word. Daar word vanuit 'n kunswaarderende perspektief na die kunswerk se kommunikatiewe waarde gekyk. Die plek van die illustreerder (kunstenaar) wat deur middel van sy illustrasie (kunswerk) 'n boodskap aan die kind oordra is ook hier van belang.

1.6.1 Kunswaardering

Die begrippe *kunswaardering* en *kunskritiek* is dikwels ter sprake by die bespreking van kunswerke en behoort omskryf te word om dubbelsinnigheid te voorkom.

Die HAT (1979 : 482) definieer *kritiek* soos volg: "1. Beoordeling, byvoorbeeld van die waarde van voortbrengsels van kuns en wetenskap", "2. Afkeurende uiting, opsomming van gebreke" en "3. Kuns om artistieke werk te beoordeel". Die begrip *beoordeel* word hierin ook gedefinieer as

waardebepaling. Die begrip *waardeer* word deur die HAT (1979 : 1037) gedefinieer as: "1. die waarde bepaal, takseer," "2. op prys stel, ten volle geniet en begryp", en *waarde* word omskryf as "Hoedanigheid wat iets wenslik of nuttig maak, betekenis gee deur gehalte". *Kunskritiek* en *kunswaardering* kan dus as sinonieme terme gebruik word ten opsigte van die waardebepaling van 'n kunswerk. Kuijers (1983 : 2) omskryf egter *kunswaardering* as bloot die persoonlike belewing van 'n kunswerk en daardie persoon se waarde-oordeel oor die bepaalde kunswerk.

Hy omskryf *kunskritiek* daarenteen, as fokus op die norme wat vir kuns geld vir 'n bepaalde tyd en lokaliteit. Die waardebepaling word aan die hand van norme gedoen en hou verband met evaluering as metodiese stap in kunswerkondersoek (Kuijers, 1986 : 54). Uit hierdie omskrywing blyk dit dat kunswaardering dus ook kan plaasvind sonder historiese bewustheid, kennis van materiale en tegnieke en sonder insig in kunswilosophiese en -teoretiese kwessies.

Hoewel Feldman (1987 : 471-494) die term *kunswaardering* gebruik, is daar tog sprake van 'n bewuste beskrywing, ontleding, interpretasie en evaluering wat deur *kunskritiek* geïmpliseer word. Hierdie omskrywing pas in by die navorser se beredenering van die probleemstelling en word daarom as voorbeeld van die teorie van kunskritiek bespreek. Feldman sowel as Kleinbauer (1989 : 4) omskryf *kunswaardering* as 'n aktiwiteit wat gerig is op die beskrywing, formele ontleding, interpretasie en evaluering van 'n kunswerk. As doel van *kunswaardering* word genoem die verstaan van die kunswerk, maar as 'n volgende gelykstaande doel noem Feldman (1987 : 453) ook die put van plesier of genot uit die kunswerk. Dit sluit dus aan by die definisie van die HAT, wat *waardeer* as proses sien om iets te geniet en te begryp.

Kleinbauer (1989 : 37) verdeel die verskillende benaderings tot visuele kunste in intrinsieke en ekstrasieke perspektiewe. Die intrinsieke benadering hou verband met die beskrywing en ontleding van die inherente waardes van 'n kunswerk soos medium, tegniek en datering. Vanuit 'n ekstrasieke oogpunt word gekonsentreer op die aspekte rakende die kunswerk soos historiese, maatskaplike en kulturele omstandighede van die tydperk waarin die kunswerk geskep is. Panofsky (1970 : 66) se kunshistoriese model van ikonologiese en ikonografiese aspekte sluit veral aan by die intrinsieke benadering tot kuns. Aangesien die waarde van die kinderboek as kunswerk ter sprake is, word ook aan ander soorte kunswaardering aandag gegee.

'n Ander kunskritikus, Knobler (1971 : 7-14), is van mening dat die kunswaardeerder 'n positiewe ingesteldheid teenoor die kunsubjek moet hê. Hy moet met aandag daarna kyk en begryp wat hy sien en ervaar. Hierdie ingesteldheid geld vir enige tipe kuns.

Daar is soveel verskillende soorte kuns dat nie net één teorie voldoende is by die evaluering van kuns nie. Martin en Jacobus (1991 : 17-46) gebruik twee metodes om 'n voorwerp as kunswerk te identifiseer. Volgens hulle word konseptuele identifisering van kuns gebaseer op algemeen aanvaarde kriteria, naamlik of die voorwerp of gebeurtenis deur 'n aanvaarde kunstenaar geskep is, of dit die doel

van die kunstenaar was om 'n kunswerk te skep en of bekende gesaghebbendes ooreengekom het dat dit wel 'n kunswerk is. Die verantwoordelikheid van hierdie metode word deur Martin en Jacobus self as twyfelagtig bestempel omdat dit gebaseer word op inligting wat nie gereedelik beskikbaar is nie. Perseptuele identifisering van 'n kunswerk is 'n meer aanvaarbare metode, aangesien dit gebaseer is op die vorm, inhoud en onderwerp van 'n bepaalde voorwerp of gebeurtenis. Die drie veranderlikes hou almal verband met elke individu se persepsie van hóé ons 'n kunswerk aanvaar, naamlik ons betrokkenheid by 'n voorwerp/gebeurtenis. Dit sluit aan by Knobler se siening asook by Kleinbauer se benadering ten opsigte van intrinsieke perspektiewe. Geen kritiek is sonder meer aanvaarbaar nie en kunswaarde word beredeneer. Feldman het 'n meer uitgebreide beskrywing van kunswaardering. So onderskei ook Feldman (1987 : 457-460) verskillende tipes kunswaardering soos joernalistieke waardering, pedagogiese waardering, skoolse waardering en populêre waardering. Populêre waardering is die mees universele vorm van kunswaardering en word deur enige persoon gedoen wat 'n kunswerk geniet en verstaan of dit verwerp. Hierdie tipe kunswaardering sou vir 'n verskeidenheid kunsvorme kon geld, byvoorbeeld toneel of musiek, maar die verskil van die ander genoemde tipes waardering is geleë in die metode van evaluering. Die doel van hierdie studie is om tot 'n waardebeplanning van kinderboekillustrasies te kom en hou dus ook verband met die genot en begrip daarvan. Die aktiwiteit van beskrywing, formele ontleding, interpretasie en evaluering is egter ook van belang om die waarde van die kinderboekillustrasie te bepaal, en daarom word die skoolse benadering betrek.

Die skoolse waardering is ontleding, interpretasie en evaluering wat op akademiese objektiwiteit gebaseer is en daarom van belang is vir hierdie ondersoek (Feldman, 1987 : 458).

Kunswaardering word deur individue vanuit hul eie oogpunt gedoen en hierdie verskeidenheid benaderings word ook deur Feldman (1987 : 460-470) saamgevat. Hy identifiseer verskeie soortekritiese menings in verband met kunswaardering:

- *Formalisme*, waar voortreflikheid in die visuele samestelling van estetiese vormtaalaspekte geleë is. Die belangrikste aspek in die kunswerk waaruit die waardeerder sy plesier put, is vorm.
- *Ekspressiwiteit* beteken volgens Feldman (1987 : 464) dat voortreflikheid tot uiting kom in die vermoë van die kunswerk om idees en gevoelens op 'n intense en duidelike manier te kommunikeer. "Children's art offers a good example of what expressivist critics admire" (Feldman, 1987 : 461). Dit word algemeen aanvaar dat alle kuns, ongeag die styl, idees of gevoelens kommunikeer. Die ekspressiwiteit hou egter verband met die intensiteit en onmiddellikheid van die kunswerk.
- *Instrumentalisme* hou in dat kuns ervaar word as 'n instrument om morele, godsdienstige, politieke en ekonomiese doelwitte te bevorder. Voortreflikheid is dan geleë in die gevolge

van die idees en gevoelens wat in die kunswerk uitgedruk word. Hierdie benadering is gefundeer in 'n ontleding van artistieke kreatiwiteit en erken dus die moontlikheid dat kuns wat vir doelwitte buite die kunswerk geskep is, tog waardeer kan word om hul formele en ekspressiewe kwaliteite. Instrumentalste is egter totaal verbind tot die idee dat doel en motivering nie geskei kan word nie en estetiese waarde bestaan dus nie onafhanklik nie, maar slegs wanneer die doelwitte daarvan in ag geneem word.

Die menings wat Feldman identifiseer, sou ook vir die verskeidenheid benaderings ten opsigte van die kunswaar de van kinderboekillustrasies kan geld in dié opsig dat vorm 'n belangrike element in die benaderings is om idees en gevoelens oor te dra. Idees en gevoelens word intens deur die kunswerk gekommunikeer en moet die waardeerder op 'n spesifieke wyse beïnvloed. Beide hierdie aspekte wat vir kunswerke in die algemeen geld, kan ook op kinderboekillustrasies van toepassing wees. Martin en Jacobus (1991 : 23-44) se bespreking van die verhouding tussen vorm, inhoud en onderwerp is ook hier ter sprake. Alle voorwerpe of gebeure het vorm. Die aspek wat dit as kunsvoorwerp onderskei, is die feit dat die dele daarvan perseptuele eenheid vorm. Verskillende elemente, soos lyn, kleur en tekstuur, is vir maksimum trefkrag gestruktureer. Hulle redeneer verder dat die strukturele (makro) en teksturele (mikro) elemente in 'n herkenbare verhouding tot mekaar geplaas word. Verder kan vorm ook deelname bewerkstellig. Die omlýning laat die kyker by die kunswerk in. "Artistic form somehow goes beyond itself, somehow refers to objects and events from the world beyond the design." (Martin & Jacobus, 1991 : 25.)

Die vorm gee inligting omtrent die inhoud of betekenis van die kunswerk. "Content is the meaning of artistic form" (Martin & Jacobus, 1991 : 28). Die idee en die afbeelding is 'n eenheid, naamlik inhoud. Dekoratiwew vorm het geen inhoud nie; die funksie daarvan is om toepaslik te wees. Deur middel van deelname word insig in vorm en inhoud verkry.

Inhoud is reeds omskryf met die betekenis van 'n kunswerk. Die vorm bevat die inhoud en dra dus betekenis oor. Dié onderwerp hou verband met dit waaroor die kunswerk gaan. Dit lê waardes bloot wat verband hou met menslike belangstellings. Die inhoud is die geïnterpreteerde onderwerp soos dit gestalte kry in die vorm, terwyl die onderwerp die waarde is wat waargeneem word voor kunsinterpretrasie.

Die subjek is onderliggend aan die skeppende aktiwiteit van die kunstenaar. Hy het doelbewus of intuïtief 'n bepaalde tydsgees onthul. Die aspek van deelname vind plaas wanneer die kunswerk bydra tot die kennis/verstaan van waardes - dit is 'n persoonlike ervaring.

Die uiteindelijke toets vir die identifisering van 'n kunswerk is hoe elke individu daarop reageer - wat dit aan jou doen. Met betrokkenheid verander jou lewenshouding. In die verloop van die studie sal dit duidelik gemaak word hoe vorm gebruik word om idees en gevoelens in kinderboekillustrasies oor te dra.

Uit die beredenering van die begrip kunswaardering blyk dit dat die kunswaardeerder se uitgangspunt bepaal word deur sy begrip van kuns en kunswerke, sowel as van sy positiewe ingesteldheid.

Vir die doel van latere ondersoek na kriteria en die evaluering van die gekose kinderboekillustrateurs word die begrip *kunswaardering* hier gedefinieer as die aktiwiteit wat gerig is op die geniet en begryp van 'n kunswerk deur te beskryf, analiseer, interpreteer en te evalueer. Hierdie aktiwiteit word gegrond op akademiese objektiwiteit ter wille van die wetenskaplikheid van hierdie navorsing. Hoewel die kind hoofsaaklik populêre waardering ervaar, kan ontwikkeling van sy kunswaardering deur die skoolse benadering, soos deur Feldman beskryf, verryk word. Die mate waarin die kind genot uit 'n kunswerk kan put sowel as die moontlikhede van begrip om genot verder te verhoog, is ter sprake in hierdie studie.

1.6.2 Kunswerk

Om die begrip *kunswerk* te definieer, moet die woord *kuns* eers gedefinieer word, aangesien uiteenlopende interpretasies daarvan moontlik is.

Volgens Feldman (1985 : 3-12) begin elke bespreking rakende kuns met die vraag: "Wat is kuns". Volgens hom definieer elke persoon dié begrip sodat dit die terrein afbaken wat ter sake is. Hy klassifiseer kuns binne velde. Eerstens is representasie en kommunikasie onder bespreking. Dan volg die aspek rakende vaardigheid en in die derde plek die rol wat tegnologie in die skep van kunswerke speel. Al hierdie sake is ook van belang by die kinderboekillustrasie en sluit aan by enkele algemene omskrywings van kuns.

Die HAT (1979 : 625) definieer *kuns* as 'n "vaardigheid, bekwaamheid" of "besondere slag of gawe om iets te doen of tot stand te bring" of "behendigheid, handeling waarvoor 'n besondere slag nodig is" of die "vermoë om wat in die gees lewe op so 'n wyse tot uitdrukking te bring dat dit ontroer, meesleep". Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1972 : 473) voeg hierby: kuns is die "vaardigheid of bekwaamheid om skoonheid te skep en die estetiese gevoel te stimuleer; kunswerk deur mense voortbring".

Martin en Jacobus (1991 : 44-45) omskryf 'n kunswerk as bestaande uit vorm-inhoud. Die kunsvorm interpreteer en verduidelik 'n onderwerp. Laasgenoemde is slegs 'n suggestie. Die interpretasie van die subjek is die betekenis (inhoud) van die kunswerk. Vorm en inhoud word volgens Feldman deur middel van ontleding van mekaar onderskei. Deur deelname word kontak bewerkstellig met die vorm-inhoud. Deelname, vorm, inhoud en onderwerp is riglyne wat dien as hulpmiddel om 'n kunswerk te identifiseer. Ander riglyne is ook moontlik.

Kunsskepping is dus 'n menslike aktiwiteit waar idees en gevoelens tot uitdrukking kom in 'n vorm wat estetiese gevoel stimuleer. Hierdie vaardigheid of bekwaamheid kan as uitdrukkingsvorm beleef word deur die waarnemer (vergelyk ook Elsen (1967 : 18) en Martin en Jacobus (1991 : 17-46)). Die

estetiese kwaliteit word ook deur Kuijers (1983 : 4) en Read (1968 : 23-24) beklemtoon. Kuijers beredeneer die sienings van enkele Reformatoriese filosowe - hul siening ten opsigte van kuns. Hy kom tot die gevolgtrekking dat *kunswerke* mensgemaakte voorwerpe is, maar met estetiese betekenis (Kuijers, 1983 : 5). Kuijers (1983 : 7) verduidelik op die volgende wyse die begrip *kuns* deur dit met die begrip versinnebeelding te omskryf:

- *Sinne*: wetmatighede word gepositiveer en die aksie lei tot 'n handeling of voorwerp of beide, wat sintuiglik waarneembaar is;
- *beeld*: deur voorstelling van gekose motiewe en tema word aan 'n bepaalde idee vorm gegee;
- *verbeelding*: die onderbewuste van die kunstenaar en kunswaardeerder word aangespreek;
- *versinnebeelding*: verbeeldingryke simboolvergestalting, sintuiglik waarneembaar en self tot simbool "verhef". Hierdie versinnebeelding vind plaas binne 'n bepaalde tyd en lokaliteit. Die kunstenaar word geïnspireer en beïnvloed deur omgewingsfaktore wanneer hy kuns beoefen. Die mate waarin die kinderboekillustrateur geïnspireer en beïnvloed word deur omgewingsfaktore wanneer hy kuns beoefen, is van belang by die vaslê van die estetiese boodskap in die illustrasie. Die kind as kunswaardeerder kan hierdie boodskap verstaan of by hom laat verbygaan, omdat hy dit nie verstaan nie.

Die essensie van kuns word opgesom in die gevolgtrekkings waartoe Argan (1959 : 765) kom: "From these premises are derived some general conclusions: (1) Although every artistic object is the product of a technical process, technical mastery is not sufficient to guarantee the artistic value of the result. (2) Even with a definite artistic intention and correct technique, the artistry of the result is still uncertain; hence the tendency to view it as determined by imponderable factors or by factors which escape the normal modes of behavior control (fantasy, ecstasy, dream, etc.) and which affect the creative process by diverting it from accepted techniques. (3) Artistic value can be estimated only in the finished work and through a personal judgment. Thus it can be stated that artistic value exists, in the practical sense, only in the esthetic judgment which recognizes it."

Só gesien bestaan 'n kunswerk as sodanig in die wêreld van die waardeerder wat dit erken as kunswerk. Om die beslissing ten opsigte van die waarde van 'n objek te maak, word die waarde van die proses wat deur die kunstenaar gevolg word om die kunswerk gestalte te laat kry, ook beoordeel.

"Judged strictly by its products, art may therefore be considered as a way of human behavior which uses pre-existing techniques but goes beyond these, creating values which are no longer technical, but esthetic. Such values are typically qualitative, since they always spring from an innovation of the creative process and not from repetition, consequently they differ from the quantitative economic or utilitarian production." (Argan, 1959 : 766.)

Die omskrywing van kuns kan vir die doel van hierdie studie saamgevat word met Argan se beredenering oor kuns in gedagte. Die voorwerp wat deur menslike handeling tot stand gekom het en waarop daar reaksie kan plaasvind, kan as 'n kunswerk beskou word. Dit is belangrik dat die universele kommunikatiewe moontlikhede van 'n kunswerk benadruk word (Knobler, 1971 : 89). Die idees en gevoelens behoort met besondere vaardigheid vergestalt te word in 'n vorm wat funksionele sowel as estetiese waarde besit. Estetiese waarde is kwalitatief en nie kwantitatief nie. Hierdie studie is dus kwalitatief en om die wetenskaplikheid daarvan te ondersteun, word dit op akademiese argumente gefundeer.

1.6.3 Kunstenaar

'n *Kunstenaar* word gedefinieer as "iemand wat die vermoë het om kunswerke te skep". (HAT, 1979 : 626.) Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1972 : 474) voeg daarby dat 'n kunstenaar iemand is "wat die skone kunste beoefen, arties, iemand wat in sy vak uitmunt". Vergelyk ook Kuijers (1983 : 14-15). Feldman (1985 : 12-19) beskou die kunstenaar as die persoon agter die kunswerk wat deur die volgende determinante beïnvloed word:

- Die persoon se lewens- en wêreldbeskouing;
- die persoonlikheid van die kunstenaar; en
- sy/haar kunsbesef.

Die kunstenaar hou hom dus besig met artistieke aktiwiteit en is betrokke by die proses om met sy besondere vaardigheid kunswerke tot stand te bring. Hierdie begrip is daarom nie tot die beeldende kunste beperk nie en dit sou ook byvoorbeeld van toepassing kon wees op die uitvoerende kunste. Die skeppingsdaad van die kunstenaar is daarin geleë dat idees en gevoelens deur middel van 'n bepaalde medium vergestalt word, hetsy toneel, musiek of skilderye.

In hierdie aktiwiteit is daar invloede wat die kunstenaar se uitdrukkingswyse kan bepaal, byvoorbeeld lewenstandaard en politieke, morele en godsdienstige oortuigings, wat die proses wat die kunstenaar volg om 'n kunswerk gestalte te laat kry, beïnvloed.

1.6.4 Illustrasie

Die begrip *illustrasie* dui op die gevolg van die handeling van illustreer of die maak van afbeeldings. Volgens die HAT (1979 : 431) is 'n *illustrasie* "die afbeelding of plaat (prent of tekening) in 'n boek of tydskrif". Baldinger (1960 : 243) omskryf *illustrasie* as die kuns om afbeeldings te maak ten einde 'n verhaal te verryk. Hy gaan verder deur die illustrasie as tekenkuns te omskryf: "Illustrating is based on the art of drawing, the defining or drawing out into existence, on a flat surface, a representation of objects or phenomena existent apart from the picture itself. Drawing is employed

to make sketches, studies and finished pictures. In the third category, as ends in themselves, drawings function as the art of illustrating, but this art nonetheless depends on a text for its motives and reason for existence" (Baldinger, 1960 : 243).

Baldinger sien tekenkuns dus as grondliggend tot illustrasie en die moontlikheid word genoem dat illustrasiekuns wel bestaan, maar dié kuns is steeds afhanklik van die teks vir die motiewe en bestaansrede van die kunswerk. Hierdie beskouing sluit aan by die instrumentalisme as denkrigting. Hierdie denkrigting is verbind tot die idee dat doel en motivering nie geskei kan word nie en dat estetiese waarde nie onafhanklik kan bestaan nie. Hierdie argument word nie gevolg vir die doel van hierdie studie nie. Hier word hoofsaaklik gepoog om die waarde van die kinderboekillustrasie as kunstenaar te bepaal, en gevolglik in watter mate die kinderboekillustrasie ook selfstandig kan bestaan om estetiese beleving moontlik te maak. Dit steun meer op die ekspressiewe benadering. Die funksionele en estetiese waarde van die illustrasie word in hierdie studie bepaal. Dit is dus tog van belang om die funksie van die illustrasie in die kinderboek nader te omskryf.

Die doel van illustrasie word deur Dooley (1980 : 108) gestel as die skakel tussen die werklikheid en die wêreld van die boek of verhaal. Marshall (1988 : 195) stel agt moontlike doelwitte van illustrasies in boeke, naamlik:

- Om die bladsye te versier as deel van die totale boekontwerp;
- om die teks te verryk;
- om die teks te interpreteer;
- om die visuele persepsie van die inhoud van die boek te verhoog;
- om by te dra tot die visuele onderskeidingsvermoë;
- om visuele inligting te verskaf;
- om vrese wat nie in woorde uitgedruk word nie, visueel voor te stel; en
- om die verhaal te vertel (in boeke met of sonder teks).

Dit word verder deur Marshall gestel dat indien bogenoemde doelwitte bereik word, estetiese waardering kan plaasvind. Hier word aanvaar dat die visueel-estetiese aspek aangespreek word.

Uit die doelwitte gestel deur Dooley en Marshall kom die ekstra dimensie wat die illustreerder tot die teks bydra, soos in die inleiding van hierdie hoofstuk genoem, weer na vore. Marshall stel verder dat estetiese beleving deur die illustrasie moontlik gemaak word. In hierdie studie gaan dit om die moontlikhede waarmee visuele persepsie verhoog kan word, die mate waarin die illustrasie 'n bydrae

lewer ten opsigte van visuele onderskeidingvermoë en in watter mate die illustrasie visuele inligting aan die kind oordra. Die afleiding word gemaak dat, hoe duideliker hierdie visuele aspekte na vore kom in die kinderboek, hoe sterker sal die illustrasie as kunswerk figureer.

Marshall (1988 : 195-196) noem dat die metode waarvolgens die doelwitte bereik kan word, faktore behels soos:

- Grafiese styl van die kunstenaar. Dit sluit byvoorbeeld medium, lyn, kleur en tegniek in;
- simpatie met die teks; die verband met atmosfeer, kleur, historiese periode en emosie van die teks word deur middel van onder meer lyn, kleur en inhoud van die illustrasie verkry;
- interpretasie van die teks en bydrae tot die waarnemer se kennis en visuele persepsie is geleë in die inhoud van die illustrasie;
- relevansie tot die kind se persepsie en ondervinding;
- bladsy-uitleg van die illustrasie in verhouding tot die teks. Die illustrasie hoort op dieselfde bladsy as die teks waarna dit verwys. Die logiese plasing van die illustrasie op die bladsy en aansluiting daarvan by die leesbaarheid van die teks;
- uitleg van die illustrasie en teks behoort aan ontwerpstandaarde te voldoen; en
- kleurgebruik behoort toepaslik te wees vir die atmosfeer van die verhaal, aangesien kleur informatiewe waarde het.

Bogenoemde metodes is van belang in sover dit illustrasie as grafiese kunsvorm onderskei. As gevolg van die ontwikkeling op tegnologiese en artistieke gebied ten opsigte van reproduksietegnieke en die verandering in die benadering van grafiese kunstenaars, word die estetiese waarde van grafiese kuns nader aan dié van die skone kunste gebring. Dit het tot gevolg dat die term *illustrasiekuns* toenemend gebruik word. Die faktore wat Marshall noem ten opsigte van die kunstenaar se bydrae tot die waarnemer se genot en begrip van die illustrasie, is hier van belang. Die illustrasie word op 'n bepaalde manier aangebied om idees en gevoelens in visuele vorm gestalte te gee in 'n vorm wat deur die kind of watter ander persoon ook al daarna kyk, raakgesien en verstaan word.

Dooley (1980 : 109) beskou *kinderboekillustrasies* as die hoofstroom in illustrasiekuns. Die begrip *kinderboekillustrasies* word dus gebruik om afbeeldings in boeke vir 'n bepaalde teikengroep, naamlik die kind, te beskryf. Die waarde van *kinderboekillustrasies* as draers van die boodskap van die illustreerder asook in watter mate dit die idee van die skrywer weergee, word behandel wanneer die illustreerder as kommunikeerder bespreek word. Die prenteboekillustrasie word vir die doel van die studie by die begrip *kinderboekillustrasie* ingesluit, aangesien die teikengroep in beide gevalle die kind is en dit in die studie uitsluitlik om die waardering van die illustrasies in boeke vir kinders

gaan. Die kind as kunswaardeerder beskou die illustrasie vanuit sy eie leef- en ervaringswêreld. Dus is die kind as teikengroep ook van belang vir die illustreerder. Volgens Marshall (1988 : 203) is daar kenmerkende temas vir prentboeke soos sprokies, volksfantasie- en diereverhale, werklikheid en verbeeldingsvlugte, sosiale situasies by die huis, skool, omgewing en menseverhoudings binne die gesin en daarbuite. Hierdie inhoud van prentboeke is ook van belang by die algemene opvatting oor die aard van kinderboeke en dié kenmerkende inhoud hou verband met die behoeftes en belangstellings van die kind soos gedefinieer vir hierdie studie. Die kind as ontvanger van die estetiese boodskap word mettertyd bespreek.

Die beredenering rondom die begrip illustrasie word vervolgens saamgevat en die gebruik daarvan binne hierdie studie word aangetoon. *Illustrasie* kan omskryf word as die verskynsel van die samestelling van grafiese elemente om 'n bepaalde idee en gevoel uit te beeld deur die inhoud van die illustrasie. Die inhoud of boodskap van die illustrasie sal meer sigbaar wees as die idee van die illustreerder en die grafiese elemente wat hy gebruik, mekaar ondersteun. Kinderboekillustrasies en illustrasies in ander boeke stem ooreen wat doelwitte en die metode van bereiking van hierdie doelwitte betref, maar eersgenoemde is op 'n spesifieke teikengroep gerig. Die skepper van die illustrasie, naamlik die illustreerder en meer spesifiek die kinderboekillustreerder, is sentraal vir die doel van hierdie studie.

1.6.5 Illustreerder

'n *Illustreerder* is "'n persoon wat afbeeldings maak" (Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 1972 : 319). Hy word binne die konteks van die grafiese kuns geplaas en word dus beskou as 'n persoon wat 'n idee of gevoel met bepaalde grafiese elemente weergee om 'n boodskap aan die waarnemer oor te dra. Die illustreerder kan ook gesien word as deel van 'n span wat saamwerk om die gedrukte produk te voltooi, aangesien die oorspronklike illustrasie selde deur 'n waarnemer geëvalueer kan word. Dit skakel ook met Feldman (1985 : 16) se beskrywing van kunstenaars as onder andere individue of spanne. Selfs bekende erkende kunstenaars soos Tintoretto, Rubens en Bernini het werk van uitstaande gehalte gelewer met die hulp van familie, assistente en andere. In die geval van die kinderboekillustrasie bestaan hierdie span uit die skrywer, illustreerder en persone wat by die tegniese aspekte van die drukproses van die boek betrokke is. Die illustrasie word met ander woorde, nadat dit deur die illustreerder voltooi is, eers deur die drukproses vermenigvuldig voordat dit deur die kind gewaardeer kan word.

Vir die doel van hierdie studie word die illustreerder beskou as iemand wat 'n idee of gevoel in 'n bepaalde boodskap of inhoud weergee met behulp van grafiese elemente soos vorm, lyn en kleur.

Die kinderboekillustreerder word binne die omskrywing van die illustreerder geplaas om te bepaal in watter mate die idee of gevoel wat in die kinderboekillustrasie weergegee word, sy eie is. Dié visuele weergawe is 'n ekstra dimensie en van groot betekenis by die inhoud van die kinderboek en die kind se

estetiese beleving daarvan. Dit sluit aan by die beperkende faktore in die skeppingsproses. Kan die illustreerder van die kinderboek beskou word as kunstenaar ten spyte van die beperkende faktore wat 'n rol speel in die skeppingsproses van die illustrasies? Dit gaan by kunsskepping om 'n estetiese boodskap en die visueel-estetiese boodskap is van belang vir hierdie studie.

Die moontlikheid van estetiese beleving van die kinderboekillustrasie word as sentraal teoretiese stelling genoem en daarom behoort dit as begrip omskryf te word.

1.6.6 Estetiese beleving

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (1955 : 606) se definiering van die begrip *esteties* is hier van belang omdat daar verskillende beredenerings binne die estetika bestaan van wat as esteties beskou word: "wat betrekking het op die waarneming, beoordeling en waardering van die skone, onderskei van die aangename, sedelike of nuttige"; "gevoelig vir die skone in die kuns of natuur; wat getuig van smaak vir skoonheid; kunssinnig"; "betreffende die suiwer sintuiglike ervaring". Hier is sprake van verskillende vlakke van estetiese beleving en verskil van Rookmaker se omskrywing.

Rookmaker (1968 : 13) omskryf die *estetika* as die wetenskap wat hoofsaaklik gerig is op die grammatika, struktuur en raamwerk waardeur uitdrukking of kommunikasie plaasvind. Die moontlikheid van kommunikasie en die taal wat daarvoor gebruik word, word dus deur hom gestel.

Parsons (1987 : 26) gaan verder en beskou *estetiese beleving* as 'n natuurlike gebeurtenis. Hy onderskei drie stappe van estetiese beleving. Stap een berus op waarneming wanneer suiwer sintuiglike ervaring plaasvind. Dit gaan om die genot of plesier wat uit afbeeldings geput word deur bloot daarna te kyk. In die volgende stap vind beoordeling plaas en word die afbeelding in 'n mate ontleed. Die idee word reeds waargeneem en die kunstenaar of illustreerder word op hierdie vlak beoordeel. Stap drie hou verband met die waardering van die afbeelding en hierin lê die rasionele interpretasie van die idee en evaluering van die inhoud van die illustrasie of kunswerk.

Estetiese beleving hou dus verband met die kunswaardering van 'n objek of afbeelding en hang af van die waardeerder se persepsie van skoonheid. Individue se gevoel vir die estetiese kan verskil. Vir die doel van hierdie studie is die begripsomskrywing van skoonheid slegs van belang in sover dit dui op die genot wat die kind uit die kinderboekillustrasie kan put en word nie hier gelyk gestel aan estetika nie. Die kind waardeur die illustrasie hoofsaaklik op die vlak van genot en beoordeel die illustrasie basies deur dit te verwerp of te geniet. Die potensiaal bestaan egter om dié waardering te verhoog as die visuele taal verstaanbaar is. Hierdie beredenering hou verband met die sentraal teoretiese stelling van hierdie studie dat die kind die estetiese boodskap van die illustrasie beter sal verstaan as hy geleer is om dit te interpreteer.

Om *persepsie van skoonheid* te omskryf, word Argan (1959 : 774) se beredenering as voorbeeld van estetiese waarde hier bespreek. Hy stel die doel van kuns as die bereiking van estetiese waarde en die

ontwikkeling van 'n spesifieke artistieke kultuur in sover die waardes en kultuur funksioneel in die algemene samelewing is. Die kunswerk moet dus 'n bepaalde invloed op die samelewing ten doel hê. Dit is 'n instrumentalistiese benadering tot kunswaardering. Hierdie benadering kan nie sonder meer verwerp word nie, aangesien die kunswerk wel beskou word as voorwerp vir estetiese evaluering. Die benadering maak ook voorsiening vir die moontlikheid dat die doel van die kunswerk en die estetiese kwaliteit daarvan ooreenstem met die doelwitte van die kunstenaar. Aangesien die kunstenaar vir hierdie studie van belang is, word hierdie moontlikheid wat deur Argan erken word, beklemtoon.

Argan (1959 : 802) bespreek die samelewing se evaluering van kuns soos volg: "Society's evaluation of art works. Once completed, a work of art which up to that moment had existed only in the mind of the artist begins to live for the world. It fulfils a specific function, but it is also the object of an esthetic evaluation, it provokes a series of reactions, it exerts influence and undergoes changing fortunes. The evaluation to which it is subject applies above all to its appropriateness for its function and to its esthetic quality - that is, to the interests which should coexist in the intention of the artist. When the judgment is confined to the functional aspect, it is because the esthetic result is considered to be implicit in the practical result; and when the judgment concerns only the esthetic aspect, this is a sign that a definite social function (for example, an educational function) has been ascribed to its esthetic quality as such. The first judgment passed on a work of art is that of the artist; his decision that it requires no further work is at the same time a recognition that it is complete and cannot be improved. That judgment recognizes both its adequacy to its function and its esthetic value; that is, the work is considered to be adapted to a contingent necessity and of a quality superior to the practical demand. This consciousness of a permanent or esthetic value in a work of art designed for an immediate purpose is demonstrated by the fact that the artist himself, while choosing the most appropriate materials and the most rigorous methods of production, nevertheless intended to endow his creation with a value that would outlive the reason for its conception."

Hiermee erken Argan die estetiese waarde in voorwerpe waarvan die praktiese funksie reeds vergete is. Die praktiese doel van die artistieke objek het reeds onduidelik geword. By die kinderboekillustrasie sou die funksie om die teks te verryk, moontlik ook kon vervaag om dan net 'n visueel-estetiese boodskap aan die kind te bevat. Vergelyk in hierdie verband die prenteboek sonder teks.

Die kinderboekillustrasie het dus 'n belangrike rol om te speel in die ontwikkeling van die kind se persepsie van skoonheid. Hierdie eerste kennismaking met die visueel-estetiese boodskap kan die kind se estetiese gevoel prikkel. Benewens Argan se siening kan bygevoeg word dat die estetiese waarde van 'n kunswerk ook geleë is in die stimulering van die mens se estetiese gevoel.

Schaefer-Simmern (1948 : 3-5) toon die belangrikheid aan van die stimulering van die mens se kreatiewe vermoëns. Die stimuleringsmetodes sluit die waardering van kunswerke as estetiese

opvoeding in. Dit sou dus aanvaarbaar wees om te sê dat estetiese belewing deur estetiese opvoeding versterk kan word en dat die genot en begrip van kunswerke daardeur verhoog word. Laasgenoemde aspek beklemtoon die noodsaaklikheid om die kinderboekillustrasie as kunswerk te erken omdat dit dikwels die kind se eerste kennismaking met die visueel-estetiese boodskap is. Dié boodskap word met behulp van spesifieke kodes vasgelê en spreek tot die persoon wat na die illustrasie kyk. Die proses waardeur die visuele boodskap vasgelê word, kan as estetiese vormtaal beskryf word.

1.6.7 Estetiese vormtaal

Kunsskepping kan gesien word as deel van die visuele kommunikasieproses. Die bron of kunstenaar kodeer die boodskap of inhoud van die kunswerk só dat dit vir die bestemming of waardeerder verstaanbaar is. Die kunstenaar maak 'n visuele stelling deur 'n "taal" van estetiese vorm te gebruik. Hierdie kodes wat deur die kunstenaar gebruik word, word as estetiese vormtaal beskryf.

Kuijers (1983 : 28) definieer *estetiese vormtaal* soos volg: "Estetiese vormtaal is die begrip wat gebruik word om aan te dui dat 'n visuele kunswerk oor 'n intrinsieke mededelingsvermoë en terselfdertyd oor 'n dienoooreenkomstige wyse van mededeling beskik."

Estetiese vormtaal bestaan uit twee komponente, naamlik visioenêre en tegniese vormtaalaspekte. Visioenêre vormtaalaspekte kan omskryf word as daardie kommunikatiewe hoedanigheid wat die kunswaardeerder aangaande die motivering vir estetiese kreatiwiteit inlig. Visioenêre vormtaal is 'n vakterm wat volgens Ballot (1991 : 34-35) op die intrinsieke mededelingsvermoë van die kunswerk dui. Dit sluit ook die kunstenaar se esteties verantwoordbare visie van 'n idee in. (Die visioenêre vormtaalaspekte word in die besonder in Hoofstuk 3 bespreek.) Tegniese vormtaalaspekte is daardie kommunikatiewe hoedanighede wat "leesbaar" is in die vorm van uiterlike kwantiteite en kwaliteite soos lyn, kleur, afmetings en balans.

Dit kan beteken dat die kinderboekillustrasie ook net soos die skilderkunswerk, kommunikatiewe waarde het indien dit volgens die betekenis van estetiese vormtaal geëvalueer word. Die estetiese waarde kan ook op hierdie wyse bepaal word, aangesien die kinderboekillustreerder vanuit 'n bepaalde motivering kan werk en 'n idee of gevoel op unieke en oorspronklike wyse kan weergee. Hy doen dit met behulp van tegniese vormtaalaspekte sodat die waarnemer 'n moontlike boodskap kan interpreteer.

Om te bepaal in watter mate die kinderboekillustreerder as bron van 'n estetiese boodskap 'n rol speel en die kind as bestemming daarvan, word hulle in 'n volgende hoofstuk as kommunikeerders bespreek. Aangesien dit van besondere belang is, word die kind as teikengroep van hierdie ondersoek vervolgens omskryf.

1.6.8 Kind

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1972 : 386) definieer die begrip *kind* as: "afkomeling van menslike ouers, jong seun of dogter; jong, onervare persoon" en die HAT (1979 : 553) se definisie lui slegs: "jong onvolwasse menslike wese". Beide definisies is ontoereikend om die kind te omskryf vir die doel van die ondersoek. Gouws (1979 : 147) definieer die kind vanuit 'n psigologiese perspektief as: " 'n Persoon wat nog nie volwassenheid bereik het nie. Die ouderdomsgrense van die kindertydperk is nie definitief vasgelê nie. As beginpunt word soms die geboorte geneem en soms die tweede lewensjaar. As eindpunt word soms die begin van puberteit genoem en soms die einde van adolessensie".

Die begrip *kind* kan dus omskryf word as 'n onvolwasse persoon tussen geboorte tot die einde van adolessensie. Die voorskoolse kind (2-5 jaar) wat nog nie die tegniek van skrifontsyfering bemeester het nie en dus op spraak en visuele waarneming aangewys is om sy ervaringsterrein uit te brei, word by hierdie studie betrek. Die kind in die substanderds (5-8 jaar) kan skriftekens begin ontsyfer, maar verkry kennis hoofsaaklik deur middel van visuele kommunikasie. As gevolg van hierdie eienskap is die kind in die substanderds dus ook hier van belang. Die grondslag van estetiese belewing behoort reeds op hierdie ouderdom aandag te geniet. Die ouer kind het reeds lees- en skryfvermoëns wat hom in staat stel om sy lewensvisie te verbreed.

Ontwikkelingsielkundiges verskaf 'n verskeidenheid omskrywings van die ontwikkelingsfasies van die kind. Uit Sutherland (1981 : 20-36) se beskrywing van bekende teorieë word die volgende afleidings gemaak:

- In die jare voor die kleutertydperk vind veral liggaamlike en motoriese ontwikkeling plaas.
- Kognitiewe en taalontwikkeling, sosialisering en spel is kenmerkend van die voorskoolse kind (2-5 jaar).
- Perseptuele, kreatiewe en estetiese ontwikkeling vind vanaf die derde tot die agtste jaar plaas.
- Die jare ses tot agt word ook gekenmerk deur sosialisering en taalontwikkeling, terwyl die tydperk daarna een is van bestendige ontwikkeling totdat die tydperk van adolessensie in die elfde tot dertiende jaar begin.

Norton (1983 : 6-30) gee 'n breedvoerige uiteensetting van die kind se taal- en persoonlikheidsontwikkeling en sy kognitiewe en sosiale ontwikkeling.

- Voorskools (2-3 jaar): vinnige taalontwikkeling vind plaas. Die kind herken en benoem handeling in prente en identifiseer groot en klein liggaamsdele. Sy persoonlikheid begin ontwikkel. Met ander woorde, die kind begin sy eie identiteit ontwikkel, maar het tog terselfdertyd 'n behoefte aan sekuriteit. Kognitief begin die kind sy omgewing klassifiseer. Hy groepeer voorwerpe en onthou meer as een ding op 'n keer. Sosiaal ontwikkel die kind in hierdie fase in na-apers. Hulle boots aksies en gedrag na en het 'n sterk verbeelding.

(3-4 jaar): Woordeskat brei uit en genot word uit die klank en ritme van taal geput. Verlede tyd word verstaan en taal word gebruik om kennis omtrent hul omgewing in te win. Hul spraak is meer ingewikkeld met meer byvoeglike naamwoorde, bywoorde, voornaamwoorde en voorsetsels. Kinders van hierdie ouderdom het gewoonlik reeds 'n groot mate van eiewaarde. Hulle het steeds 'n groot behoefte aan sekuriteit en onttrek hulself aan onaangename situasies deur probleme te ignoreer of ander te blameer. Hulle begin ook bewus word van hul kulturele erfenis. Op kognitiewe vlak begin die kind die verhouding tussen dinge verstaan op grond van ooreenstemmende kenmerke, byvoorbeeld, kleur, grootte of vorm. Hy sien 'n geheelbeeld met verskillende komponente en verstaan hoe die komponente binne 'n bepaalde ruimte in verhouding tot mekaar staan, byvoorbeeld aantal, hoeveelheid en groter of kleiner. Sosiaal begin hulle om ander mense in ag te neem. Hulle speel graag in 'n groep saam en raak geheg aan ander kinders. Hul gevoelens word uitgedruk aan gesigsuitdrukings.

(4-5 jaar): Taalgebruik is meer abstrak en kinders gebruik grammaties korrekte sinne. Hulle vra baie vrae - waarom en hoe? Op persoonlikheidsvlak is die eie ek baie belangrik en vrese vir die onbekende laat hulle nog beheer oor hul emosies verloor. Hulle het steeds 'n omgewing nodig waarin hulle veilig voel. Kinders onthou meer as twee dinge, soos byvoorbeeld take wat hulle na mekaar moet uitvoer. Hulle kan ook kort stories oorvertel. Abstrakte begrippe soos tyd word vereenvoudig. Die kind begin aggressie vermy en hoewel hy probleme deur kompromie probeer oplos, is hy dikwels baasspelerig en selfgeldend. Die gevolge van reg en verkeerd word begryp, maar hulle sal soms uitdagend optree om reaksie uit te lok. Hulle speel selde alleen maar begin om selfstandig take uit te voer.

(5-6 jaar): Die meeste kinders van hierdie ouderdom gebruik saamgestelde sinne. Voornaamwoorde en werkwoorde word korrek in verlede tyd en hede gebruik. Kinders in dié ouderdomsgroep speel graag toneel en vertel alledaagse gebeure oor. Hulle begin belang stel in die geskrewe woord. In dié ouderdomsgroep is die kinders gewoonlik vriendelik en toegeneë teenoor ander. Hulle is in beheer van hul emosies en ontwikkel

vertroue in ander persone. Tog het hulle soos voorheen steeds warmte en sekuriteit nodig. Voorwerpe word volgens 'n enkele kenmerk, byvoorbeeld kleur, onderskei. Primêre kleure word geïdentifiseer. Hierdie ouderdomsgroep is in staat om nuanses te verstaan - soos minder of meer. Hulle het egter steeds 'n vae begrip van tyd. Vanaf vyf jaar begin kinders meer selfstandig optree en help graag met take. Hulle is beskermend teenoor jonger kinders. Kinders van hierdie ouderdom is trots op hul prestasies. Hulle speel graag buite, geniet uitstappies na bekende en vreemde plekke en verlustig hulle in rollespel en kreatiewe bedrywighede.

- *Substanderds (6-8 jaar):* Taalontwikkeling vind steeds plaas en nuwe woorde word tot hul woordeskat gevoeg. Kinders in hierdie ouderdomsgroep leer lees en wil self lees om hul kundigheid ten toon te stel. Hulle leer skryf en dink hul eie stories uit. Hierdie ouderdomsgroep kan langer aandag gee en geniet daarom ook langer stories. Omdat hierdie al die skoolgaande ouderdom is en gewoonlik met verandering van omgewing gepaard gaan, ondervind die kind meer emosionele skommeling en gespannendheid. Sy persoonlikheid kan dus onstabiel voorkom. Hy probeer egter in hierdie stadium onafhanklikheid van volwassenes nastreef maar het steeds behoefte aan 'n veilige hawe. Wat kognitiewe ontwikkeling betref, grond kinders onder die ouderdom van sewe jaar hul gewoontes op direkte waarneming en doen ervaring op deur ware gebeure. Sosiaal mag kinders in hierdie groep uitdagend teenoor hul ouers optree en nie met jonger kinders in die gesin oor die weg kom nie. Hoewel hulle graag met ander kinders speel, dring hulle daarop aan om eerste te wees. Binne skoolverband hou hulle daarvan om hul onderwysers tevrede te stel en aanvaar gesag. Hulle sit ook vir langer periodes stil en luister na stories. Reg en verkeerd is onbuigbare begrippe. Nou begin hulle ook belang stel in die verskil tussen seuns en meisies.


Die ouderdomsgroep van nege tot twaalf jaar dui op gelykmatige ontwikkeling van al die aspekte waarvan die grondslag reeds in die substanderds gelê is. Die kind behou egter sy individualiteit binne die gewone genoemde algemene kenmerke, maar sal ook sekere kenmerke volgens sy eie ontwikkeling en ervaringsterrein openbaar.

Wanneer die begrip *kind* in hierdie studie gebruik word, dui dit dus hoofsaaklik op 'n onvolwasse persoon tussen die ouderdomme twee tot agt jaar, wat in 'n ontwikkelingsfase is en hoofsaaklik op sinuïglike waarneming aangewys is om sy ervaring uit te brei. Die basis vir kunswaardering en gevolglike estetiese beleving behoort op hierdie ouderdom reeds teenwoordig te wees. Die kind van nege tot twaalf jaar is ook van belang by die waardering van die geïllustreerde kinderboek, maar die grondslag behoort reeds vroeër gelê te wees.

1.6.9 Kommunikasie

Aangesien die boodskap van die kinderboekillustrasie ter sprake is by die estetiese beleving asook by die waardering daarvan, word die begrip *kommunikasie* met spesifiek kinderboeke as teiken, omskryf. Dit is 'n term met veelvuldige gebruike en word om verwarring met betrekking tot hierdie studie uit te skakel, soos volg omskryf. Schramm (1954 : 3-10) verskaf 'n oorsig van die elemente en prosesse wat in kommunikasie voorkom. Die proses van kommunikasie kan as 'n spiraal- of sirkelbeweging beskryf word. Dit kan by wyse van inter- óf intrakommunikasie geskied. Interkommunikasie vind plaas tussen twee of meer persone, byvoorbeeld 'n gesprek tussen twee persone. Intrakommunikasie vind plaas binne 'n enkele persoon, byvoorbeeld wanneer 'n persoon 'n besluit neem en verskillende aspekte teen mekaar opweeg. Volgens 'n eenvoudige skematiese voorstelling word dit soos volg deur Schramm weergegee:

Eenvoudige skematiese voorstelling:



Die bron word beskou as die oorsprong van 'n boodskap en die bestemming as die ontvanger van daardie boodskap. Hy beweer dat die proses van kommunikasie deurgaans konstant bly, maar die metode van kommunikasie kan verskil, afhangende van die kodes wat gebruik word. Hierdie kodes is byvoorbeeld alfabetletters, lyne, kleure, gebare en klanke wat die boodskap oordra en die inhoud van die boodskap vorm.

Huebsch (1990 : 6) identifiseer ses elemente in die kommunikasieproses. Eerstens noem hy die *sender* of *enkodeerder* wat die kommunikasieproses aan die gang sit. Die begrip *kommunikeerder* word ook as sinoniem van sender of enkodeerder gebruik. Die *enkoderingsaksie* word as volgende element genoem en dan die *boodskap* in die derde plek. Die vierde element wat vorm aan die boodskap gee, word die *medium* of *kanaal* genoem. Die medium van die boodskap bestaan uit kodes wat op hul beurt 'n tekensisteem of in hierdie verband die illustrasie vorm. Die vyfde element in die kommunikasieproses is die *terugvoering* of *reaksie* op die boodskap en in die sesde plek word die *dekodeerder* of *ontvanger* wat die boodskap interpreteer en daarop reageer, genoem.

Huebsch (1990 : 5) wys in sy omskrywing van *massakommunikasie* ook op die moontlikheid van onpersoonlike kommunikasie waar daar nie mens-tot-mens kommunikasie is nie, aangesien die kommunikeerders nie in dieselfde ruimtelike situasie is nie. In hierdie geval is daar sprake van 'n tussenganger, byvoorbeeld tydskrifte, boeke, televisie of radio wat massamedia genoem word.

Verder blyk dit dat menslike kommunikasie verbaal of nieverbaal kan wees. Verbale kommunikasie sluit die gesproke of geskrewe woord in en bestaan uit kodes, naamlik klanke of letters, wat gehoor of gelees word. Nieverbale kommunikasie verskil van verbale kommunikasie in die kodes wat gebruik word, byvoorbeeld gebare en tekeninge, met ander woorde die nie-gesproke woord. Nieverbale en verbale kommunikasie kan ooreenstem in betekenis, byvoorbeeld *kopknik* is "Ja". Nieverbale kommunikasie kan ook arbitrêre betekenis hê na gelang van vorige ervaring, byvoorbeeld 'n stewige handdruk dui op 'n sterk persoonlikheid. Laastens kan nieverbale kommunikasie onbewustelik plaasvind, byvoorbeeld as dit reën, neem ek geen sambreel saam nie, omdat ek van reën hou.

Kommunikasie is dus 'n multidimensionele term wat in die algemene omgangstaal verskillend geïnterpreteer word. Om enige misverstand te voorkom, word die interpretasie wat hier ter sake is, omskryf as doelgerigte handeling van kennisgewing en mededeling. Die bron kodeer 'n boodskap met die doel om kennis of inligting aan die bestemming oor te dra en kies daarom sy kodes sodat dit vir die bepaalde bestemming verstaanbaar is. Daar is verskillende metodes om hierdie boodskap oor te dra. Huebsch (1990 : 13) noem byvoorbeeld visuele en mondelinge kommunikasie as kanale waardeur die boodskap oorgedra word. Dit sluit aan by die betoog van nieverbale en verbale kommunikasie.

Die beredenerings van beide Schramm en Huebsch is relevant vir hierdie studie. Die kommunikasieproses soos deur Schramm beskryf, is nie volledig by die bestudering van die kinderboekillustrasie nie. Daar is gewoonlik nie direkte terugvoer van die kind na die illustreerder nie. Hierdie proses is ter sake met betrekking tot die kodeerder van die boodskap, naamlik die illustreerder, en tweedens die kanaal, naamlik die illustrasie. Die kind as ontvanger van die boodskap kry ook aandag.

Die kinderboek kan as massakommunikasie beskou word, aangesien die kommunikasie gewoonlik slegs deur die medium van die kinderboek plaasvind. Hierdie studie sluit ook verder by Huebsch aan in dié opsig dat die illustrasie in die kinderboek visuele kommunikasie is. Om hierdie rede is sy beredenering ook ter sprake.

Die kompleksiteit van die elemente in die kommunikasieproses tussen illustreerder en kind vereis verdere aandag. Daarom word kommunikasie soos dit van toepassing is op hierdie studie, verder in diepte bespreek.

HOOFTUK 2: KOMMUNIKASIE

2.1 INLEIDING

Kommunikasie is van besondere belang waar die kinderboekillustreerder as kunstenaar ter sprake kom. Vanaf die aanvang van hierdie studie word die belangrikheid van visuele kommunikasie beklemtoon. Die probleemstelling rondom die estetiese boodskap impliseer ook kommunikasie. Verder hou een van die doelstellings van hierdie studie in dat die kinderboekillustrasie as kunswerk kommunikatiewe waarde kan hê. Daar is reeds deur middel van die begripsomskrywing duidelikheid verkry rondom die kunswerk as draer van 'n visueel-estetiese boodskap en die kinderboekillustrasie word binne die stroom van die illustrasiekuns geplaas. Estetiese vormtaal word as die medium genoem waarin die kunstenaar of dan kinderboekillustreerder, 'n boodskap vaslê. Hiermee vind die visuele kommunikasie plaas, soos dit in die begripsomskrywing van kommunikasie tussen die kind en die kinderboekillustreerder na vore kom. Die kinderboekillustrasie is die draer van 'n visuele boodskap van die illustreerder na die kind. Die bestudering van die kinderboekillustrasie as draer van 'n boodskap en meer spesifiek 'n estetiese boodskap, noodsaak die beskrywing van kommunikatiewe aspekte met betrekking tot die kinderboekillustrasie.

In die lig van die omskrywing van die kommunikasieproses as handeling deur die illustreerder om die inhoud van 'n boodskap te kodeer en die dekodeering van die inhoud van die boodskap deur die kind, kan kommunikasie met betrekking tot die kinderboekillustrasie soos volg gedefinieer word: kommunikasie is 'n doelgerigte proses waar die illustreerder deur middel van visuele beelde, dit wil sê estetiese vormtaal, 'n boodskap aan die kind oordra.

In die begripsomskrywing is reeds melding gemaak van die tweeledigheid van kommunikasie, naamlik nieverbale en verbale kommunikasie. In die kinderboek word hierdie tweeledigheid gehandhaaf deur teks en voorlesing of spraak as verbale kommunikasie en illustrasie hoofsaaklik as nieverbale kommunikasie. Die kind as ontvanger van die estetiese boodskap word waarskynlik in ag geneem by die vaslê van die boodskap en hy is ook die waardeerder van die kinderboekillustrasies. Die illustreerder is veral van belang, aangesien hy deur middel van nieverbale kommunikasie 'n estetiese boodskap aan die kind oordra, en dit raak die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder.

Die drie elemente in die kommunikasieproses hier ter sprake, is dus die kinderboek, die kind en die kinderboekillustreerder. Die elemente, wat in hierdie volgorde behandel moet word, word vervolgens bespreek.

2.2 KOMMUNIKASIE IN DIE KINDERBOEK

Hoewel dit in hierdie studie oor die illustrasies gaan en dus om nieverbale kommunikasie, is dit ter wille van perspektief op die unieke bydrae van die illustreerder, tog nodig om kortliks na verbale kommunikasie in die kinderboek te verwys. Die teks word soms beskou as 'n meulsteen om die nek van die kinderboekillustreerder se kreatiwiteit. Die idee van die illustrasie word ook deur die verbale kommunikasie geprikkel.

2.2.1 Verbale kommunikasie

In die kinderboek is die teks die gedrukte woord en in die geval van voorlesing kry ons die gesproke woord. Verbale kommunikasie word verkry deur simbole wat georganiseer word om betekenis te hê. Hierdie simbole is skryftekens en verteenwoordig klanke wat in 'n bepaalde volgorde betekenis kry. Dit kan informatief of evokatief wees, met ander woorde feite word in die teks weergegee en gevoel word aan die feite gekoppel deur byvoorbeeld stemtoon en spreektempo by voorlesing. Die atmosfeer van die verbale kommunikasie kan verhoog word deur 'n geslaagde illustrasie. Dit dui op die ekstra bydrae deur die kinderboekillustreerder. As voorbeeld kan *Madeline* deur Ludwig Bemelmans genoem word, waar die twee rye met die enetjie wat anders is, die teks eggo en ook die atmosfeer onderstreep.

Die teks kan by selflees én voorlees ook deur middel van lettertype, leestekens, drukgrootte of drukvlak betekenis oordra. Klein druk kan byvoorbeeld 'n fyn stem, byvoorbeeld 'n muis s'n, oordra, en donker druk kan harde klanke voorstel of ligte druk 'n fluisterstem beteken. Die gebruik van leestekens speel 'n belangrike rol in die teks van 'n kinderboek. Dit bepaal die pousering tussen woorde en sinne, wat kan aandui dat 'n moment in die verhaal verby is, byvoorbeeld na 'n punt gaan die karakter 'n nuwe avontuur aanpak. Die gebruik van ... skep 'n gevoel van afwagting of 'n uitroepteken kan op 'n bevel of angskryg dui.

Die herhaling van teks kommunikeer ook veral met die kind aangesien hy daardeur beter insig in die verhaal kry. Die illustrasie kan ook hierdie herhaling en ritme weerspieël, soos in *Millions of cats* deur Wanda Gág. Die plasing van teks op bepaalde bladsye in aansluiting by die illustrasie is ook van belang, want dit verhoog die vloei en verstaanbaarheid van die verhaal. Dit sal verwarrend wees as 'n sin op die einde van 'n bladsy onderbreek word en op die volgende bladsy voortgaan.

By voorlees is intonasie van belang om betekenis oor te dra. Die karakter word met behulp van stemtoon geïdentifiseer en die storie word só deur die karakters self vertel. Saam met stemtoon bepaal die leestempo en uitspraak ook die atmosfeer van die verhaal. Die voorafgaande bespreking konsentreer op die meer tegniese aspekte van verbale kommunikasie. Dit impliseer nie dat die teks nie ook literêre-estetiese aspekte bevat nie, maar laasgenoemde vorm nie die fokus van dié studie nie.

2.2.2 Nieverbale kommunikasie

Die visuele simbole wat gebruik word om die boodskap oor te dra, is die estetiese vormtaalaspekte, met ander woorde die aspekte rakende die illustreerder en die illustrasie soos lyn, kleur en vorm. Hierdie aspekte word in besonderhede in Hoofstuk 3 bespreek. Aangesien estetiese vormtaal die medium van kommunikasie in die kinderboekillustrasie is, word dit vervolgens in breë trekke behandel. Die doel hiervan is om die plek van die illustrasie as element in die kommunikasieproses aan te dui.

As nieverbale kommunikasie kan die kinderboekillustrasie byvoorbeeld die volgende aan die kind oordra:

- Die *verhouding* tussen mense word aangedui deur byvoorbeeld die plasing van die figure asook die liggaamshouding van die karakters. So sal vriende na aan mekaar geplaas word in die illustrasie, terwyl vyande op verskillende bladsye of met teks tussen die figure geplaas word.
- Uitdrukking van *emosie* kan duidelik in die illustrasie weergegee word, byvoorbeeld gesigsuitdrukking wat blydskap, verbasing of hartseer aandui. Intensiteit van emosie kan deur die liggaamshouding weergegee word, byvoorbeeld arms in die lug gestrek, skouers wat hang of lyf vooroorgebuig.
- Die illustrasie word ook as *aanvulling* tot die teks en by voorlees gebruik en moet daarom by die teks aansluit, byvoorbeeld 'n ryk man kan nie in vaal, verslete klere voorgestel word nie. Atmosfeer word byvoorbeeld ook meer intens as die teks deur die regte kleure en lyne ondersteun word.
- *Rituele en gebruike* in die samelewing word uitgedruk deur middel van die illustrasies, byvoorbeeld die moeder wat kos kook of 'n tuiste skep. Hierdie aspek word onder meer deur middel van kleredrag en handeling van die karakters oorgedra.
- Uniekheid word aan *karakters* gegee deur hulle voor te stel met byvoorbeeld 'n spesifieke persoonlikheid, deur hul voorkoms, die huis waarin hulle woon of deur hulle sosiale optrede.

Die noue verband tussen verbale en nieverbale kommunikasie kan steeds twyfel laat ontstaan of kinderboekillustrasies inderdaad kuns is. Die gebondenheid van die illustrasies aan die teks kan twyfel omtrent die kreatiwiteit van die illustreerder laat ontstaan. In die begripsomskrywing van illustrasie word van die illustrasiekuns melding gemaak. Met die oog op die identifisering van estetiese vormtaalaspekte wat met kuns verband hou, is dit van belang om die kenmerke van illustrasies met behulp van 'n kort literatuurstudie te verkry. Vervolgens blyk dit dat verskillende soorte illustrasies genoem en bespreek kan word. Die indeling daarvan word gedoen op grond van die styl en tegniek

wat die illustreerder gebruik. Snyman (1983 : 127-130) onderskei ter wille van hanteerbaarheid die volgende groepe illustrasies om bepaalde kenmerke aan te toon:

- *Illustrasies met folkloristiese inslag*: eenvoudige vorme, kleure en herhalende kleurpatrone met min skakerings.
- *Realistiese illustrasies*: natuurgetrou en dikwels met groot detail.
- *Impressionistiese illustrasies*: losser vergeleke met realistiese illustrasies. Dit sluit by die kind se fantasiewêreld aan en hy kan meer besonderhede onderskei.
- *Gestileerde illustrasies*: eenvoudig en strak.
- *Abstrakte illustrasies*: nie natuurgetrou.
- *Delikate illustrasies*. (Geen uitbreiding in oorspronklike bron nie.)
- *"Spotprent-illustrasies"*: bewegings of karaktereenskappe of aspekte van die karakter se voorkoms word oorgeaksentueer.

Hoewel sy heelwat voorbeelde noem, is die kenmerke van abstrakte en delikate illustrasies nie duidelik uit bogenoemde bespreking nie, en word daar verder aan ander skrywers se uitsprake ook aandag gegee. Snyman se uiteensetting is onvoldoende vir die bespreking van die estetiese waarde van kinderboekillustrasies in 'n volgende hoofstuk.

Om te bepaal of 'n illustrasie die illustreerder se persepsie kommunikeer, evalueer Lacy (1986b : 39) die estetiese waarde van illustrasie deur dit aan die hand van die volgende stylrigtings te bespreek:

- *Realisme*: 'n presiese weergawe van die onderwerp sonder enige distorsie.
- *Idealisering*: 'n volmaakte voorstelling van die onderwerp.
- *Abstraksie*: manipulasie van die onderwerp in onderafdelings.

Verder tipeer sy enkele style, naamlik:

- *Liniêr*: lyn word beklemtoon;
- *skilderkunstig*: kleur en toonwaarde word beklemtoon;
- *lyne met verf ingevoeg*: kleur en toonwaarde word omlyn;
- *gemengde media*: gebruik van gemengde media soos collage (Lacy, 1986b : 39).

Sy meen artistieke elemente soos lyn, kleur, lig en donker, vorm en ruimte word aangewend om beweging, ritme, herhaling, kontras en variëteit te verkry.

Dit blyk dat Lacy se bespreking van styl eerder 'n bespreking van tegniek is. Realisme, idealisering en abstraksie eerder as styl geld. Die artistieke elemente wat sy noem, is ook die kommunikatiewe elemente van estetiese waarde. Aangesien hierdie elemente belangrik is by die bespreking van die estetiese boodskap van die kinderboekillustrateur, is haar bespreking ter sake vir hierdie studie.

Om aan te sluit by die nieverbale boodskap van die illustrasie, is Cianciolo (1981 : 7) se breedvoerige bespreking van stylrigtings ook hier van belang. Sy bevestig die stellings dat feite, houdings en waardes deur die illustrasies oorgedra kan word, asook dat die boek as geheel vir die kind estetiese waarde inhou.

Cianciolo (1981 : 7-14) bespreek styl as kenmerkend van 'n illustreerder of groep illustreerders en noem ook voorbeelde. Slegs die eienskappe van elke styl is van belang, sodat illustreerders se styl uitgeken kan word.

- *Realisties of verteenwoordigend*: dit is direkte weergawe van die werklikheid. Detail word weergegee soos dit waargeneem is in herkenbare vorms wat in die regte perspektief is.
- *Surrealisties*: dit is droombeelde wat so grafies moontlik weergegee word en wat die verbeelding van lesers stimuleer.
- *Impressionisties*: lig en kleur is kenmerkend om die atmosfeer uit te beeld. Slegs 'n indruk van die werklikheid word gegee eerder as 'n gedetailleerde beskrywing.
- *Ekspressionisties*: dit beeld die illustreerder se gevoelens omtrent die werklikheid op 'n abstrakte wyse uit. Die vorm of struktuur van die voorwerp is van belang.
- *Naïef*: verteenwoordigend van die werklikheid, maar nie realisties nie. Tegnieke aspekte van die realiteit, byvoorbeeld perspektief, word geïgnoreer. Dit is spontaan, opreg en intens.
- *Volkskuns*: dit is 'n breë omskrywing van die uitdrukking van volkskulture. Tipiese tradisies, motiewe, simbole, lyngebruik en kleur word herken, byvoorbeeld Chinese of Afrika-kuns.
- *Strokies*: karikature word op humoristiese wyse uitgebeeld.

As tegnieke noem sy slegs skilderkunstige en grafiese tegnieke.

Uit Cianciolo se bespreking kan afgelei word dat die estetiese waarde van die kinderboekillustrasie geëvalueer word en dat stylrigtings sinvol gegroepeer is. Naïewe illustrasies kan egter ook as

ekspressionisties beskou word. Strokiesprente is eerder grafiese tegniek as stylrigting. Volkskuns verteenwoordig 'n breë indeling en sal verskil volgens kulture.

Die volgende gevolgtrekkings word na aanleiding van die bogenoemde literatuurstudie gemaak. Kinderboekillustrasies kan dus wel gegroepeer word volgens die individuele styl en tegniek van die illustreerder. Hierdie stylkenmerke word verkillend geïnterpreteer deur die drie voorafgaande benaderings. Snyman se weergawe berus bloot op die groepering ter wille van hantering van die illustrasiekuns. Lacy se groepering hou wel verband met die visuele ontdekking en interpretasie van die illustrasie, maar style word gegroepeer op grond van lyn, kleur en toonwaarde as liniêr, skilderkunstig en beelding in gemengde media, terwyl Snyman en Cianciolo styl eerder op grond van die onderwerpsuitbeelding omskryf. Dit is 'n meer aanvaarbare groepering vir hierdie studie. Lacy identifiseer wel realisme, idealisering en abstraksie as style van onderwerpsuitbeelding en kan dié benadering dus ook betrek word by die studie. Cianciolo se groepering en identifisering van kenmerke is meer volledig. Sy sluit Snyman se illustrasies met folkloristiese inslag by volkskuns in, abstrakte illustrasies by ekspressionistiese illustrasies, en idealisering sou by realistiese illustrasies ingeskakel kan word, aangesien die onderwerp in beide gevalle herkenbaar aangebied word.

Vir die doel van hierdie studie word die indelings gestileerde en delikate illustrasie van Snyman geïgnoreer vanweë die vae kenmerke. Volkskuns word ook nie ingesluit nie, omdat dit van kultuur tot kultuur sal verskil en tog as realisties, ekspressionisties of impressionisties gegroepeer kan word. Spotprentillustrasies kan as grafiese tegniek beskou word en word daarom nie in hierdie verband as styl belangrik geag nie. Naïewe illustrasies sou ook as ekspressiewe illustrasie getipeer kan word en word dus nie by styl gegroepeer nie.

Dit blyk dus uit die voorafgaande bespreking van nieverbale kommunikasie dat kommunikasie wel in die kinderboekillustrasie plaasvind deur die simbole soos lyn, kleur en vorm in 'n bepaalde komposisie te gebruik. Die illustreerder kan in 'n kenmerkende styl werk en deur die plasing van illustrasies en karakters en die gebruik van styl en tegniek 'n boodskap aan die kind oordra. Snyman (1983 : 13) definieer byvoorbeeld die prenteboek soos volg: "By die goeie prenteboek is die teks dus woordkuns, die illustrasie is kunswerk in eie reg wat 'n eenheid met die teks vorm en dit ook aanvul, en beide teks en illustrasie spruit uit die beleweniswêreld van die klein kind."

Die mate waarin die kinderboekillustrasie as kuns beskou word, word ook betrek in hierdie studie waar kriteria vir die evaluering van die illustrasies bepaal word.

Aangesien die kind as bestemming van die boodskap van die illustrasie 'n invloed kan hê op die manier waarop die illustreerder die boodskap formuleer, of die illustrasie uitbeeld, word die kind as ontvanger van die boodskap bespreek. Die kind is tog 'n integrale deel van die kommunikasieproses, nie net as ontvanger van die boodskap nie, maar ook as waardeerder van die illustrasies.

2.3 DIE KIND AS KOMMUNIKEERDER

Die kind as kommunikeerder is vir hierdie studie van belang as bestemming in die kommunikasieproses en as invloed op die boodskap van die illustreerder, met ander woorde die kind bepaal die wyse waarop die illustreerder die illustrasie sal uitvoer. Die kind met sy aard, behoeftes, vermoëns en kunsbeleving is 'n belangrike bepalende faktor wat deur die illustreerder in ag geneem word. Die kind is moontlik ook reeds waardeerder en reageer positief of negatief op die illustrasies. Hierdie reaksie impliseer ook deelname aan die kommunikasieproses.

Aangesien kommunikasie vanuit 'n behoefte ontstaan, is dit nodig om die behoefte van die kind te identifiseer. Uit die aard van die belangrike ontwikkelingsfases waardeur die kind gaan, kan slegs 'n algemene behoeftebepaling gedoen word, wat weer op sy beurt van kind tot kind sal verskil.

2.3.1 Behoeftes

'n Aantal behoeftes van die kind word deur middel van 'n literatuurstudie geïdentifiseer.

De Vries (1984 : 40-42) noem ses hunkeringe van die kind in 'n artikel wat handel oor die wyse waarop die kind begryp. Dit word aan die hand van die hunkering of behoefte van die kind verduidelik en die artikel is dus ter sake waar die behoeftes van die kind bespreek word. Hierdie hunkering of behoefte kan 'n invloed hê op die mate waarin die kind die boodskap, wat in die kinderboekillustrasie vasgelê is, kan verstaan en sal dus die mate van die estetiese beleving van die kind beïnvloed.

Die behoeftes wat De Vries identifiseer, is die volgende:

- Die hunkering om aanvaar te word;
- die hunkering na 'n volwassene se teenwoordigheid;
- die hunkering na gesprek of kommunikasie;
- die hunkering na 'n navolgenswaardige voorbeeld;
- die hunkering na simpatieke geslagsleiding;
- die hunkering na meelewing in aktiwiteite en belevinge.

Die hunkering na gesprek of kommunikasie kan as behoefte uitgelik word in hierdie studie, aangesien die kind vanuit hierdie behoefte 'n boodskap in die illustrasie sal soek en hiervolgens die kommunikatiewe waarde van die illustrasie beklemtoon. Die kind reageer op die illustrasie en daar is dus sprake van wederkerige kommunikasie.

Arbuthnot (Sutherland *et al.*, 1981 : 20-25) formuleer die kind se sielkundige behoeftes in haar boek "Children and books" volgens Maslow se hiërargie van behoeftes. Dieselfde indeling word ook deur Pienaar (1968 : 39-43) gebruik en word vervolgens uiteengesit.

2.3.1.1 Die behoefte aan sekuriteit

Hieronder word materiële, emosionele en geestelike sekuriteit verstaan. Materiële sekuriteit is wisselvallig en daarom moet die kind ook bewus wees van geestelike en emosionele sekuriteit. Emosionele sekuriteit word weerspieël in menslike verhoudings, byvoorbeeld binne die familiekring. Geestelike sekuriteit behels die geloof in 'n opperwese. Dit kom tot uiting in die optrede van karakters wat wel gelowig is.

2.3.1.2 Die behoefte om as deel van 'n groep aanvaar te word

Hierdie groep kring vanuit die familiekring na die omgewing, eie ouderdomsgroep, vriendekring, skool, bevolkingsgroep en uiteindelik die mens in wêreldwye verband. Vir die kleuter is die gesin die belangrikste groep en vir die skoolgaande kind is die skool en sy vriende die belangrikste groep.

2.3.1.3 Die behoefte om lief te hê en liefgehê te word (Pienaar, 1968 : 40)

Dié behoefte hang nou saam met emosionele sekuriteit. Sekuriteit bestaan daaruit dat individue baie van mekaar hou. Die kind se eerste ondervinding daarvan is binne sy gesin. Dié ondervinding behoort deur die lees van kinderboeke oorgedra te word. Hieruit kan die kind leer dat liefde saamhang met opoffering ter wille van die geluk van ander.

2.3.1.4 Die behoefte om iets te bereik

Aanvanklik word hierdie behoefte bevredig deur sukses in fisieke aktiwiteite. Snyman (1983 : 131) meld ook dat die begeerte van die kind om fisies groter te wees, deel is van sy ontwikkelingsfasies. Later besef die kind dat sukses in die geestelike en morele sfeer in werklikheid van meer betekenis is (Pienaar, 1968 : 42).

2.3.1.5 Die behoefte aan kennis

Bogenoemde word ook deur Arbuthnot (Sutherland, *et al.*, 1981 : 24) beskryf as intellektuele sekuriteit en dui op 'n behoefte aan inligting.

2.3.1.6 Die behoefte aan die estetiese

Cullinan (1989 : 193-197) bespreek musiek, dans en beweging, letterkunde en beeldende kuns as deel van die estetiese omgewing van die kind. Lowenfeld en Brittain (1975 : 157) noem ook 'n behoefte om te teken wat hierby aansluit. Deur die kuns doen die kind byvoorbeeld kennis op en 'n ander genoemde behoefte word bevredig. Só kan die kind ook ander behoeftes indirek bevredig deur die ervaring van die estetiese. Boeke is dikwels die kind se eerste kennismaking met bogenoemde kunsvorme, en Komnick (1968 :10) bevestig dat dit byvoorbeeld belangrik is dat kinders met verskillende illustrasiestyle in aanraking gebring moet word as kennismaking met visuele kuns. Die inhoud sowel as die tegniese versorging van die kinderboek is hier van belang. Die kinderboek as geheel kan dus 'n estetiese ervaring vir die kind inhou. In hierdie studie gaan dit egter om die kinderboekillustreerder as kunstenaar. Daarom is die illustrasie in die kinderboek van groter belang, want soos Cullinan (1989 : 193) skryf: "Early and continued exposure to the arts lays a firm foundation on which children build an ever spiralling appreciation for the aesthetic world."

2.3.1.7 Die behoefte aan ontspanning

Kinders lees gewoonlik fiksie. In die geval van lees vir ontspanning word oor verskillende onderwerpe gelees. Só kan die kind se lewenservaring uitgebrei word. Al die voorafgestelde behoeftes kan dus spontaan en ongedwonge deur die kind self bevredig word in sy eie verbeeldingswêreld.

Benewens die bogenoemde mag daar ook behoeftes wees wat deur volwassenes as belangrik vir die kind geag word, soos morele, godsdienstige en politieke behoeftes.

Al die genoemde behoeftes kan deur kinderboekillustrasies in ag geneem word, maar vir hierdie studie is dit veral enkeles wat beklemtoon word. Die behoefte aan kennis, wat Arbuthnot en Pienaar identifiseer en wat aansluit by die hunkering na kommunikasie wat De Vries noem, is van belang by die aspek van die kommunikatiewe waarde van die illustrasie. Die behoefte aan die waardering van die estetiese, wat Pienaar na Arbuthnot formuleer, hou direk verband met die kunswaarde van die illustrasie. Hierdie drie behoeftes kan as prikkels vir die kind dien om 'n boodskap en dan ook die estetiese boodskap aan hom moontlik te maak.

2.3.2 Leesbelangstellings

Die kind se leesbelangstellings word bepaal deur sy persoonlike voorkeure, en word onderskei van sy onuitgesproke leesbehoeftes. Sy leesbelangstellings hou verband met die onderwerpe waarvoor die kind verkies om te lees, terwyl die leesbehoefte as aanvanklike motivering om te lees dien. Die voorkeure van die kind kan ook die onderwerpskeuse van die illustreerder beïnvloed wanneer hy die illustrasie saamstel. Verder kan die leesbelangstellings ook 'n invloed hê op die mate waarin die kind aandag aan die kinderboekillustrasie sal gee. Indien die kind se belangstelling gewek is, sal hy/sy

meer ontvanklik wees vir die kommunikatiewe elemente in die illustrasie, en daarom is leesbelangstellings van belang in hierdie studie.

Volgens Pienaar (1968 : 43) luister die kind van 3-5 jaar graag na verhale oor sy onmiddellike omgewing. Marshall (1988 : 216) noem benewens die alledaagse werklikheid van die kind ook diere en speelgoed as belangstelling. Die sin vir humor van die kleuter is direk en hy lag onmiddellik as hy iets geniet. Omdat die kleuter nog nie self kan lees nie, en vanweë sy behoefte aan kommunikasie en menslike nabyheid, is deelname in voorlees van boeke belangrik. Rympies, volksverhale, sprokies en liedjieboeke is gewilde keuses vir voorlees. Dit is opvallend dat hulle herhaaldelik na dieselfde storie wil luister en na dieselfde illustrasies wil kyk (Pienaar, 1968 : 43). Daarom is reeksstories en bekende sprokies so geslaagd.

Kinders van 5-8 jaar se belangstelling brei ook uit na ander kinders, maar die gesin en alledaagse lewe bly belangrik. Omdat hierdie 'n oorgangsperiode is tussen voorlees en selflees, word voorkeur gegee aan bekende sprokies en volksverhale (Marshall, 1988 : 216). Pienaar (1968 : 44) noem ook die belangstelling in masjinerie, waaraan die kind 'n eie persoonlikheid toeken sonder om aandag aan die tegniese besonderhede te gee. Hierdie aspek van vermensliking kom ook voor by hul belangstelling in diere waar beide vermenslikte en werklike diere 'n rol speel. Deur met troeteldiere en speelgoeddiere te identifiseer, projekteer kinders hul eie gevoelens en frustrasies. Marshall (1988 : 217) noem ook dat avontuurverhale by die ouer kind belangrik word en dié belangstelling duur voort tot in sy adolessensiefase.

Samevattend blyk dit dat die kind se leesbelangstellings uit sy algemene behoeftes spruit. Dit word ook bepaal deur wat tuis, by die skool of biblioteek beskikbaar is. Die volwassene speel in die stadium van voorlees ook 'n rol in die keuse van die kinderboek. Daar is dus beperkende faktore betrokke by die voorkeure van die kind.

Kinders van alle ouderdomme bestee al hoe meer tyd aan kommunikasie deur middel van die massamedia soos televisie, video's, rolprente, boeke en tydskrifte. Dit bring mee dat persoonlike kommunikasie van mens tot mens afgeneem het. Dit hou verder in dat kommunikasie deur middel van leesstof belangriker word as in die verlede. As in ag geneem word dat kinderboeke gewoonlik die kind se eerste ontmoeting met "lees" is en dat ander visuele media so vrylik beskikbaar is, moet die belangrikheid van 'n aangename leeservaring besef word. Boeke moet kompeteer met ander massamedia. Uit die aard van hul ongevormdheid is die klein kind baie beïnvloedbaar en kinderboeke het daarom 'n bepalende effek op hulle. Dit is dus belangrik dat hul eerste leeservarings positief sal wees.

2.3.3 Leeservaring

Teen die agtergrond van die behoeftes en belangstellings van die kind, kan sy leeservaring bespreek word. Leeservaring hou verband met die effek wat die kinderboek op hom het. Vir die doel van dié studie is die invloed van die kinderboekillustrasie veral van belang. Die kommunikatiewe waarde van die illustrasie word beklemtoon indien die kind wel ervaring uit die illustrasies put. Die verhouding tussen die kind en die illustreerder, soos dit in die kommunikasieproses na vore kom, word duideliker in die betoog. Die artikel van Lohann (1982 : 15) dien as riglyn vir die bespreking wat volg.

Vier aspekte van die leeservaring word geïdentifiseer. Al vier aspekte raak die illustrasie in die kinderboek. Die kleuter leer eerstens om die verband tussen beelde wat aan mekaar verwant is en op mekaar volg, te sien. Deur herhaling in die illustrasies leer die kind hoe die verhaal verloop. Dit dien 'n geheuesteunende doel. "Die heel klein kind (2-3 jaar) kan in 'n enkele prent 'n hele verhaal sien en elke prent vertel vir hom 'n aparte storie. Hoe groter die kind (4-5 jaar en ouer) hoe meer vorm die prente saam vir hom 'n verhaal" (Lohann, 1982 : 15).

Tweedens word onderskeidingsvermoë ontwikkel. Die regte lewenswaardes, byvoorbeeld positiewe teenoor negatiewe optrede, word deur subtile kleurgebruik voorgestel, soos geel vir vrolikheid. Deur die gebruik van lyn en vorm word hy geleer om reg te kyk, met ander woorde sy oog word deur die illustrasie gelei. Die regte perspektief word ook voorgehou in bekende vorms, byvoorbeeld groot voor en kleiner na agter.

Derdens word die kleuter bewus gemaak van die atmosfeer en dit word veral deur effektiewe illustrasie verkry. Wanneer hy die atmosfeer aanvoel, leer die kind om sy emosies te ervaar en te beheer.

Vierdens word die verbeelding van die kind gestimuleer. As die illustrasies van so 'n aard is dat die verhaal daardeur gevolg kan word, word die verbeelding geprikkel en bied dit meer geleentheid tot individuele interpretasie en vertolking. Die kleuter is van nature 'n skepper (Lohann, 1982 : 15) en kan so optree as medeskepper van die verhaal. Hierdie ervaring is dan ook deel van die kommunikasieproses.

Bogenoemde aspekte hou verband met die probleemstelling van hierdie studie. Die belangrike invloed wat die kinderboekillustreerder op die kind in al sy ontwikkelingsfases (soos omskryf in hierdie studie) het, kom duidelik na vore. Die leeservaring van die kind is ook sterk verbind aan die sentraal teoretiese stellings wat in Hoofstuk 1 voorgehou word. Die illustrasie kan meer geniet word as die kind die visueel-estetiese boodskap beter verstaan. Sy leeservaring word dus deur die illustrasie verhoog. Die suksesvolle kinderboekillustreerder wat met vaardigheid die leeservaring van die kind 'n aangename, stimulerende en verrykende ervaring maak, dra positief by tot sy estetiese beleving. Die illustreerder se kunstenaarskap word hierdeur geraak en dus word die doelstellings van hierdie studie deur die beredenering van die kind se leeservaring ondersteun.

Hoewel die teks van meer belang is vir die kind wat reeds kan lees, moet die waarde daarvan nie onderskat word nie. Die illustrasie blyk egter in 'n groot mate die draer van die boodskap aan die kind te wees. Dit lewer gevolglik 'n belangrike bydrae tot die leeservaring van die kind.

Die feit dat die illustrasie uit lyne, kleure en vorms bestaan, maak dit verstaanbaar vir die kind. Hierdie estetiese elemente speel dus 'n rol in die leeservaring van die kind. Hy druk homself ook reeds in hierdie stadium uit deur te teken. Kunsopvoeding en die mate waarin die kind se kunswaardering ontwikkel is, sal dus ook 'n rol speel in die mate waarin hy die illustrasie ervaar.

2.3.4 Kunsuiting en kunsbeleving

Die kind druk homself reeds op 'n baie vroeë ouderdom visueel uit deur self te teken (vergelyk Lowenfeld & Brittain, 1975 : 57). Die wyse waarop elke kind op die illustrasie gaan reageer, sal saamhang met sy eie kunsuitdrukking en kunsbeleving. Indien die illustrasie 'n rol speel om die leeservaring van die kind te verhoog, kan dit waarskynlik ook estetiese beleving van die illustrasie moontlik maak. Die behoefte aan waardering van die estetiese is reeds aangedui as behoefte van die kind. Daar word gepoog om deur middel van 'n literatuurstudie duidelikheid rondom die kind se kunsuiting en kunsbeleving te kry. Hierdie twee aspekte hou verband met die estetiese beleving van die kind en sy rol in die kommunikasieproses kom daardeur duideliker na vore.

Nel (1984 : 21) bespreek sekere kenmerke van die kind se kunsuitdrukking in die lig van sy kunsopvoeding. Volgens Nel gebruik die kind sy eie kunsskeppinge om dit wat deur sy sintuie waargeneem en ervaar word, te bevestig. Hy brei sy ervaringswêreld deur middel van fantasie uit en gevolglik word die kind se fantasie-wêreld in sy skeppingsaksie geopenbaar. Dit is 'n ongedwonge uitdrukkingswyse. "Die klein kind hoef nie geleer te word om te teken of te verf nie - dis 'n spontane uitdrukkingswyse." (Nel, 1984 : 24.)

Sy noem voorts as tipiese kenmerk van die kind as kunsskepper, dat sy oorspronklike idee dikwels verskil van die finale produk. Dit dui op 'n sterk skeppingsaksie. Wat hy in sy geestesoog sien, is gewoonlik nie wat ons uiteindelik op die papier waarneem nie. Soos Nel is Lowenfeld en Brittain (1975 : 7) van mening dat as die kind ouer word, sy simbole om uitdrukking aan sy ervaringswêreld te gee, ontwikkel. Distorsie en verandering aan die basiese simbool kom dikwels voor om sekere emosionele veranderinge uit te beeld. Die afleiding kan dus gemaak word dat die kind kuns meer spontaan en dinamies ervaar as die volwassene. Hieruit kan ook afgelei word dat die kind se kunswaardering waarskynlik spontaan plaasvind. Die proses van kunsskepping is deel van die uiteindelijke produk.

Parsons (1987 : 27) het navorsing gedoen omtrent die wyse waarop die mens kuns verstaan en noem as eerste stadium die genot van die waarneem van voorwerpe. Deur te kyk en te geniet is die eerste stap

in die estetiese belewing van kuns. Die kind besit wel hierdie vermoë (Parsons, 1987 : 27) en estetiese ontwikkeling vind van hierdie oomblik van genot plaas.

Volgens Cullinan (1989 :197) reageer kinders intuïtief op visuele beelde en spesifiek op die illustrasies in kinderboeke. Hulle waardeer dit spontaan. Die kind hou van 'n illustrasie of hy hou nie daarvan nie. Op die oomblik dat 'n keuse gedoen word, vind waardering reeds plaas.

Voordat die estetiese belewing van die kind verder bespreek word, word twee sake in verband met estetiese persepsie van kinders soos onderskei deur Schwarcz (1982 : 171) verduidelik. Eerstens wek estetiese stimulus aandag as gevolg van emosionele aantreklikheid. Indien die waarnemer besluit hy hou van wat hy sien, word 'n poging aangewend om dit te verstaan of te verklaar. Die tweede aspek, wat ook by kinders van belang is, is byvoorbeeld die verskil tussen die beskouing van 'n afbeelding of natuurtoneel en die waarneem van 'n illustrasie. Enersyds verdien 'n voorwerp aandag ter wille van die selfstandige waarde daarvan, en aan die ander kant is daar die funksionele of die assosiatiewe waarde wat dui op die verhouding van die illustrasie tot die teks. Schwarcz sien die funksionele en assosiatiewe waarneming as ontwikkelingsstap tot die waarneming van selfstandige waarde.

Dit lyk dus asof kinders na afbeeldings, met ander woorde skilderkunswerke, kyk as entiteit, en na illustrasies as aanvulling tot die teks. Hy voel tog dat die waarneming van illustrasies 'n ontwikkelingsproses is om uiteindelik 'n afbeelding as selfstandige entiteit te sien. Die een volg dus op die ander en is 'n belangrike hoeksteen van kunswaardering. Dit sluit aan by Van Heerden se betoog dat die kind geleer word om te lees, te skryf en te teken, maar die verstaan en waardeer van visuele kuns word dikwels agterweë gelaat (Van Heerden, 1989b : 13). Omdat kinders kuns nie verstaan nie, word hulle volwassenes wat ook geen waardering vir visuele kuns het nie.

As ontwikkelingsstap het die kinderboekillustrasie dus wel 'n rol te speel in kunswaardering. Hierdie aspek het ook in die aanloop tot die probleemstelling aandag geniet en word beklemtoon vir die belangrikheid van hierdie studie as geheel.

Soos blyk uit die bespreking, kan die kind spontaan en natuurlik genot uit kuns put en behoort hul estetiese belewing natuurlik plaas te vind en te ontwikkel. Om vas te stel of bogenoemde wel gebeur, word hul voorkeure met betrekking tot kunswerke kortliks uit die literatuur bespreek.

R.W. Pickford, 'n professor in psigologie aan die universiteit van Glasgow, Skotland, doen navorsing oor die visuele estetik en bestudeer bronne wat kinders se estetiese voorkeure verduidelik (Pickford, 1972 : 181-210). Dit blyk dat die kleurvoorkeur van die kind aanvanklik rooi is en later blou vir kinders van ongeveer ses jaar oud. Volgens Pickford verkies ouer kinders kleure in subtiele skakerings. Daar word ook aangetoon dat baie jong kinders se voorkeure met volwassenes se keuses ooreenstem. Vanaf vier tot sewe jaar neem dié ooreenkomste af. Die navorsing toon verskille in kleurvoorkeur volgens ouderdom, geslag en intelligensie. Volgens Pickford (1972 : 196) interpreteer

kunssinnige kinders hul voorkeure in terme van estetiese kenmerke en ander kinders verantwoord hul keuse in terme van algemene, persoonlike en assosiatiewe kenmerke.

Lacy (1986a : 12) meen baie jong kinders verkies realistiese afbeeldings maar ekspressiwiteit is tog ook aanvaarbaar. Volgens haar gebruik kinders artistieke elemente soos volg in hul eie komposisies:

- Figure word omlin ter wille van afbeelding en ruimtelike uitbeelding. Ruimte is andersins plat en figure word gewigloos op die werkoppervlak gerangskik volgens die kind se intuitiewe aanvoeling vir ontwerp.
- Vorms is ruwe afbeeldings van die uitdrukkingssimbole van die kind. Die grootte en vorm is verwronge of volgens rangorde volgens die kind se begrip, en belangrike figure word dus groter geteken.
- Kleure word aanvanklik bloot om die visuele impak geniet, maar later kry die kind kleurvoorkeure.
- Lig-en-donker uitbeeldings is onontwikkel en tekstuur word selde in tweedimensionele afbeeldings gebruik.

Schwarz (1982 : 174) wys op die belangrikheid daarvan dat die kind blootgestel moet word aan realistiese sowel as abstrakte style, en Komnick (1968 : 10) het reeds in 1968 genoem dat die kind aan soveel moontlike styltendense blootgestel moet word.

McCann en Richard (1973 : 122) meen dat kinders genot put uit vaardige en speelse manipulasie van lyn, vorm, kleur en komposisie. Zwicker (1980 : 118) noem ook die belangrikheid van kleur as komponent om genot te verskaf en beklemtoon dat die illustrasie, papier en boek saam met die verhaal genot aan die kind verskaf.

Uit al hierdie menings blyk dit dat die kind genot uit kunsafbeeldings en illustrasies verkry. Sy eie kunsuitdrukking dui daarop dat hy artistieke elemente aanwend om sy komposisies op spontane wyse saam te stel deur sy voorkeurkleure te gebruik en vorms van verskillende grootte op so 'n wyse saam te stel dat dit vir hom sin maak. Dit blyk verder ook dat styl 'n belangrike artistieke komponent is waaraan die kind blootgestel moet word. Hoewel kleiner kinders skynbaar realistiese afbeeldings verkies, toon hul eie afbeeldings 'n verwronge weergawe van die realiteit. Hul eie kunswerke word spontaan uitgevoer. Die feit dat ouer kinders 'n verfynde belewing van kleur ontwikkel en dit ooreenkomste toon met voorkeure van volwassenes, dui daarop dat die kind se sensitiwiteit vir visuele kuns ontwikkel.

Die menings word deur Lacy (1986a : 13) soos volg saamgevat: "Even a very young child can begin to adopt a world view that values other environments aesthetically, emotionally and intellectually."

Spontaneïteit is fundamenteel by kunsuitdrukking en kunsbeleving van die kind. Estetiese beleving vind op die basiese vlak van genot reeds by die voorskoolse kind plaas, en uit Pickford se studie blyk dit dat estetiese sin toeneem namate die kind ouer word. Aangesien die kinderboekillustrasie dikwels die kind se eerste kennismaking met visuele kuns is, kan die moontlikhede om by te dra tot die kind se estetiese ontwikkeling nie onderskat word nie. Die illustreerder wat die kinderboekillustrasie skep, speel 'n belangrike rol in die kunsbeleving van die kind. In die kommunikasieproses is dit die illustreerder wat die estetiese boodskap visualiseer, dit in die illustrasie uitleef en uiteindelik 'n nuwe dimensie tot die geskrewe verhaal bydra. Sy kunstenaarskap lê ook daarin gefundeer dat hy as visuele kommunikeerder sy boodskap suksesvol oordra.

2.4 DIE KINDERBOEKILLUSTREERDER AS KOMMUNIKEERDER

Die kinderboekillustreerder word as kommunikeerder bespreek om sy rol in die kommunikasieproses te verduidelik. Hy kan teks wat hy self geskryf het, illustreer of andersins die inhoud van 'n ander persoon se teks visueel weergee. Die illustrasie hou altyd verband met die teks, maar die illustrasie kan 'n unieke denkbeeld van die illustreerder wees. Sy idee van die illustrasie, die manier waarop hy die illustrasie binne die kinderboek saamstel, waarom hy gedryf voel om te illustreer en die vaardigheid waarmee hy die illustrasies uitvoer, is ter sprake. By elk van hierdie aspekte is faktore betrokke wat as beperkend vir die kunstenaarskap van die illustreerder beskou kan word. In die proses van illustreer is die illustreerder onderhewig aan sekere beperkinge, soos die voorskrifte van die skrywer of die verhaal self. Ook die mark waarop die eindproduk gerig word, naamlik die kind, moet natuurlik in gedagte gehou word. Die uitgewer stel ook beperkings met betrekking tot die begroting en tydsbeperking waarvolgens gewerk word, die mark en die grafiese prosesse wat hy gebruik. Hierdie faktore kan as beperking of as uitdaging vir die illustreerder dien.

Dit is 'n verskilpunt of die idee van die illustrasie by die illustreerder of by die skrywer ontstaan. Nog 'n twispunt is in watter mate die teks die samestelling van die illustrasie beïnvloed. Verdere onduidelikheid rondom die illustreerder is of hy bloot in opdrag van die uitgewers of uit finansiële oorweging illustreer of vir sy eie genot, gedryf deur 'n drang om te skep. Die vraag kan gevra word, waarin is die vaardigheid van die illustreerder geleë? Dit bring ons terug by die basiese probleemstelling rondom die kinderboekillustreerder as kunstenaar, naamlik of hy inderdaad as kunstenaar in eie reg waardeur kan word.

2.4.1 Idee van die illustrasie

Die begrip idee is 'n sleutelbegrip vir die ontsluiting van kunswerke. Kuijers (1986 : 11) noem die motiewe, tema en konsepte onderliggend aan die motiewe en/of tema as aspekte van die begrip idee.

Die teks bring die illustreerder op 'n idee vir sy illustrasie. Daar kan verwarring rondom die boodskap in die teks van die kinderboek en die visueel-estetiese boodskap van die illustreerder ontstaan. Dit

word algemeen aanvaar dat die kinderboekillustreerder gebonde is aan die teks, of hy skrywer-illustreerder is of 'n ander persoon se verhaal illustreer. Die mate waarin die illustrasies egter as 'n ekstra visuele dimensie bydra tot die totale kinderboek, hou verband met die kunstenaarskap van die illustreerder.

Terwyl die teks as prikkel die gedagtes van die illustreerder aan die gang sit, behoort hy 'n visioen of verbeeldingsvlug te hê van hoe die illustrasie gaan lyk. Dit is hierdie eie idee wat ter sprake is. In die geval waar die skrywer van die kinderboek en die illustreerder twee verskillende persone is, kan die oorsprong van die idee vir die illustrasie misleidend wees. Verskeie Suid-Afrikaanse illustreerders soos K. Harries (1965 : 5), G. Komnick (1968 : 10), S. Hughes (1984 : 309) en S. Ellis (1986 : 100) beskou hulself as interpreteerders van die teks. Dit kan die negatiewe indruk skep dat die illustreerder nie sy eie denkbeeld weergee nie, maar dié van die skrywer. Dit word ook weerspieël deur uitsprake van internasionale illustreerders soos Zwicker (1980 : 120) "We wish to illustrate in such a way that the child may be visually drawn back to the feeling and content of the story." Lacy (1986a : 17) sluit by hierdie siening aan en beskou die illustreerder as visuele storieverteller van die teks.

Dit word dus erken dat die aard van die illustrasie bepaal word deur die tema en karakter van die teks. Verskeie illustreerders lees die manuskrip herhaaldelik voordat hulle 'n visuele weergawe daarvan maak (Hughes, 1984 : 308). Die skrywer-illustreerder Bernadette lees selfs haar eie verhale oor en oor, voordat sy voel dat sy dit in illustrasies kan weergee. Daar is ook dié kunstenaars wat met die eerste deurlees van die verhaal onmiddellik sketse maak van die beelde wat in hul gedagtes vorm. Daar is ook skrywer-illustreerders wat soos Wells (1987 : 163) die storie uitdink en die beelde daarmee saam vorm. Don en Audrey Wood (1986 : 563) beplan hul boeke op 'n groot vel papier - die boek neem dus as geheel vorm aan en die beeld en teks ontstaan saam. Al hierdie illustreerders erken egter ook die visuele dimensie, die eie weergawe van die verhaal. Sinclair (1968 : 77) ondersteun die vorige denkwysie dat die illustreerder 'n ander persoon se gedagtes interpreteer en weergee in 'n ander medium as die woord en dus 'n ander dimensie aan die eindproduk gee.

Hoewel die illustrasie dus toeligting en interpretasie van die teks blyk te wees, is dit 'n unieke uitdrukkingsvorm wat deur die illustreerder se individuele aard en lewenservaring beïnvloed word. "Prenteboek-illustrasies word beïnvloed deur alles wat 'n mens in jou lewe gedoen en geleer het" (Komnick, 1968 : 11). Dit kan ook vir enige geïllustreerde kinderboek geld. Die idee van die illustrasie is dus ongetwyfeld die kinderboekillustreerder se eie visioen, ongeag of hy die teks self geskryf het en of hy 'n ander persoon se teks illustreer. Beide soorte illustreerders kan suksesvol wees of nie in hul visueel-estetiese boodskap. Hierdie boodskap moet nie verwar word met die inhoud van die teks nie; dit is 'n ander dimensie van die geskrewe verhaal.

Nadat 'n idee in die illustreerder se gedagtes vorm aangeneem het, moet aan die illustrasie planmatig op papier vorm gegee word. Soos by die kunsuiting van die kind gestel, vorm hierdie proses deel van die produk. Die aanvanklike idee verskil soms van die uiteindelijke waarneembare produk.

2.4.2 Samestelling van die illustrasie

Die illustrasie word metodies deur die illustreerder saamgestel. Dit geskied volgens 'n kreatiewe proses en verg vaardigheid van die kinderboekillustreerder. Wanneer die illustreerder die manuskrip gelees het, word bepaalde momente of hoogtepunte uit die verhaal gekies om te illustreer. Paul O. Zelinsky, wat aanvanklik skilder en later illustreer, meen : "If a picture is an art form, the art happens at the stage when you are choosing what you will illustrate" (Marantz & Marantz, 1986 : 299). Mathiessen (1966 : 96) beskou illustrasies soos 'n skilder en meen dat die prenteboek wat hy skep tot die kunstenaar self moet spreek - die kleure en lyn het byvoorbeeld dieselfde ritme as die woorde. Hierteenoor meen Brown (1967 : 306) egter "illustration is illustration, and not painting". Daar is dus steeds 'n gevoel dat illustrasie nie as kuns beskou behoort te word nie. Sommige skrywers verplig ook illustreerders om van foto's, modelle en volledige beskrywings van plekke en gebeure, soos deur die skrywer bepaal word, te werk (Bedford, 1986 : 21). Hierdie voorskrifte lê die kreatiwiteit en intuïtiewe aanvoeling van die illustreerder aan bande.

Dit is duidelik dat illustreerders van kinderboeke verskillende benaderings tot hul kunstenaarskap het en dat die keuse van plekke en gebeure aan bande gelê kan word deur die skrywer van die verhaal. Daar is egter ook aanduidings dat die illustreerder vry is om sy eie idees te gebruik in die keuse en aard van die illustrasies.

Die illustreerder kies gewoonlik die plasing van die teks en illustrasies, asook die lettertype vir die spesifieke boek (Pulles, 1990 : 158). Hy besluit wat die hoogtepunte in die teks is en plaas dan sy illustrasies by of so na as moontlik aan daardie teks. Die uitgewer bepaal hoeveel ruimte vir die illustrasie gelaat word (Hughes, 1984 : 308). Pulles (1990 : 158) stel verder dat die illustreerder die gegewe manuskrip of konsep in 'n visuele kommunikasievorm omskep deur teks met illustrasies en boekontwerp te integreer. Dit laat ruimte vir kreatiwiteit aan die illustreerder. Mikolaycak (1986 : 170) meen ook dat hy as illustreerder kennis moet neem van die uitleg van die teks om die illustrasies effektief te laat funksioneer.

2.4.3 Dryfkrag van die illustreerder

Aan die begin van hierdie hoofstuk word kommunikasie as 'n doelgerigte proses beskryf. Die illustreerder as kommunikeerder werk dus geïnspireerd. Die rede waarom hy teken, word deur die illustreerder self gestel. Hoewel Provenson en Provenson (1984 : 439) die dryfkrag van die illustreerder daarin sien om vir die kind te teken, is daar 'n ander mening wat voorhou dat die illustrasie die kind-wees in die illustreerder self aanspreek. Mathiessen (1966 : 96) stel dit so: "... the book must first, and essentially, amuse the artist himself", of soos gestel deur Zelinsky : "I do books mainly for myself. If the narrative has a childlike feeling, it should come through" (Marantz & Marantz, 1986 : 303).

Hoewel die kind as teiken belangrik is, voel baie illustreerders dat indien die illustrasies tot hulself ook spreek, dit geslaagd is. Die kinderboekillustreerder teken en verf om byvoorbeeld sy vreugde en opwinding in die lewe uit te druk en om sy eie gevoelens en reaksies aan kinders oor te dra (Provenson & Provenson, 1984 : 438).

2.4.4 Vaardigheid van die illustreerder

Die bedrewenheid waarmee die illustreerder sy boodskap in die illustrasie vaslê is 'n verdere besprekingspunt rondom die illustreerder as kommunikeerder. Daar is die illustreerder wat spesialiseer wat betref styl, tegniek of tema, en daar is dié wat eksperimenteer met verskillende style, tegnieke of temas. Beide kan baie goeie werk lewer. Om te kan presteer, moet jy vaardigheid ontwikkel.

Met betrekking tot illustreerders wat spesialiseer ten opsigte van medium, tegniek, ontwerp en doelgehoor, is daar nie altyd eenstemmigheid nie. Katrine Harries (1965 : 5) is van mening: "that any fixed conception of 'specialization' here - as in all fields of art - is harmful for it tends to establish an empty formula, in the artist's work as well in the public's mind". Hierteenoor kry ons Sinclair (1968 : 78) se stelling : "Many illustrators are specialists, whether professional or amateur, in certain subjects, and almost always illustrations of this nature are of excellent quality". Beide die spesialis, sowel as die illustreerder wat verskeidenheid gebruik, kan werk van swakker gehalte lewer. Vaardigheid is egter in beide gevalle nodig om uitstekende illustrasies te lewer. Hierdie diversiteit in menings word bevestig in die terugvoer op die vraelys en kan verder deur die evaluering van illustrasies getoets word.

In hierdie stadium kan die belangrikheid van die menings van beide Harries en Sinclair ondersteun word, aangesien eksperimentering met medium, tegniek, ontwerp en doelgehoor juis stadia van groei in die illustreerder se loopbaan kan aandui. 'n Bekende illustreerder soos Maurice Sendak het tog met groot sukses 'n wye verskeidenheid style in verskillende kinderboeke gebruik. Indien die illustreerder spesialiseer, word sy styl en tegniek maklik geïdentifiseer en word hy, soos byvoorbeeld Brian Wildsmith, steeds as suksesvol beskou. Daar behoort egter altyd groei te wees met betrekking tot die verfyning en vervolmaking van die spesialis-illustreerder se tegniek en mediumgebruik. Die vaardigheid waarmee die illustreerder werk, is bepalend vir sy kunstenaarskap.

2.4.5 Kunstenaarskap van die illustreerder

Die probleemstelling in hierdie studie gaan essensieel om die kinderboekillustreerder as kunstenaar. Die sentraal teoretiese stellings sowel as die doelstellings het as einddoel om te bepaal in watter mate die kinderboekillustreerder as kunstenaar funksioneer. Dit verleen aan die bespreking wat volg besondere belangrikheid binne die konteks van die studie.

Die kunstenaarskap van die illustreerder kom reeds ter sprake waar dit om die illustreerder as kommunikeerder gaan. In watter mate die illustreerder as kunstenaar beskou word, is ook 'n komplekse besprekingspunt. Uit die bespreking tot dusver, word dit reeds duidelik dat die boodskap van die illustrasie in 'n groot mate moet aansluit by die boodskap van die teks. Dit kan as beperkend of as 'n uitdaging vir die vaardigheid van die illustreerder gesien word. Daar is onderskei tussen die boodskap van die teks en die visueel-estetiese boodskap van die illustrasie. Die vaardigheid van die illustreerder lê in die behendigheid waarmee hy sy medium en tegniek aanwend om die boodskap van die teks te visualiseer. Sy grafiese vaardigheid blyk uit die plasing van die illustrasies en die integrering daarvan met die teks. Hoewel die idee van die illustrasie deur die teks geïnspireer word, word die lewenservaring van die illustreerder aan die waarnemer gebring. Die boodskap word in 'n ander medium gekommunikeer. Hier is dus sprake van 'n skeppende proses.

Om aan te sluit by hierdie betoog, word die illustreerder as kunstenaar bespreek aan die hand van die uitsprake van sekere bekende voorbeelde van illustreerders wat internasionaal en plaaslik reeds as kunstenaars erkenning geniet.

Sinclair (1968 : 77) huldig die standpunt dat "an illustrator is also as much a creator, but within more restrictive technical limits, as an artist", terwyl Komnick (1968 : 7) van mening is dat die skilderkuns sowel as die geïllustreerde kinderboek 'n spesifieke styl vereis om 'n bepaalde onderwerp weer te gee en trefkrag daaraan te verleen. Die verskil lê egter daarin dat die kinderboekillustreerder met gegewe stof werk wat visueel aangebied moet word en dit prakties uitvoerbaar moet wees. Hierdie aspekte verg aanpassing van styl en dissipline van die illustreerder. Jussim (1983 : 81) sluit by die stelling aan as hy beweer : "... there is a difference between the codyfying of a visual idea by the 'fine artist', whose purpose is to create an object not necessarily destined to become an illustration in a book or periodical, and an illustrator whose purpose is precisely to create an object suitable for reproduction". Die doel van die kunsskilder en die illustreerder verskil dus, en dit kan 'n rede wees waarom die illustreerder se kreatiwiteit bevraagteken word.

Die illustreerder is wel ook kreatief in dié opsig dat die inhoud van die teks deur die geïnspireerde illustreerder met 'n ekstra dimensie weergegee word. Hy kies gewoonlik die momente wat geïllustreer moet word, so ook die medium en tegniek wat hy verkies vir die spesifieke verhaal in die styl waarin hy gemaklik werk. Die bladuitleg en -indeling, tipografie en formaat van die teks hang ook van die illustreerder af, tensy die uitgewer bepaalde voorskrifte het. Die skrywer-illustreerder weer, het 'n groot mate van outonomie wat elke element van die boek betref. Die teks en illustrasies word deur 'n enkele insig voortgebring.

Die beperkinge waarbinne die illustreerder werk, naamlik die teks, in opdrag van 'n uitgewer met 'n vasgestelde begroting, beperkinge van reproduksietegnieke, voorskrifte deur skrywers en met die kind as doelgehoor, vereis spesifieke kennis, dissipline en grafiese vaardigheid van die illustreerder. Met

die omskrywing van die begrippe *illustreerder* en *kunstenaar* in gedagte, dui genoemde kundigheid en vaardigheid reeds op die kunstenaarskap van die illustreerder.

Dit blyk dat die illustrasies dikwels die vergestaltung kan wees van die illustreerder se idees en gevoelens. Die kind reageer dan op hierdie visuele aanbieding. Dit sluit aan by Argan se siening van kuns as objek wat deur menslike handeling tot stand gekom het en waarop daar reaksie kan plaasvind. Dit plaas die illustreerder ook saam met die beeldende kunstenaar en onderskryf sy kunstenaarskap.

Uit die voorafgaande hoofstukke word die volgende duidelik: die kinderboekillustrasie is draer van 'n bepaalde visuele boodskap aan die kind. Die kind as ontvanger van die boodskap interpreteer die boodskap vanuit 'n bepaalde ontwikkelingsvlak teen die agtergrond van bepaalde behoeftes en belangstellings. Aansluitend by sy ervaringssterrein en vermoë tot kunsbeleving aanvaar en geniet die kind die illustrasie en boek. Die illustreerder lê die visuele boodskap in die illustrasie vas vanuit sy ervaringswêreld en kunsbeleving. Binne spesifieke beperkinge gee die illustreerder die verhaal weer in visuele beelde wat gewoonlik sy eie reaksie op die verhaal is. Hierdie eie unieke interpretasie asook die vaardigheid van die kinderboekillustreerder maak van hom 'n kunstenaar. Dit beteken dat die kinderboekillustrasie ook as 'n kunswerk beskou kan word.

Die mate waarin hierdie stelling in die praktyk ondersteun of verwerp word, word deur middel van vraelyste verkry. Hoe meer waarde aan die kinderboekillustrasie as kunswerk geheg word, hoe belangriker kan die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder geag word. Kriteria vir die evaluering van die gekose illustrasies moet ook bepaal word voordat die visueel-estetiese boodskap van die illustreerder geïdentifiseer en geëvalueer kan word. Dit word gedoen om Cora Coetzee en Alida Bothma binne konteks van hierdie studie as kunstenaars te kan evalueer. Die vraelys sowel as 'n literatuurstudie word gebruik om hierdie kriteria te bepaal.

HOOFSTUK 3: KRITERIA

Kriteria waarvolgens die estetiese boodskap van die kinderboekillustreerder geïdentifiseer en geëvalueer kan word, word ondersoek. Die waardeerder van kinderboekillustrasies moet eers die illustreerder as kunstenaar en die illustrasie as kunswerk aanvaar, voordat kriteria vir evaluering gestel kan word.

Uit die voorafgaande studie blyk dit dat die kinderboek met illustrasies visuele kommunikasie tot gevolg het. Kommunikasie impliseer dat 'n boodskap oorgedra word. Daar word onderskei tussen die boodskap van die teks en die visueel-estetiese boodskap wat die kinderboekillustreerder se unieke bydrae tot die kinderboek is. Die illustreerder kodeer hierdie boodskap bewustelik of onbewustelik aan die kind. Die visuele boodskap is wel geïnspireer deur die teks. Die kunstenaarskap van die illustreerder kan blyk uit die duidelikheid waarmee hy die boodskap van die teks interpreteer, die vaardigheid waarmee hy die illustrasies saamstel en die mate waarin hy 'n unieke bydrae tot die kinderboek lewer. Kan daardie kinderboekillustrasie egter as kuns beskou word? Al is die boodskap esteties, moet die gehalte van die illustrasie ook uitstekend wees. Rondom hierdie vraagstukke kan daar verskil van mening wees.

'n Vraelys is gebruik om menings ten opsigte van die kinderboekillustreerder as kunstenaar en die kinderboekillustrasie as kunswerk te bepaal en om kriteria te identifiseer waarvolgens kinderboekillustrasies as kunswerke geëvalueer kan word. As aanvulling tot die vraelys word kriteria wat deur uitgewers en boektoekennings vir die kunsaspekte van illustrasies toegepas word, meer volledig deur middel van 'n literatuurstudie bespreek. Indien dit algemeen aanvaar word dat kunskriteria wel aangewend kan word vir die evaluering van kinderboekillustrasies, word 'n volledige uiteensetting van hierdie kriteria gegee ten einde die gekose illustreerders as kunstenaars te waardeer.

Die vraelys, aangeheg in Bylae 1, is aan uitgewers, kunstenaars, kunskenner en persone in die biblioteekberoep gestuur.

3.1 VRAELYS

3.1.1 Inleiding

'n Gestruktureerde vraelys is saamgestel om so objektief moontlik te werk te gaan. Aangesien dit egter die menings van persone weergee, kan die navorsing as kwalitatief beskou word.

Die doel van die vraelys is:

- Om die menings in te win van verteenwoordigers op die terrein van die beeldende kunste, biblioteek- en inligtingwese en die uitgewerswese in Suid-Afrika ten einde die belangrikheid van die kinderboekillustrasie as draer van 'n estetiese boodskap te bepaal. Hul siening van die kinderboekillustreerder as kunstenaar van die illustrasie as kunswerk is van belang. Indirek dus, sal die kinderboekillustreerder as kunstenaar aanvaar of verwerp word deur respondente in hul antwoorde; en
- om kriteria te daar te stel waarvolgens kinderboekillustrasies geëvalueer kan word ten einde die kunswaarde daarvan te bepaal. Die visueel-estetiese boodskap van die illustreerder moet vasgestel word deur die gebruik van bepaalde kriteria.

Die teikengroep vir die vraelys is saamgestel uit 'n lys uitgewers in Suid-Afrika (Verrel, 1989 : 888-897); lede van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging (Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, 1989 : 1), te wete kunstenaars, lede van kunsdepartemente aan universiteite en teknikons en kuratore van kunsmuseums en verteenwoordigers van die biblioteek- en inligtingwese, naamlik bibliotekarisse en lede van die Komitee vir Kinderboeke van SAIBI (SAIBI, 1989 : 10).

Uitgewers is veral betrokke by die keuring van kinderboeke, by die opdragte aan illustreerders en by die uiteindelijke produk wat aan die kind gelewer word. Dit is daarom vanselfsprekend dat hul menings en hul vasgestelde kriteria ten opsigte van kinderboekillustrasies in 'n groot mate van belang is vir hierdie ondersoek. Op die uitgewerslys van Verrel (1989 : 888-897) word by sewentien uitgewers aangedui dat hulle kinderlektuur uitgee, en daarom is aan al hierdie uitgewers vraelyste gestuur - 37,78% van die totale aantal.

Die Katrine Harries-toekenning betrek deskundiges uit die kunstewêreld wat in adviserende hoedanigheid by die toekenning optree (Lohann, 1986a : 18), en Niki Daly beskou die kunsredakteur as onmisbare skakel by boekproduksie (Daly, 1986 : 31). Uit bogenoemde twee stellings blyk dit dat menings van lede van kunsdepartemente, kunskritici en kunstenaars van belang is om die kinderboekillustreerder as kunstenaar te plaas. Genoemde groepe verteenwoordig 'n omvangryke aantal menings. Die lede van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging verteenwoordig menings en kriteria

uit die beeldende kunswêreld. Om 'n balans met die uitgewers se menings te behou en tog die groter geheel in ag te neem, is agtien vraelyste aan hierdie groep gestuur - 40% van die totaal.

Die biblioteek- en inligtingwese is grootliks gemoeid met die beskikbaarstelling en bekendstelling van die kinderboekillustrasie aan die kind. Om hierdie rede is tien vraelyste aan verteenwoordigers uit hierdie groep gestuur. Dit is moeilik om 'n ewekansige steekproef van alle openbare en skoolbiblioteke in Suid-Afrika te maak en steeds 'n balans met die uitgewers en lede van die kunswêreld te behou. Daar is dus besluit om vraelyste aan een stadsbiblioteek in elke provinsie te stuur, aangesien hulle groot gemeenskappe bedien en dus betreklik groot kinderboekversamelings sal hê. Om die verteenwoordigende groep tot 'n vergelykbare aantal te vergroot, met uitgewers en lede uit die kunswêreld, is vraelyste ook aan persone gestuur wat in die Komitee vir Kinderboeke dien (SAIBI, 1989: 10). Saam met die verteenwoordigers uit die biblioteek- en inligtingwese verteenwoordig hierdie groep 22,222% van die totale aantal vraelyste uitgestuur.

Drie van die vraelyste het oorvleuel. Bibliotekarisse en persone gemoeid met boektoekennings het meer as een vraelys ontvang. Daarom word 42 vraelyste as geldend beskou. Aanvanklik is slegs 21 (50%) terugontvang. Nog 21 vraelyste is uitgestuur en dertien uitgewers is ook telefonies geskakel, aangesien die respons van hul kant baie min was. Van hierdie vraelyste is 'n verdere nege terugontvang waarvan drie onvoltooid teruggestuur is (twee as gevolg van taalprobleme en een as gevolg van 'n gebrek aan tyd om die vraelys te voltooi) en ses dus bruikbaar was. Van die 42 vraelyste is 27 bruikbare vraelyste terugontvang wat 64,285% verteenwoordig. Die aantal beantwoorde vraelyste word deurgaans as 100% beskou en die respons word daarvolgens bereken. Waar daar geen respons was nie, word dit nie in die berekening in ag geneem nie.

Die gebrekkige respons kan aan die volgende faktore toegeskryf word:

- Vraelyste in Engels kon ook ingesluit gewees het.
- Die navorsing word moontlik nie as belangrik genoeg beskou nie.
- Veranderde adresse kon veroorsaak dat vraelyste nooit ontvang is nie.

3.1.2 Verwerking van respons

Elke vraag word punt vir punt behandel. Ter wille van duidelikheid word die vraag eers gestel soos dit in die vraelys voorkom. Dan word die doel van die betrokke vraag omskryf voordat die resultate op elke vraag gegee word. Elke vraag word afsonderlik geïnterpreteer. Na die verwerking van die respons op al die vrae volg 'n algemene gevolgtrekking op die vraelys as geheel.

VRAAG 1:

1.1 Naam: _____

1.2 Adres: _____

1.3 Telefoonnommer:

Doel van Vraag 1:

- As kontrole van instansies of persone om oorvleueling van respondente uit te skakel. Dieselfde persoon kon as boekkeurder en bibliotekaris of werknemer van 'n uitgewery vraelyste ontvang.
- Om die respondent te kan skakel indien onderhoude nodig blyk te wees.

Resultate op Vraag 1:

Van die 45 respondente aan wie vraelyste uitgestuur is, het drie oorvleuel. Van 27 respondente is vraelyste terugontvang.

Interpretasie van resultate op Vraag 1:

Die persone wat elk twee vraelyste ontvang het, was verteenwoordigend van twee verskillende groepe respondente. Effektief is dus slegs 42 vraelyste uitgestuur.

VRAAG 1.4:

1.4 Watter groep(e) verteenwoordig u?

Uitgewers	
Bibliotekarisse	
Lede van komitees vir boektoekenings	
Kunskritici	
Kunsdosente	
Kunstenaars	
Illustreerders	

Doel van Vraag 1.4:

- Om die frekwensie van elke groep respondente te bepaal.
- Om die verteenwoordigende groepe se kriteria en menings te kan vergelyk.

Resultate op Vraag 1.4:

Uitgewers:	6 (35,294%)
Biblioteek- en Inligtingwese:	8 (80%)
Kunste:	13 (72,222%)

Aangesien dit onmoontlik was om te voorsien in watter mate respondente meer as een groep verteenwoordig, word die frekwensie van respondente uit elke groep genoem. Ontleding volgens steekproefgroepe is telkens volgens ondergenoemde frekwensie bereken. Daar was oorvleueling van die steekproefgroepe binne die respondente en daarom is die totale frekwensie nie 27 nie.

Persentasie voltooide vraelyste ontvang:

Steekproefgroepe	Frekwensie	% van Respondente
Uitgewers	6	(22,222%)
Bibliotekaris	8	(29,629%)
Lede van komitees vir boektoekennings	2	(7,407%)
Kunskritici	3	(11,111%)
Kunsdosente	12	(44,444%)
Kunstenaars	9	(33,333%)
Illustreerders	4	(14,815%)
TOTAAL		162,962%

Interpretasie van resultate op Vraag 1.4:

Groepe word nie eweredig verteenwoordig nie. Kunstenaars en kunsdosente oorheers die toneel en bibliotekaris en uitgewers is in 'n mindere mate verteenwoordig. Lede van komitees vir boektoekennings, kunskritici en illustreerders word swak verteenwoordig. Om hierdie wanbalanse te probeer herstel, word die literatuurstudie, ter aanvulling van die vraelyste, uitgebrei ten opsigte van uitgewers, boekkeurders en illustreerders. Aangesien die kunste reeds goed verteenwoordig word, sal die literatuurstudie nie kunskritici se menings insluit nie. Illustreerders se menings word ook aangevul deur middel van onderhoude met Alida Bothma en Cora Coetzee soos uiteengesit in die volgende hoofstuk.

In die vergelykings van menings en kriteria word die resultate van die volgende vraag gebruik om die analise volgens groepe te bereken.

VRAAG 1.5:

1.5 Wat is u kennis van kinderboekillustrasie en kuns?

	1 Baie goed	2 Goed	3 Redelik	4 Swak	5 Baie swak
Kinderboek- illustrasie					
Kuns					

Doel van Vraag 1.5:

- Om die menings van respondente ten opsigte van hul kennis van kinderboekillustrasie en kuns te bepaal.

Resultate op Vraag 1.5:

Kennis van die respondente ten opsigte van:

	Baie goed	Goed	Redelik	Swak
Kinderboekillustrasie	9 33,333%	10 37%	6 22,222%	2 7,407%
Kuns	13 50%	3 11,538%	10 38,462%	

Ontleding in steekproefgroepe:

Kinderboekillustrasie:

	Baie goed	Goed	Redelik	Swak
Uitgewers	2 33,333%	2 33,333%	2 33,333%	
Biblioteкарисse	1 12,50%	6 75%	1 12,5%	
Lede van komitees vir boektoekennings	1 50%	1 50%		
Kunskritici	2 66,666%	1 33,333%		
Kunsdosente	6 50%	1 8,333%	3 25%	2 16,666%
Kunstenaars	5 55,555%	1 11,111%	1 11,111%	2 22,222%
Illustreerders	3 75%	1 25%		

Kuns:

	Baie goed	Goed	Redelik	Swak
Uitgewers	2 40%	3 60%		
Bibliotekarisse	1 12,5%		7 87,5%	
Lede van komitees vir boektoekennings		1 50%	1 50%	
Kunskritici	3 100%			
Kunsdosente	10 83,333%	2 16,666%		
Kunstenaars	7 77,777%	2 22,222%		
Illustreerders	3 75%	1 25%		

Interpretasie van resultate op Vraag 1.5:

Soos verwag, is die kennis van uitgewers goed ten opsigte van kinderboekillustrasies, maar hulle verras ook met 'n goeie kennis van kuns. Dit mag veral vertroudheid met grafiese kuns wees wat uit belangstelling en ondervinding spruit.

Bibliotekarisse en toekenners van kinderboekpryse se kennis van kinderboekillustrasies en kuns is bevredigend, naamlik redelik tot baie goed en dit vergelyk gunstig met die kennis van die uitgewers.

Dit is te verwagte dat die kunskritici, kunsdosente en kunstenaars 'n goeie tot baie goeie bekendheid met kuns sal hê. Tog verras hierdie groep, saam met die illustreerders, met 'n hoë gemiddelde kennis van kinderboekillustrasie en vergelyk die persentasie besonder goed met dié van die uitgewers en bibliotekarisse. Dit dui tóg op 'n belangstelling in kinderboekillustrasie as kunsvorm, en die kriteria en menings van hierdie groep respondente kan ook betekenisvol wees in die bestudering van die kinderboekillustrasie as draer van die estetiese boodskap.

Oor die algemeen is die kennis van kuns en kinderboekillustrasie redelik tot baie goed en saam met die goeie respons op Vraag 1.5 kan die kriteria en menings van die respondente as geldig en verteenwoordigend beskou word.

'n Probleem is egter dat die voorafgaande interpretasie op die menings van die respondente gebaseer is. Menings uitgespreek hoef natuurlik nie altyd korrek te wees wat betref die regte feite nie. Daar

word, nadat die vraelys behandel is, gepoog om deur middel van 'n literatuurstudie sowel as bespreking en toepassing van kunshistoriese kriteria 'n meer objektiewe beeld te gee.

VRAAG 2:

2.1 Is u bewus van kursusse in Suid-Afrika wat in kinderboekillustrasie aangebied word?

Ja	
Nee	

2.2 Indien ja, watter kursus en waar word dit aangebied?

Kursus: _____

Instansie: _____

2.3 Is formele opleiding belangrik vir 'n kinderboekillustreerder?

	1 Ja	2 Nee
Opleiding in die kuns		
Opleiding in illustrasiekuns		
Opleiding in kinderboekillustrasiekuns		

Doel van Vraag 2:

- Om vas te stel of daar 'n bewustheid van kursusse in kinderboekillustrasie in Suid-Afrika bestaan.
- Om kursusse in kinderboekillustrasie te identifiseer.
- Om die menings ten opsigte van die belangrikheid van opleiding vir kinderboekillustrasie te bepaal.
- Om te bepaal of respondente wat wel opleiding in kinderboekillustrasie as belangrik ag, self bewus is van kursusse in kinderboekillustrasie. Illustrasiekuns word in die algemeen gestel teenoor kinderboekillustrasiekuns.

Resultate op Vraag 2:

2.1 Bewustheid van kursusse:

Studie	27 (100%)
Ja	9 (33,333%)
Nee	18 (66,667%)

GROEPE	JA	NEE
Uitgewers	2 (33,333%)	4 (66,667%)
Bibliotekarisse	3 (37,5%)	5 (62,5%)
Lede van komitees vir boektoekennings		2 (100%)
Kunskritici	1 (33,333%)	2 (66,667%)
Kunsdosente	4 (33,333%)	8 (66,667%)
Kunstenaars	3 (33,333%)	6 (66,667%)
Illustreerders	3 (75%)	1 (25%)

2.2 Kursusse wat aangebied word:

Respons: 9 (100%)

- Universiteit van Stellenbosch (Niky Daly)
- Kunsskool in Observatory (Barbara Pitt)
- Wits Technikon (Na Diploma)
- Universiteit van Wes-Kaapland (Skryf en illustreer van kinderboeke)
- PU vir CHO (as afdeling van skilderkuns). (*Hierdie kursus het intussen verval*).
- Vaaldriehoekse Technikon (Illustrasie in grafiese ontwerp)
- Technikon Natal (Grafiese ontwerp)
- Technikons (Grafiese ontwerp)

2.3 Belangrikheid van opleiding:

	KUNS	ILLUSTRASIE-KUNS	KINDERBOEK-ILLUSTRASIEKUNS
Studie	23 (85,158%)	24 (88,888%)	23 (85,158%)
Ja	22 (95,652%)	23 (95,833%)	17 (73,913%)
Nee	1 (4,347%)	1 (4,347%)	6 (26,086%)

Menings van steekproefgroepe:

		KUNS	ILLUSTRASIE-KUNS	KINDERBOEKKILLUSTRASIEKUNS
Uitgewers	Ja Nee	4 (100%)	5 (100%)	5 (83,333%) 1 (16,667%)
Bibliotekaris	Ja Nee	7 (87,5%) 1 (12,5%)	8 (100%)	6 (75%) 2 (25%)
Lede van komitees vir boektoekennings	Ja Nee	1 (100%)	1 (100%)	2 (100%)
Kunskritici	Ja Nee	3 (100%)	2 (66,667%) 1 (33,333%)	1 (50%) 1 (50%)
Kunsdosente	Ja Nee	11 (100%)	10 (90,909%) 1 (9,09%)	5 (62,5%) 3 (37,5%)
Kunstenaars	Ja Nee	9 (100%)	8 (88,888%) 1 (11,111%)	4 (57,142%) 3 (42,857%)
Illustreerders	Ja Nee	4 (100%)	4 (100%)	4 (100%)

Interpretasie van resultate op Vraag 2:

Vraag 2.1

Daar is 'n lae peil van bewustheid van kursusse in kinderboekillustrasie wat in Suid-Afrika aangebied word. Soos verwag kan word, is kunsdosente, kunstenaars en die illustreerders self meer bewus van kursusse en identifiseer hierdie groep ook die meeste daarvan.

Die feit dat so min respondente bewus is van kursusse wat in kinderboekillustrasie aangebied word, dui op 'n leemte en is dit dus van belang dat sodanige kursusse geïdentifiseer word.

Vraag 2.2

Kursusse word in 'n mate deur hierdie lys geïdentifiseer. Dit blyk dat kursusse in grafiese ontwerp as noodsaakliker beskou word as opleiding in kinderboekillustrasie. Daar word tog by enkele instansies meer spesifiek kursusse in kinderboekillustrasie aangebied.

Vraag 2.3

Beeldende kuns, illustrasiekuns en kinderboekillustrasiekuns kan opeenvolgend as onderafdelings van mekaar gesien word. Illustrasiekuns, soos gedefinieer vir hierdie studie, is wel 'n afdeling van grafiese kuns en dus kinderboekillustrasiekuns ook. Formele opleiding van kinderboekillustreerders blyk baie belangrik te wees, hoewel daar 'n duidelike afname in die Ja-studie ten opsigte van opleiding in kinderboekillustrasie bestaan in vergelyking met die Ja-studie by kuns en illustrasiekuns. Tog is die meerderheid respondente van mening dat opleiding in kinderboekillustrasiekuns van belang is.

Veral uitgewers, bibliotekarisse en illustreerders self is van mening dat daar sulke spesifieke opleiding moet wees. Dit blyk uit die resultate dat daar in die praktyk 'n leemte of behoefte bestaan aan opleiding in kinderboekillustrasiekuns.

Kunskritici, kunsdosente en kunstenaars is duidelik nie almal dieselfde mening toegedaan nie en beskou veral opleiding in kuns en illustrasiekuns as voldoende. Dit kan dui op 'n mening dat kinderboekillustrasie nie as 'n belangrike kunsvorm beskou word nie. Let egter daarop dat 'n klein meerderheid kunsdosente en kunstenaars tog van mening is dat formele opleiding in kinderboekillustrasiekuns van belang is vir die kinderboekillustreerder.

Ten slotte word afgelei dat formele opleiding in kinderboekillustrasie belangrik geag word deur uitgewers en respondente uit die biblioteek- en inligtingwese. Tog is hierdie groepe nie bewus van kursusse wat wel in dié rigting aangebied word nie. Dit kan egter ook verklaar word deurdat kursusse in grafiese ontwerp nie deur hierdie groepe geïdentifiseer is as ook spesifieke opleiding in kinderboekillustrasie nie.

VRAAG 3:

Doel van Vraag 3:

- Om menings te bepaal ten opsigte van die kunswaarde van kinderboekillustrasies.
- Die vergelyking van spesifieke vrae om te bepaal of menings mekaar nie weerspreek nie.
- Om die menings te bepaal ten opsigte van die geleentheid wat illustrasies bied om kunswaardering van die kind te stimuleer.
- Om menings van groepe respondente te vergelyk.

3. Dui u mening ten opsigte van die kunswaarde van kinderboekillustrasies aan deur 'n kruisie langs elke stelling te trek op die toepaslike plek.

		1 Stem saam	2 Verskil	3 Onseker
3.1 Enige kunstenaar behoort formele opleiding te ontvang.				
3.2 Die kinderboekillustreerder slaag daarin om skeppend te werk, ten spyte van beperkinge soos dat hy gelei word deur die storie, voorskrifte van uitgewers of voorkeure van die kind.				
3.3 Die kinderboekillustreerder behoort ook voortdurend ander skeppende werk te doen om as kunstenaar suksesvol te wees.				
3.4 Die gebruik van verskillende media binne die oeuvre van 'n kunstenaar dui op sy ontwikkeling as kunstenaar.				
3.5 Die boek in geheel is die kunswerk.				
3.6 'n Kinderboekillustrasie kan los van die teks waarde hê.				
3.7 'n Kinderboekillustrasie behoort visueel-opvoedkundige waarde te hê.				
3.8 'n Kinderboekillustrasie behoort esteties-opvoedkundige waarde te hê.				
3.9 'n Kinderboekillustrasie kan in dieselfde mate as enige kunswerk estetiese beleving moontlik maak.				
3.10.1 Die gemiddelde kind kan nog nie kuns waardeer nie.				
van : 3-6jr				
3.10.2 6-8jr				
3.10.3 8-10jr				

Resultate op Vraag 3:

Ontleding volgens steekproefgroepe:

	1 Stem saam	2 Verskil	3 Onseker	Studie
3.1 Enige kunstenaar behoort formele opleiding te ontvang.	13 50%	7 26,923%	6 23,077%	26 96,296%
3.2 Die kinderboekillustreerder slaag daarin om skeppend te werk, ten spyte van beperkinge soos dat hy gelei word deur die storie, voorskrifte van uitgewers of voorkeure van die kind.	24 88,889%	2 7,407%	1 3,704%	27 100%
3.3 Die kinderboekillustreerder behoort ook voortdurend ander skeppende werk te doen om as kunstenaar suksesvol te wees.	10 38,462%	10 36,462%	6 23,076%	26 96,296%
3.4 Die gebruik van verskillende media binne die oeuvre van 'n kunstenaar dui op sy ontwikkeling as kunstenaar.	9 34,615%	12 46,154%	5 19,231%	26 96,296%
3.5 Die boek in geheel is die kunswerk.	22 81,481%	4 14,815%	1 3,704%	27 100%
3.6 'n Kinderboekillustrasie kan los van die teks waarde hê.	19 79,167%	4 16,667%	1 4,166%	24 88,888%
3.7 'n Kinderboekillustrasie behoort visueel-opvoedkundige waarde te hê.	21 77,778%	3 11,111%	3 11,111%	27 100%
3.8 'n Kinderboekillustrasie behoort esteties-opvoedkundige waarde te hê.	24 88,889%	1 3,704%	2 7,407%	27 100%
3.9 'n Kinderboekillustrasie kan in dieselfde mate as enige kunswerk estetiese beleving moontlik maak.	24 96%	1 4%		25 92,592%
3.10.1 Die gemiddelde kind kan nog nie kuns waardeer nie.	8 30,769%	16 61,539%	2 7,639%	26 96,296%
van : 3-6jr				
3.10.2 6-8jr	5 19,231%	21 80,769%		26 96,296%
3.10.3 8-10jr	4 15,385%	21 80,769%	1 3,846%	26 96,296%

GROEPE	MENINGS	VRAAG 3.7	VRAAG 3.8	VRAAG 3.9	VRAAG 3.10.1	VRAAG 3.10.2	VRAAG 3.10.3
Uitgewers	Stem saam Verskil Onseker	5 (83,333%) 1 (16,667%)	6 (100%)	6 (100%)	1 (66,667%) 4 (66,667%) 1 (16,667%)	6 (100%)	6 (100%)
Bibliotekarisse	Stem saam Verskil Onseker	1 (12,50%) 1 (12,50%)			4 (50%) 4 (50%)	1 7	7 1
Lede van komitees vir boektoekennings	Stem saam Verskil Onseker	2 (100%)	2 (100%)	1 (100%)	1 (50%) 1 (50%)	1 1	1 1
Kunskritici	Stem saam Verskil Onseker	2 (66,667%) 1 (33,333%)	3 (100%)	2 (66,667%) 1 (33,333%)	3 (100%)	3 (100%)	3 (100%)
Kunsdosente	Stem saam Verskil Onseker	9 (75%) 1 (8,333%) 2 (16,667%)	9 (75%) 1 (8,333%) 2 (16,667%)	11 (100%)	3 (27,273%) 7 (63,636%) 1 (9,091)	3 (27,273%) 8 (72,727%)	3 (27,273%) 8 (72,727%)
Kunstenaars	Stem saam Verskil Onseker	7 (77,778%) 1 (11,111%) 1 (11,111%)	7 (77,778%) 1 (11,111%) 1 (11,111%)	8 (100%)	2 (25%) 5 (62,50%) 1 (12,50%)	2 (25%) 6 (75%)	2 (25%) 6 (75%)
Illustreerders	Stem saam Verskil Onseker	3 (75%) 1 (25%)	3 (75%) 1 (25%)	3 (100%)	2 (66,667%) 1 (33,333%)	3 (100%)	3 (100%)

Ontleding van steekproefgroepe:

GROEPE	MENINGS	VRAAG 3.1	VRAAG 3.2	VRAAG 3.3	VRAAG 3.4	VRAAG 3.5	VRAAG 3.6
Uitgewers	Stem saam Verskil Onseker	5 (83,333%) 1 (16,667%)	6 (100%)	1 (16,667%) 4 (66,667%) 1 (16,667%)	4 (66,667%) 2 (33,333%)	5 (83,333%) 1 (16,667%)	5 (83,333%) 1 (16,667%)
Bibliotekarisse	Stem saam Verskil Onseker	2 (25%) 4 (50%) 2 (25%)	7 (87,5%) 1 (12,5%)	2 (28,571%) 4 (57,143%) 1 (14,286%)	4 (50%) 2 (25%) 2 (25%)	7 (87,50%) 1 (12,50%)	4 (66,667%) 2 (33,333%)
Lede van komitees vir boektoekennings	Stem saam Verskil Onseker	1 (50%) 1 (50%)	2 (100%)	1 (50%) 1 (50%)	1 (50%) 1 (50%)	2 (100%)	1 (100%)
Kunskritici	Stem saam Verskil Onseker	3 (100%)	3 (100%)	2 (66,667%) 1 (33,333%)	1 (33,333%) 1 (33,333%) 1 (33,333%)	2 (66,667%) 1 (33,333%)	3 (100%)
Kunsdosente	Stem saam Verskil Onseker	6 (54,545%) 3 (27,273%) 2 (18,182%)	10 (83,333%) 1 (8,333%) 1 (8,333%)	7 (58,333%) 2 (16,667%) 3 (25%)	2 (18,182%) 7 (63,636%) 2 (18,182%)	9 (75%) 2 (16,667%) 1 (8,333%)	9 (81,818%) 1 (9,091) 1 (9,091)
Kunstenaars	Stem saam Verskil Onseker	4 (50%) 2 (25%) 2 (25%)	7 (77,778%) 1 (11,111%) 1 (11,111%)	5 (55,556%) 2 (22,222%) 2 (22,222%)	1 (11,111%) 6 (66,667%) 2 (11,111%)	6 (66,667%) 2 (22,222%) 1 (11,111%)	7 (87,50%) 1 (12,50%)
Illustreerders	Stem saam Verskil Onseker	2 (66,667%) 1 (33,333%)	3 (75%) 1 (25%)	1 (25%) 2 (50%) 1 (25%)	1 (25%) 2 (50%) 1 (25%)	3 (75%) 1 (25%)	2 (50%) 1 (25%) 1 (25%)

Interpretasie van resultate op Vraag 3:

Vraag 3.1

Daar is heelwat meningsverskil wat betref die vraag of enige kunstenaar formele opleiding behoort te ontvang. Hoewel die meerderheid respondente by Vraag 2.3 formele opleiding as belangrik vir die kinderboekillustreerder beskou het, is daar nie dieselfde definitiewe eenstemmigheid wat betref formele opleiding van kunstenaars oor die algemeen nie. Daar is egter 'n beduidende aantal respondente wat onseker omtrent hierdie aspek voel. Dit kan 'n aanduiding wees dat hulle nie 'n besliste mening daaromtrent het nie - dat hulle nog nooit daaraan gedink het of dit belangrik is vir 'n kunstenaar om formele opleiding te hê nie, of dat hulle sekere voorbehoude ten opsigte van die vraag kan hê.

Dit is opvallend dat veral uitgewers, kunskritici en illustreerders 'n besliste mening het dat kunstenaars wel formele opleiding behoort te ontvang, terwyl kunstenaars en kunsdosente in 'n mate verskil of onseker is. Verteenwoordigers van die biblioteek- en inligtingwese is in 'n groot mate die mening toegedaan dat kunstenaars nie formele opleiding hoef te ontvang nie. Hulle kan ook onseker wees oor hierdie stelling.

Daar bestaan dus twyfel by 'n beduidende aantal respondente oor die noodsaaklikheid van formele opleiding aan kunstenaars. Hierdie resultate kan daarop dui dat respondente spontaneïteit of kreatiwiteit van die kunstenaar hoog aanskryf. Daar is tog 'n mening dat kunstenaars wel opleiding behoort te ontvang en dit kan daarop dui dat respondente 'n mate van vorming tog noodsaaklik ag vir die kunstenaar. Aangesien kinderboekillustreerders bepaalde grafiese kennis en vaardigheid benodig, is dit waarskynlik die rede waarom 'n definitiewe eenstemmigheid oor formele opleiding bestaan.

Vraag 3.2

Die meerderheid respondente is van mening dat die goeie kinderboekillustreerder daarin slaag om skeppend te werk ten spyte van beperkinge en voorskrifte. Kunsskepping word reeds in die begripsomskrywing verwant aan kreatiwiteit gestel. Die mate waarin die kinderboekillustreerder dus kreatief of skeppend werk, kan moontlik die kunswaarde van die kinderboekillustrasie beïnvloed. Die afleiding kan dus gemaak word dat indien die kinderboekillustreerder meer skeppingsvryheid het, sy illustrasies van groter kunswaarde geag kan word.

Vraag 3.3

Daar is 'n duidelike verskil in opinie by respondente ten opsigte van die mate waarin 'n kinderboekillustreerder ook ander skeppende werk behoort te doen om as kunstenaar suksesvol te wees. Die meerderheid uitgewers en verteenwoordigers van die biblioteek- en inligtingwese is van mening dat kinderboekillustreerders as kunstenaars suksesvol kan wees sonder om ook ander

skeppende werk te doen. Verteenwoordigers uit die wêreld van die beeldende kunste voel tog dat kinderboekillustreerders ander skeppende werk behoort te doen om as kunstenaars suksesvol te wees. Dit mag wees dat kinderboekillustreerders self 'n behoefte het om ook ander skeppende werk buiten kinderboekillustrasie te doen, soos blyk uit die studie van illustreerders en die onderhoude met en literatuurstudie oor enkele kinderboekillustreerders.

Die studie op hierdie vraag ondersteun nie dié op Vraag 3.2 nie - daaruit word tog 'n groot mate van kreatiwiteit aan die kant van die kinderboekillustreerder aangedui. Dit kan wel impliseer dat hy moontlik nie behoefte aan ander skeppende werk sal hê nie.

Vraag 3.4

Die reaksie op hierdie vraag toon weer eens die diversiteit in menings van respondente aan. Die meerderheid is van mening dat die gebruik van verskillende mediums nie bepalend is vir die ontwikkeling van die kunstenaar nie. 'n Kunstenaar kan wel in 'n enkele medium suksesvol wees. Dit is beduidend dat dié mening veral uit die kunswêreld ondersteun word. Hierdie verskil van mening het ook in die literatuurstudie ten opsigte van die kinderboekillustreerder as kommunikeerder voorgekom. Die afleiding word hier gemaak dat die mate waarin die kinderboekillustreerder wel as kunstenaar beskou kan word, dus nie slegs bepaal word deur die verskeidenheid mediums wat hy gebruik nie. Beide spesialis-illustreerder en eksperimentele illustreerder kan as kunstenaars gereken word.

Die mate van onsekerheid by sommige respondente kan dui op die gebrek aan 'n bepaalde mening of 'n ongevormde mening wat hierdie aspek van die kunstenaar se ontwikkeling betref. Indien die kinderboekillustreerder as kunstenaar beskou kan word, behoort hierdie onduidelikheid uit die weg geruim te word. Die kinderboekillustreerder kan op hierdie aspek negatief beoordeel word.

Vraag 3.5

Die algemene mening van respondente is dat die boek in geheel as die kunswerk beskou kan word. Die menings van die verskillende groepe respondente is redelik eweredig versprei en ondersteun mekaar. Hierdie vraag is doelbewus geformuleer om te bepaal of die boek as geheel en of die illustrasie as sodanig as kunswerk beskou word. Dit blyk dat die kinderboek as geheel as die kunswerk beskou word. Hierdie mening laat duidelik twyfel omtrent die kunswaarde van die illustrasies ontstaan. Binne die konteks van die boek kan die illustrasie moontlik wél waarde hê. Die belangrikheid van die illustrasie moet nog onomwonde vasgestel word.

Vraag 3.6

Die meerderheid respondente is van mening dat die kinderboekillustrasie wel waarde los van die teks kan hê. Dit dui daarop dat die illustrasie selfstandig kan bestaan en dus 'n outonome boodskap kan

hê. Die aard van hierdie boodskap kom reeds in 'n mate na vore in die bespreking van die kommunikasieproses soos dit in die geïllustreerde kinderboek plaasvind. Dit sluit aan by die onderskeid wat voorheen in die hoofstuk gemaak is, dat die boodskap van die teks onderskei word van die visueel-estetiese boodskap van die illustreerder. Hierdie mening word ook ondersteun deur die studie op Vraag 3.2 wat op 'n groot mate van skeppende werk deur die kinderboekillustreerder dui.

Die belangrike bydrae van die illustrasie tot die boek as kunswerk in geheel, word ook deur die studie op hierdie vraag beklemtoon. Dit lyk dus asof hierdie unieke bydrae of ekstra dimensie wat deur die illustreerder aan die kinderboek verleen, algemeen aanvaar word.

Vraag 3.7

Die belangrikheid van die boodskap wat deur die illustrasies in die kinderboek oorgedra word, word deur die meerderheid respondente erken. Hulle stem saam dat die kinderboekillustrasie visueel-opvoedkundige waarde behoort te hê en 'n visuele boodskap aan die kind oor dra. Dit word dus algemeen aanvaar dat die kinderboekillustrasie 'n visuele boodskap aan die "leser" daarvan kommunikeer. Dit is van belang vir die ondersteunende argument van hierdie studie dat die kinderboekillustrasie moontlik kan bydra tot die ontwikkeling van die kind se waardering vir kuns.

Vraag 3.8

'n Oorweldigende meerderheid respondente is van mening dat die kinderboekillustrasie van esteties-opvoedkundige waarde behoort te wees. Hierdie mening dui op die belangrikheid van die kinderboekillustrasie om sensitiwiteit en waardering van kuns by die kind aan te wakker. Ook wys dit op 'n algemene bewustheid van die kunswaarde van die kinderboekillustrasie.

Vraag 3.9

Die mening van respondente is verrassend ten gunste van die stelling dat 'n kinderboekillustrasie in dieselfde mate as enige onafhanklike kunswerk estetiese beleving moontlik maak. Die stelling word ook grootliks deur verteenwoordigers uit die kunswêreld ondersteun. Die verskil van mening asook die twyfel op sommige vrae het twyfel omtrent die kunswaarde van die illustrasie in die kinderboek laat ontstaan. Hierdie aspek hou verband met die waarde van die kinderboekillustreerder as kunstenaar. Die feit dat die kinderboek as geheel as kunswerk beskou word, het hierdie twyfel verder versterk. Ten spyte daarvan word die estetiese waarde van die kinderboekillustrasie met hierdie positiewe reaksie verhoog. Die studie dui op 'n bewustheid en erkenning van die kunswaarde en gevolglik estetiese beleving van die kinderboekillustrasie. Dit versterk die argument dat die kinderboekillustreerder as kunstenaar beskou kan word.

Vraag 3.10

Die mening is hoofsaaklik dat kinders van die ouderdom 6 - 10 jaar wel kuns kan waardeer. Ten opsigte van kinders van 3 - 6 jaar is daar nog 'n beduidende meningsverskil uit al die groepe respondente omtrent die benadering dat hierdie ouderdomsgroep nog nie kuns kan waardeer nie. Wat hulle wel onbewustelik ervaar, speel 'n rol in die ontwikkeling van hul kunsgevoel. Die algemene mening is egter dat kunswaardering wel deur die kind ervaar kan word.

Uit die reaksie op Vraag 3 as geheel word afgelei dat die algemene mening deur respondente gehuldig word dat kinderboekillustrasies wel 'n beduidende boodskap aan die waardeerder van die illustrasies oordra. Ook dat 'n sterk visuele en estetiese boodskap gekommunikeer word en dat kinders tussen die ouderdomme 3 - 6 jaar op hierdie boodskap kan reageer en, veral tussen ouderdomme 6 - 10 jaar, kan interpreteer. Dit lyk asof die kinderboekillustrasie selfstandige kunswaarde kan hê, al word die kinderboek ook as kunswerk beskou. Indien die skeppende talent van die kinderboekillustreerder tot uiting kom en hy ook moontlik ander kreatiewe werk kan doen, behaal hy sukses en word hy as kunstenaar gereken.

VRAAG 4:

Doel van Vraag 4:

- Om kriteria wat deur respondente gebruik word om kinderboekillustrasies en ander kunswerke te evalueer, te vergelyk. Daar is steeds nie uitsluitel omtrent die illustrasie as kunswerk nie. Daarom word in Vraag 4 'n onderskeid getref tussen algemeen aanvaarde kunswerke en kinderboekillustrasies.
- Om volgens die persentasie studie die volgorde van belangrikheid van kriteria vir kinderboekillustrasies en ander kunswerke te bepaal. Ook om kunskriteria te kan vasstel om die estetiese boodskap van die kinderboekillustrasies in die volgende hoofstuk te evalueer.
- Om kriteria te bepaal waarvolgens die kinderboekillustrasie as kunswerk geëvalueer kan word. Die kunskriteria wat aan die respondente gestel word se bruikbaarheid vir hierdie studie word vasgestel.

Resultate op Vraag 4:

	Kinderboek-illustrasie		Kunswerk		Studie	
	1 Ja	2 Nee	1 Ja	2 Nee	K/boek-illustrasie	Kunswerk
4.1 Die idee van die kunswerk of illustrasie het sy oorsprong by die kunstenaar of illustreerder en nie by die skrywer nie.	9 42,857%	12 57,143%	19 90,50%	2 9,50%	77,777%	77,777%
4.2 Die gekose medium en tegniek is draers van die boodskap.	17 73,913%	6 26,087%	19 82,609%	4 17,391%	85,185%	85,185%
4.3 Dit word as entiteit geëvalueer.	16 80,0%	4 20,0%	19 95,0%	1 5,0%	74,074%	74,074%
4.4 Dit moet van 'n titel voorsien wees.	7 33,333%	14 66,667%	4 21,053%	15 78,947%	77,777%	70,370%
4.5 Dit dra 'n boodskap oor aan die kyker.	24 100%		21 91,304%	2 8,696%	88,888%	85,185%
4.6 Dit moet tegnies goed versorg wees.	23 100%		22 100%		85,185%	81,481%
4.7 Die volgende tegniese elemente word geëvalueer:						
4.7.1 Punt (tot fokuspunt)	16 80,0%	4 20,0%	18 94,70%	1 5,30%	74,047%	70,370%
4.7.2 Lyn (bv. dinamies en aggressief)	18 81,818%	4 18,182%	19 90,476%	2 9,524%	81,481%	77,777%
4.7.3 Vlak (bv. oop en geslote)	15 68,182%	7 31,818%	19 90,476%	2 9,524%	81,481%	77,777%
4.7.4 Toonwaarde (bv. grof, helder, donker)	18 81,818%	4 18,182%	18 85,714%	3 14,286%	81,481%	77,777%
4.7.5 Tekstuur (bv. grof, glad)	18 81,818%	4 18,182%	18 85,714%	3 14,286%	81,481%	77,777%
4.7.6 Kleur (bv. helder, ekspressief)	18 81,818%	4 18,182%	18 85,714%	3 14,286%	81,481%	77,777%
4.7.7 Vormhantering (bv. suggestie, beskrywend, los)	19 90,476%	2 9,524%	17 85,0%	3 15,0%	77,777%	74,074%
4.7.8 Ruimtehantering (bv. oop, vlak, perspektiwies)	18 81,818%	4 18,182%	18 85,714%	3 14,286%	81,481%	77,777%
4.7.9 Beweging (hetsy gesuggereerd of as tyd)	19 86,364%	3 13,636%	19 90,50%	2 9,50%	81,481%	77,777%
4.7.10 Ligwerking (bv. realities, natuurlik, mistiek)	18 81,818%	4 18,182%	20 95,238%	1 4,762%	81,481%	77,777%

Resultate op Vraag 4: (vervolg)

Ontleding volgens steekproefgroepe:

GROEPE	KINDERBOEKILLUSTRASIE		KUNSWERK	
VRAAG 4.1	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	3 (50%)	3 (50%)	6 (100%)	2 (28,571%)
Bibliotekaris	3 (42,857%)	4 (57,143%)	5 (71,429%)	
Lede van komitees vir boektoekennings		1 (100%)	2 (100%)	
Kunskritici	1 (50%)	1 (50%)	2 (100%)	
Kunsdosente	3 (42,857%)	4 (57,143%)	7 (100%)	
Kunstenaars	2 (50%)	2 (50%)	4 (100%)	
Illustreerders	1 (33,333%)	2 (66,667%)	3 (100%)	
VRAAG 4.2	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	4 (66,667%)	2 (33,333%)	6 (100%)	1 (12,50%)
Bibliotekaris	8 (100%)		7 (87,50%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)		2 (100%)	3 (37,50%)
Kunsdosente	4 (50%)	4 (50%)	5 (62,50%)	
Kunstenaars	2 (40%)	3 (60%)	3 (60%)	
Illustreerders	1 (33,333%)	2 (66,667%)	2 (66,667%)	
VRAAG 4.3	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	3 (37,50%)	5 (100%)	1 (14,285%)
Bibliotekaris	5 (62,50%)		6 (85,714%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	1 (50%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)		2 (100%)	
Kunsdosente	5 (100%)		5 (100%)	
Kunstenaars	4 (100%)		4 (100%)	
Illustreerders	3 (100%)		3 (100%)	
VRAAG 4.4	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	1 (16,667%)	5 (83,333%)	1 (20%)	4 (80%)
Bibliotekaris	3 (42,857%)	4 (57,143%)	1 (14,286%)	6 (85,714%)
Lede van komitees vir boektoekennings	1 (50%)	1 (50%)	1 (50%)	1 (50%)
Kunskritici		2 (100%)		2 (100%)
Kunsdosente	3 (42,857%)	4 (57,143%)	1 (16,667%)	5 (83,333%)
Kunstenaars	2 (40%)	3 (60%)		4 (100%)
Illustreerders	2 (66,667%)	1 (33,333%)	1 (33,333%)	2 (66,667%)

VRAAG 4.5	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	6 (100%)		6 (100%)	
Bibliotekaris	8 (100%)		8 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	3 (100%)		1 (50%)	1 (50%)
Kunsdosente	9 (100%)		7 (87,50%)	1 (12,50%)
Kunstenaars	7 (100%)		5 (83,333%)	1 (16,667%)
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.6	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	6 (100%)		6 (100%)	
Bibliotekaris	8 (100%)		8 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	3 (100%)		3 (100%)	
Kunsdosente	8 (100%)		8 (100%)	
Kunstenaars	6 (100%)		6 (100%)	
Illustreerders	3 (100%)		3 (100%)	
VRAAG 4.7.1	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)		5 (100%)	
Bibliotekaris	3 (50%)	3 (50%)	6 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	1 (100%)		1 (100%)	
Kunsdosente	7 (87,50%)	1 (12,50%)	7 (87,50%)	1 (12,50%)
Kunstenaars	5 (100%)		6 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.2	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)		5 (100%)	
Bibliotekaris	6 (100%)		6 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)		2 (100%)	
Kunsdosente	6 (75%)	2 (25%)	6 (75%)	2 (25%)
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	

VRAAG 4.7.3	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	4 (80%)	1 (20%)	5 (100%)	2 (25%)
Bibliotekaris	5 (62,50%)	3 (37,50%)	7 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	1 (50%)	1 (50%)	2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)		2 (100%)	
Kunsdosente	6 (75%)	2 (25%)	6 (75%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.4	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	2 (25%)	5 (100%)	1 (14,286%)
Bibliotekaris	6 (75%)		6 (85,714%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	2 (25%)	2 (100%)	2 (25%)
Kunsdosente	6 (75%)		6 (75%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.5	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	1 (12,50%)	5 (100%)	1 (14,286%)
Bibliotekaris	7 (87,50%)		6 (85,714%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	1 (50%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	2 (25%)	2 (100%)	2 (25%)
Kunsdosente	6 (75%)		6 (75%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.6	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	2 (25%)	5 (100%)	1 (14,286%)
Bibliotekaris	6 (75%)		6 (85,714%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	2 (25%)	2 (100%)	2 (25%)
Kunsdosente	6 (75%)		6 (75%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	

VRAAG 4.7.7	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	1 (12,50%)	5 (100%)	2 (28,571%)
Bibliotekaris	7 (87,50%)		5 (71,429%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	1 (14,286%)	2 (100%)	1 (14,286%)
Kunsdosente	6 (85,714%)		6 (85,714%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.8	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	2 (25%)	5 (100%)	1 (14,286%)
Bibliotekaris	6 (75%)		6 (85,714%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	2 (25%)	2 (100%)	2 (25%)
Kunsdosente	6 (75%)		6 (75%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.9	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	1 (12,50%)	5 (100%)	
Bibliotekaris	7 (87,50%)		7 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekenning	2 (100%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	2 (25%)	2 (100%)	2 (25%)
Kunsdosente	6 (75%)		6 (75%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	
VRAAG 4.7.10	JA	NEE	JA	NEE
Uitgewers	5 (100%)	2 (25%)	5 (100%)	
Bibliotekaris	6 (75%)		7 (100%)	
Lede van komitees vir boektoekennings	1 (50%)		2 (100%)	
Kunskritici	2 (100%)	1 (10%)	2 (100%)	1 (10%)
Kunsdosente	9 (90%)		9 (90%)	
Kunstenaars	5 (100%)		5 (100%)	
Illustreerders	4 (100%)		4 (100%)	

Interpretasie van resultate op Vraag 4:

Vraag 4.1

Die oorsprong van die idee van 'n skilderkunswerk en kinderboekillustrasie verskil. Die meeste respondente dui aan dat die basiese idee van die kinderboekillustrasie sy oorsprong by die skrywer en die inhoud van die verhaal het, terwyl die kunstenaar sy eie idee het. Hierdie studie dui egter tot dusver daarop dat die kinderboekillustreerder net soos die kunstenaar ook sy eie idee het. Net soos wat die natuur, die samelewing en selfs 'n gedig of ander geskrewe werk as inspirasie vir die kunstenaar dien, prikkel die teks in die kinderboek die illustreerder om te skep.

Daar is egter 'n beduidende persentasie respondente wat die stelling ondersteun dat die oorsprong van die idee van die kinderboekillustrasie wél by die illustreerder lê. Die teks dien wel as inspirasie, maar die idee is dié van die illustreerder. Hierdie aspek is ook beredeneer waar die kinderboekillustreerder as kommunikeerder bespreek is. Al die groepe, naamlik uitgewers, verteenwoordigers uit sowel die biblioteek- en inligtingwese asook die kunswêreld, ondersteun hierdie stelling. Dit kan wees dat die idee vir die kinderboekillustrasie gewoonlik uit die ervaringswêreld van die illustreerder ontstaan. Dit kan egter slegs gebeur as daar geen doelbewuste voorskrifte of inmenging van die skrywer se kant is nie.

Die algemene benadering erken die gebondenheid aan die teks, waar daar in die verhaal reeds voorskrifte bestaan waarby die kinderboekillustreerder moet hou, byvoorbeeld as die skrywer van 'n groot eikeboom praat, kan die illustreerder slegs 'n eikeboom skets en geen ander boom nie. Hierdie siening hou egter nie rekening met die ekstra bydrae van die illustreerder nie. Die visioen wat die illustreerder het wanneer die teks gelees word en hoé hy dit uitbeeld, is ter sprake by die idee van die illustrasie. Daar is dus in die praktyk meningsverskil rondom hierdie aspek van kinderboekillustrasies.

Vraag 4.2

Volgens die resultate kan afgelei word dat medium sowel as tegniek funksioneer as draers van die boodskap in die kinderboekillustrasie en in die gewone kunswerk.

Dit is tog opvallend dat enkele verteenwoordigers van die beeldende kunste van hierdie kriterium verskil, aangesien 'n aantal respondente in hierdie groep van mening is dat die kinderboekillustrasie nie 'n boodskap deur medium en tegniek oordra nie, terwyl die kunswerk dit wel doen. Dit mag wees dat respondente die beperkings in ag neem wat aan illustreerders gestel word deur uitgewers of die grafiese drukprosesse ten opsigte van die medium en tegniek. Dit kan verklaar waarom hier verskil van mening is.

Vraag 4.3

Die meerderheid respondente is van mening dat die kinderboekillustrasie sowel as die kunswerk as entiteit geëvalueer kan word. Dit ondersteun die mening van respondente by Vraag 3.6 dat die kinderboekillustrasie los van die teks waarde kan hê en homself as kuns handhaaf.

Dit is interessant dat teenkanting teen bogenoemde afleiding van die biblioteek- en inligtingwese kom. Dit kan spruit uit die mening van respondente by Vraag 3.5 dat die boek as geheel as kunswerk beskou moet word en nie die illustrasie op sigself nie.

Vraag 4.4

Dit blyk dat die algemene benadering van die respondente is dat nie die kinderboekillustrasie of die skilderkunswerk 'n titel hoef te hê nie. Dit is interessant dat soveel respondente geen titel by die kunswerk vereis nie. Dit kan wees dat dié wat wel 'n titel vir die kinderboekillustrasie vereis, weer die kinderboek in sy geheel as kunswerk sien. Laasgenoemde afleiding word egter nie ondersteun deur die ontleding van groepe nie. 'n Aantal respondente uit die kunswêreld en veral illustreerders self vereis 'n titel by kinderboekillustrasies, terwyl hierdie groep by Vraag 4.3 die moontlikheid ondersteun dat die kinderboekillustrasie as entiteit geëvalueer word.

Vraag 4.5

Daar is eenstemmigheid by respondente dat sowel die kinderboekillustrasie as die skilderkunswerk 'n boodskap aan die kyker oordra. Die standpunt van enkele respondente uit die wêreld van die beeldende kunste dat kunswerke nie 'n boodskap aan die kyker oordra nie, is interessant. Geen verklaring kan hiervoor gegee word nie, tensy dié respondente van mening is dat die kunswerk nie doelbewus 'n boodskap aan die kyker oordra nie. Hulle beskou dit waarskynlik vanuit die oogpunt dat 'n kunstenaar slegs werk om homself te plesier en nie om 'n boodskap aan iemand te formuleer nie. Dit hou egter in dat die kunswaardeerder nie 'n reaksie sou hê nie.

Vraag 4.6

Hier is algehele eenstemmigheid by respondente dat sowel die kinderboekillustrasie as die algemene kunswerk tegnies goed versorg moet wees. Dit kan dui op die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder. Die vaardigheid waarmee die illustrasie uitgevoer word, verhoog sy kunsgehalte. Dit sluit aan by die omskrywing van kuns, wat die vaardigheid en bekwaamheid van 'n persoon as vereiste by kunsskepping stel.

Vraag 4.7

Al die genoemde tegniese elemente word deur die meerderheid respondente by beide kinderboekillustrasies en kunswerke positief geëvalueer. Daar is tog uit veral die groepe bibliotekarisse en kunsdosente enkele respondente wat nie al die tegniese elemente gebruik om sowel kinderboekillustrasies as kunswerke te evalueer nie. Dit kan toegeskryf word aan die mening dat kinderboekillustrasies nie los van die boek selfstandige waarde besit nie. Daarom behoort dit nie as kunswerk geëvalueer te word nie.

Dit is ook beduidend dat vlak as tegniese element nie so belangrik by kinderboekillustrasie geag word nie. Vormhantering en beweging weer, word veral belangrik geag deur respondente. Dit sluit ook aan by die beredenering in die vorige hoofstuk rondom die kinderboekillustrasie as nieverbale illustrasie. Dit is duidelik 'n eng beskouing, as al die stylrigtings wat in dieselfde hoofstuk met kinderboekillustrasie verbind is, in ag geneem word.

Die afleiding kan gemaak word dat al die kriteria by Vraag 4 genoem, gebruik kan word om kinderboekillustrasies te evalueer. Die kriteria word in 'n mindere of meerdere mate deur respondente ondersteun. Die feit dat 'n criterium verwerp word, is ook van belang, soos die mening dat 'n kinderboekillustrasie van 'n titel voorsien moet wees al dan nie. So ook in die geval van die vraag na waar die oorsprong van die kinderboekillustrasie lê.

In 'n poging om kriteria te identifiseer waarmee die estetiese waarde van die kinderboekillustrasie geëvalueer kan word, word al die kriteria gestel. Gebaseer op die studie van die vraelys, kan die kriteria vir kinderboekillustrasie in die volgende orde van belangrikheid geplaas word:

1. Dit dra 'n boodskap aan die kyker oor.
2. Dit moet tegnies goed versorg wees.
3. Vormhantering is belangriker as by ander kunswerke.
4. Gesimuleerde beweging in illustrasies is belangrik vir die kind.
5. Die volgende tegniese elemente word in volgorde van keuse deur respondente weergegee: lyn, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, ligwerking en punt.
6. Dit word as entiteit geëvalueer.
7. Medium en tegniek funksioneer as draers van die boodskap.
8. Vlak word as tegniese element geëvalueer.
9. Die oorsprong van die idee vir die kinderboekillustrasie lê by die kinderboekillustreerder óf skrywer van die teks.
10. Dit hoef nie van 'n titel voorsien te wees nie.

Dieselfde kriteria wat vir kinderboekillustrasies gestel is, word ook vir ander kunswerke genoem. Hierdie volgorde is, soos vir bogenoemde lys, volgens die persentasie van die studie bepaal.

Kriteria vir ander kunswerke:

1. Dit word as entiteit geëvalueer
2. Ligwerking
3. Punt
4. Boodskap word aan die kyker oorgedra
5. Beweging
6. Oorsprong van idee by kunstenaar.
7. Lyn
8. Vlak
9. Toonwaarde
10. Tekstuur
11. Kleur
12. Ruimte
13. Vorm
14. Medium en tegniek is draers van die boodskap.
15. Dit moet tegnies goed versorg wees.
16. Dit hoef nie van 'n titel voorsien te wees nie.

Dit lyk nie asof laasgenoemde volgorde noodwendig die logiese patroon is waarin evaluering van skilderkunswerke uiteindelik plaasvind nie. Dit dui ook nie duidelik die orde van belangrikheid van kriteria aan nie omdat die antwoorde van die kriteria nie dieselfde vir elke respondent is nie. Die oneweredige studie kan daaraan toegeskryf word dat respondente ander kriteria gebruik of nie noodwendig een criterium bo 'n ander stel nie. Vraag 5 poog om ander kriteria in ag te neem as die wat in Vraag 4 aan respondente gestel is.

VRAAG 5:

5 Ander kriteria wat u as van belang beskou.

5.1 Kinderboekillustrasies: _____

5.2 Kunswerke: _____

Doel van Vraag 5:

Die doel van hierdie oop vraag is om aan respondente die geleentheid te gee om bykomende kriteria wat hulle aanwend om kinderboekillustrasies en daarteenoor ander kunswerke te evalueer. Oorvleuelende kriteria word as sodanig aangedui.

Resultate op Vraag 5:

Die resultate op Vraag 5 word so na as moontlik aan die woordelike studie op die vraelyste gehou. Ter wille van die logiese uiteensetting daarvan word die ooreenstemmende kriteria eerste weergegee, daaropvolgend die kriteria wat uitsluitlik vir kinderboekillustrasies gegee is en dan die kriteria wat vir kunswerke genoem is.

Respondente toon soos volg aan dat sekere kriteria by die evaluering van kinderboekillustrasies en kunswerke ooreenstem:

- Gevoel of stemming word deur beide kinderboekillustrasie en kunswerke oorgedra, al moet die kinderboekillustrasie ook met die teks rekening hou.
- Komposisie is by albei van belang. Goeie strukturele organisasie van die tegniese vormtaalelemente is dus belangrik.
- Unieke ekspressie en die kunstenaar se verhouding tot die inhoud van die kinderboekillustrasie hou verband met die intensie en kreatiewe besluitneming.
- Goeie tegniese versorging van die skilderkunswerk en goeie kwaliteit van die kinderboekillustrasie stem ooreen.
- Vir beide kan kriteria vir evaluering nie tot empiriese gegewens gereduseer word nie.

Die eiesoortige kriteria wat respondente aanwend in die evaluering van kinderboekillustrasies en daaropvolgend vir ander kunswerke word weergegee as:

Vraag 5.1 Kinderboekillustrasies

- Stemming word deur die teks bepaal en die illustrasie is onlosmaaklik aan die teks verbind.
- Ekspressie word bereik deur die gebruik van formele elemente wat herkenbaar vir die kind en ryk aan detail is.
- Tydsgees word nie noodwendig weerspieël nie.
- Die boodskap moet spesifiek en feitelik korrek wees.

- Die teks, die kind, drukproses en mediums behoort in ag geneem te word by evaluering.
- Die kinderboekillustrasie is meer funksioneel.

Vraag 5.2 Kunswerke

- Stemming word deur die kunstenaar bepaal.
- Opleiding van kunstenaars wissel van gesofistikeerd tot onopgelei of naïef.
- Abstrakte elemente dra 'n estetiese boodskap.
- Visioenêre vormtaal is belangriker.
- Vernuwing ten opsigte van medium, tegniek en boodskap behoort plaas te vind.
- 'n Spesifieke tydsges word weerspieël en die kunswerk toon relevansie tot die samelewing.
- Daar is geen konklusies in die boodskap nie.

Interpretasie van resultate op Vraag 5:

In die geheel beskou bied Vraag 5 die geleentheid aan respondente om hul menings verder uit te brei. Aangesien menings moeilik empiries kontroleerbaar is, mag dit gebeur dat die interpretasies self ook nie heeltemal suiwer is nie.

Daar word gepoog om logiese afleidings te maak, wat betrekking het op die kernvraagstuk van hierdie studie, naamlik om die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder te bepaal. Daar word verwys na die kinderboekillustrasie in kontras met ander kunswerke en die kinderboekillustreerder teenoor die erkende kunstenaar bloot om in hierdie stadium van beredenering 'n onderskeid te tref.

Waar die kriteria van evaluering vir beide kinderboekillustrasies en ander kunswerke ter sprake is, gaan dit onder meer om die gevoel of stemming wat aan die waarnemer oorgedra word. Dit word by sowel die ooreenstemmende as by die eiesoortige kriteria weergegee.

Bogenoemde aspek kan verband hou met die idee van die illustreerder of kunstenaar. Dit is dus steeds 'n kwessie van die invloed wat die teks op die illustrasie in die kinderboek het.

Standpunt is reeds ingeneem ten opsigte van die verhouding tussen die teks en die illustrasie in die geïllustreerde kinderboek. Daar is wél 'n onderlinge verband tussen die kommunikatiewe elemente in die kinderboek, maar vir die doel van hierdie studie word die aandag gevestig op die unieke bydrae van die illustreerder. Die tegniese vormtaalelemente is reeds in Vraag 4 betrek. Die gebruik daarvan in 'n bepaalde komposisie en met groot vaardigheid is in albei illustrasies en ander kunswerke weer in

Vraag 5 ondersteun. Wat betref hierdie aspek is ook reeds standpunt ingeneem. Die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder hang onder meer af van die vaardigheid waarmee hy die illustrasie skep. Die unieke uitdrukkingswyse van die illustreerder sowel as dié van die kunstenaar hou verband met die doel en die kreatiewe besluitneming van albei. Hierdie mening is ook reeds in Vraag 3, onder veral 3.2 en 3.3, beredeneer. Die mate waarin die kinderboekillustreerder dus kreatief kan wees, is bepalend vir sy kunstenaarskap.

In Vraag 5 word die feit genoem dat kriteria vir evaluering nie empiries nagevors kan word nie. Dit is reeds gestel dat hierdie navorsing op kwalitatiewe gegewens berus en dat gepoog word om op akademiese grondslag tot objektiewe gevolgtrekkings te kom.

Ten opsigte van tipiese kriteria by beide kinderboekillustrasies en ander kunswerke is daar geen uitsluitel nie. Die kind is uiteraard van meer belang by die illustrasie in die kinderboek. Die funksie daarvan is ook gespesialiseerd. Die illustrasie is meer gebonde aan grafiese tegnieke as skilderkunswerke. Tog verg die illustrasie ook bepaalde bekwaamhede wat dit uitmuntend maak. Wat abstraksie en realisme betref, is die verskil wat tussen kinderboekillustrasies en ander kunswerke gemaak word, ook aanvegbaar. Daar is tog erkende kunstenaars wat herkenbare tonele skilder en erkende kinderboekillustreerders maak weer in 'n mate ook van abstraksie gebruik. Die stelling dat visioenêre vormtaal van meer belang is by ander kunswerke teenoor tegniese vormtaal by kinderboekillustrasies, word in die volgende hoofstuk duideliker gestel wanneer gepoog word om beide visioenêre en tegniese vormtaal van illustrasies in kinderboeke te ondersoek. Die kwessie van die tydsgees wat weerspieël word in kunswerke teenoor die gebrek daaraan in illustrasies hou verband met bogenoemde vormtaal en is geen uitgemaakte saak nie.

In die evaluering van die kinderboekillustrasie word die kunsaspek nie geïgnoreer nie en respondente toon sensitiwiteit hiervoor. Die moontlikheid van die evaluering van die kinderboekillustrasie as kunswerk word veral duidelik uit die ooreenstemmende kriteria waar gevoel en die tegniese elemente van die illustrasie sowel as van die skilderkunswerk aandag geniet. Die kreatiwiteit van die kunstenaar sowel as die illustreerder is ook ter sprake by die kunstenaarskap van die illustreerder.

Aangesien elke kunswerk as unieke uitdrukking van die kunstenaar geëvalueer word, is daar 'n mening dat die kriteria vir evaluering nie tot empiriese gegewens gereduseer word nie. Dit is dus van belang dat dieselfde mening ook ten opsigte van kinderboekillustrasies gehuldig word, as dit as kunswerke beskou sou word.

3.1.3 Gevolgtrekking wat betref die uitslae op die vraelys

Respondente se menings soos verkry uit die antwoorde op die vraelys, weerspieël nie noodwendig die menings van die bepaalde groepe nie. Dit kan egter dui op die verskil in mening wat oor die algemeen bestaan ten opsigte van kinderboekillustrasies as kunswerke. Hierdie menings word deur individue

gehuldig wat binne die kunswêreld sowel as op die gebied van die kinderboek aktief is. Daarom is dit steeds van groot belang vir hierdie studie.

Die kriteria wat deur middel van die reaksie op die vraelys geïdentifiseer en bespreek is, kan ook slegs as riglyn gebruik word by die evaluering wat gedoen gaan word van kinderboekillustrasies as kunswerke. Die doel van die evaluering is om die mate te bepaal waarin kinderboekillustrasies 'n estetiese boodskap bevat. Dit is dié wyse waarop die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder geëvalueer gaan word.

Sommige kriteria is uitgelig en word in aanmerking geneem by die saamstel van kriteria om kinderboekillustrasies as kunswerke te evalueer.

Uit die reaksie op die vraelys blyk dit dat daar in Suid-Afrika 'n bewustheid bestaan van die waarde van die kinderboekillustrasie as draer van 'n estetiese boodskap. Daaruit word ook duidelik dat 'n algemene besef van die kunswaarde van die kinderboekillustrasie bestaan. Dit word as entiteit beskou en as deel van die boek. Daar word bepaald 'n sensitiwiteit vir die kinderboekillustreerder as kunstenaar weerspieël in die studie.

Die vraelys is geslaagd in dié opsig dat belanghebbendes by die kinderboek en by die visuele kunste hul menings gelug het ten opsigte van die kunswaarde van kinderboekillustrasies. Hul studie bevestig die stelling dat daar meningsverskille in die praktyk bestaan ten opsigte van die omvang van die estetiese waarde van die kinderboekillustrasie, maar dat daar wel 'n algemene gevoel bestaan dat die kinderboekillustrasie 'n estetiese boodskap kan bevat. Die kinderboekillustreerder is kunstenaar, met voorbehoude, soos blyk uit die toepassing van die gestelde kriteria.

Hoewel die vraelys nie daarin slaag om onweerlegbare kriteria vas te stel waarmee die kunswaarde van kinderboekillustrasies bepaal kan word nie, kan die kriteria wat wel deur respondente as belangrik geag word, in ag geneem word in die volgende hoofstuk wanneer kinderboekillustrasies geëvalueer word.

Enkele tekortkominge wat na die reaksie op die vraelys na vore kom, word kortliks gestel. Die vraelys kon moontlik menings van respondente getoets het ten einde meer empiriese waarde daaraan te verleen. Die aard van die navorsing is egter deurgaans kwalitatief en daarom is die vraelys as sulks vir die doel van hierdie studie aanvaar. 'n Groter populasie sou betrek kon word ten einde 'n meer verteenwoordigende studie te kry. Daar is tog gepoog om 'n balans tussen verskillende groepe respondente te handhaaf. Die studie sou byvoorbeeld verhoog kon word deur tweetalige vraelyste en persoonlike kontak met respondente. 'n Poging in dié verband is aangewend deur telefonies met respondente te skakel wat aanvanklik nie op die vraelys gereageer het nie en die terugvoer is daardeur verbeter.

Die waarde van die reaksie op die vraelys is dus die ondersteuning van die aanvanklike stelling dat menings ten opsigte van die kunswaarde van die kinderboekillustrasie uiteenlopend is. Daar is egter aangetoon dat daar 'n algemene besef is dat die kinderboekillustrasie 'n estetiese boodskap bevat en dus vir die kind van estetiese waarde kan wees. Die kinderboekillustrasie kan selfstandige kunswaarde hê.

Uit die reaksie op die kriteria wat in die vraelys gestel is, word ook algemene riglyne aangedui waarvolgens kunswerke geëvalueer kan word. Die mate waarin kinderboekillustrasies aan dié kriteria voldoen, dui op 'n duidelike estetiese boodskap en dus op die kunswaarde van die kinderboekillustrasies. Die duidelikheid van die estetiese boodskap bepaal die mate waarin estetiese beleving vir die kind moontlik is. Hoe beter hy die boodskap verstaan, hoe meer kan hy die illustrasie geniet.

As gevolg van die kwalitatiewe aard van die resultate verkry deur die vraelys, word dit aangevul deur 'n literatuurstudie wat as basis beskou word vir die kriteria wat aangewend word om die kinderboekillustrasies te evalueer. 'n Omvattende bespreking van die kriteria vir die evaluering van kunswerke word ook by die literatuurstudie betrek om dié kriteria toe te pas by die evaluering van kinderboekillustrasies.

3.2 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie ten opsigte van kriteria wat deur uitgewers en boekkeurders aangewend word, word ter aanvulling van die vraelyste gedoen. Kriteria om kinderlektuur te evalueer, word gereeld saamgestel deur individue (byvoorbeeld ouers en onderwysers) en organisasies wat boektoekennings doen met die doel om geskikte boeke vir kinders te kies of wat kinderboeke vir die spesialismark uitgee. 'n Belangrike groep in laasgenoemde organisasies is uiteraard uitgewers.

3.2.1 Uitgewers

Uitgewers word gesien as 'n sleutelement in die voorsiening van kinderboeke (Hunt, 1991 : 156). Dit is uitgewers wat die mark identifiseer, opdrag gee om 'n boek die lig te laat sien en tekste kies vir die kinderboekmark en aanpassings daaraan maak. Die kriteria wat uitgewers toepas vir die keuring van kinderboeke is dus van belang.

Retief en Potgieter (1989 : 14-18) gee 'n volledige uiteensetting van kriteria vir keuring wat deur twee Suid-Afrikaanse uitgewers, naamlik HAUM en Human & Rousseau, gebruik word by die aanvaarding van 'n kinderboek vir publikasie. Aangesien dit in hierdie studie gaan om die evaluering van die illustrasie as estetiese entiteit, word slegs die vereistes waaraan kinderboekillustrasies moet voldoen, uitgelig:

HAUM:

- Die teks en illustrasies moet geïntegreer word.
- Die illustrasies moet varieer ten opsigte van kleur, vorm en grootte.
- Die hoofkarakters moet duidelik wees en nie deur die agtergrond oorheers word nie.
- Die atmosfeer wat deur die illustrasie geskep word, moet by die teks aansluit.
- Baie voorwerpe kan uitgebeeld word, maar op 'n eenvoudige wyse.
- Daar moet gebeure plaasvind en die karakters moet natuurlik beweeg.
- Die illustrasie moet die feite van die verhaal weergee, maar kan wel meer besonderhede gee.
- Die karakters in die verhaal moet dieselfde eienskappe behou.
- Illustrasies wat oor teks gedruk word, lees moeilik en voldoende ruimte moet vir teks gelaat word.

HUMAN & ROUSSEAU:

- By illustrasies word daar hoofsaaklik na die gehalte van die werk en die geskiktheid van die styl vir die spesifieke storie en vir die kinderleser gekyk.
- Illustrasies moet geen teenstrydighede met die teks bevat nie en moet konsekwent wees.
- Hoewel illustrasies vir die massamark, byvoorbeeld boekwinkels, minder gesofistikeerd moet wees as in boeke vir die biblioteekmark, behoort dit nie van swakker gehalte te wees nie (Retief en Potgieter, 1989 : 16-17.)

Uit bogenoemde kriteria word enkele afleidings gemaak. Uitgewers se riglyne word sekerlik deur hul doelstellings bepaal. Gehalte en die wisselwerking tussen teks en illustrasie as eenheid is vir hulle van groot belang. Die vereistes van beide uitgewers stel egter geen riglyne vas vir die tegniese elemente soos lyn, kleur, of tekstuur nie en mediumvoorkeure ten opsigte van grafiese tegniek word nie betrek nie. Die estetiese evaluering blyk nie so 'n groot rol te speel by uitgewers nie, maar die belangrikheid van elemente soos beweging en tipografie as draers van 'n boodskap kan afgelei word. Die moontlikheid van 'n estetiese boodskap word in beide uitgewers se riglyne erken deur die elemente kleur, vorm, grootte en styl as evalueringselemente te gebruik. Gehalte as riglyn dui ook op die tegniese vaardigheid van die illustreerder en dus op sy kunstenaarskap.

Hierdie riglyne soos deur die uitgewers gestel vir die keuring van kinderboekillustrasies beklemtoon die feit dat 'n betroubare produk van goeie gehalte aan die kind gelewer moet word.

Dit blyk dat die wyse waarop die illustreerder die boodskap van die teks oordra by hom berus, en hy kry erkenning vir die mate waarin hy slaag om die boodskap in die illustrasie vas te lê. Die kind as kommunikeerder word deur die uitgewers in ag geneem, en die behoeftes en beperkings van die kind soos dit in Hoofstuk 2 (Kommunikasie in die geïllustreerde kinderboek) na vore kom, sluit by die gestelde riglyne aan.

Die waarde van die riglyne soos deur die uitgewers gestel, is daarin gesetel dat dit aan die kind 'n illustrasie van goeie gehalte bied. Die belangrikheid van die illustrasie as draer van 'n boodskap word besef, en sodoende word erkenning aan die illustreerder as kodeerder van 'n boodskap gegee. Die ekstra bydrae wat die illustreerder tot die kinderboek lewer, is hier ter sprake. Die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder word dus in 'n mate deur die uitgewers van kinderboeke aangespreek.

'n Volgende groep wat kriteria vir die evaluering van kinderboekillustrasies daarstel, is organisasies of instansies wat boektoekennings doen.

3.2.2 Boektoekennings

Toekennings word wêreldwyd aan verdienstelike kinderboekillustreerders gedoen op grond van die illustrasies wat deur hulle geskep is. Erkenning word aan illustreerders gegee vir hul bydrae en vakmanskap. In watter mate die kunstenaarskap van hierdie illustreerders erken word, word bespreek. Aangesien die studie op die vraelyste met betrekking tot boektoekennings betreklik klein was, word hieraan verder aandag gegee.

In Suid-Afrika word die Katrine Harries-toekenning tweejaarliks aan illustreerders toegeken, maar omdat die kriteria daarvoor nie kunselemente betrek nie, word die kriteria gestel deur die toekenning van die Caldecott-medalje in die VSA ook bespreek. Die Kate Greenaway-medalje van Brittanje sowel as die Hans Christian Andersen-toekenning wat internasionaal toegeken word, word ter wille van volledigheid betrek.

3.2.2.1 Katrine Harries-toekenning

Aanvanklik maak die C.P. Hoogenhout-toekenning voorsiening vir erkenning aan skrywers of illustreerders van kinderboeke in Suid-Afrika. Die illustrasies is gemeet aan die volgende kriteria:

- Die illustrasie sal beantwoord aan die standarde van kunsontwerp en kleurgebruik.
- Die illustrasies sal by die teks aansluit.

- Illustrasies sal gewoonlik 'n integrale deel uitmaak van die kinderboek. Enkele volbladillustrasies is wenslik en hoe jonger die kind, hoe groter sal die illustrasies wees (Lohann, 1978 : 3).

Met die instelling van die Katrine Harries-toekenning in 1973 word die voorwaardes en norme, soos gestel vir die C.P. Hoogenhout-toekenning, oorgeneem. Laasgenoemde toekenning word voortaan slegs aan skrywers van kinderboeke toegeken. Die illustrasies moet voldoen aan hoë kunsvereistes, by die teks aansluit en 'n integrale deel van die boek uitmaak (Lohann, 1978 : 65).

Hierdie toekenning word tweejaarliks aan 'n illustreerder gedoen wat in die vorige twee jaar werk van onderskeiding gelever het. Volgens Lohann (1986a : 18) word die illustrasies veral as komponente van die boek beoordeel, maar daar word in die paneel beoordelaars ook voorsiening gemaak vir deskundiges uit die kunswêreld wat leiding kan gee en 'n oordeel kan uitspreek oor die kunswaarde van die illustrasies.

Die kriteria wat volgens hierdie toekenning toegepas word, sluit aan by die riglyne van uitgewers wat die illustrasie as deel van die kinderboek evalueer. Die wyse waarop die boodskap van die teks in die illustrasie vasgelê word, berus by die illustreerder en hy kry erkenning vir die vaardigheid daarvan. Die kunstenaarskap van die illustreerder is ter sprake waar die kunswaarde van die illustrasie betrek word. Daar word dus deur hierdie kriteria bevestig dat die kinderboekillustreerder funksioneer as kommunikeerder en dat die kinderboekillustrasie kunswaarde het. Die blote feit dat hierdie toekenning vernoem is na Katrine Harries, wat benewens bekende kinderboekillustreerder ook vereer is deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns, verleen kunstenaarstatus aan elke illustreerder wat hierdie toekenning ontvang. Daarbenewens was sy ook stigter van die Departement Grafiese Kuns aan die Michaelis School of Fine Art, wat haar 'n uitstekende grafiese kunstenaar en 'n kunstenaar in eie reg maak.

Daar word egter nie by hierdie toekenning spesifiek genoem wat die kunsvereistes is nie en geen tegniese vormtaalelemente van kunswerke word genoem nie. Om hierdie rede word kriteria wat deur die Caldecott-medalje geld, ook bespreek.

3.2.2.2 Caldecott-medalje

Dié medalje word jaarliks toegeken aan die illustreerder van die beste prenteboek wat in die voorafgaande jaar in die V.S.A. gepubliseer is. By die vereistes vir die toekenning word die illustreerder duidelik as kunstenaar genoem en die toekenning word spesifiek op prenteboeke gerig. Die kriteria wat gebruik word vir die evaluering van die illustrasies, is volgens Jones (1983 :38) soos volg:

- Voortreflikheid in die uitvoering van artistieke tegniek, van die geïllustreerde interpretasie van die tema, van die styl van die illustrasie in harmonie met die tema. Die uitbeelding van die knoop, tema, karakters, agtergrond, of feite deur die illustreerder moet ook van uitstaande gehalte wees.
- Voortreflikheid in aanbieding met inagneming van die kind as gehoor.
- Die gebruik van grafiese vorm in die prenteboek.
- Besluite word hoofsaaklik ten opsigte van die illustrasies geneem, maar die teks en fisiese versorging van die boeke word steeds in ag geneem.

Oordeel oor die illustrasies word steeds teen die agtergrond van die teks en fisiese versorging van die boek gedoen, maar finale besluite word hoofsaaklik op die illustrasies gebaseer. Hierdie aspek verleen 'n mate van outonomie aan die kinderboekillustrasie en dus ook selfstandigheid aan die kinderboekillustrateur. So word erkenning aan die illustreerder gegee as kommunikeerder en as kunstenaar.

3.2.2.3 *Kate Greenaway-medalje*

Kate Greenaway was 'n bekende kinderboekillustrateur in die negentiende eeu. Sy het baanbrekerswerk in Brittanje gedoen op die gebied van kinderboekillustrasies. Die Kate Greenaway-medalje word jaarliks aan 'n illustreerder van kinderboeke toegeken. Dit word gedoen op grond van hoogstaande gehalte illustrasies in 'n bepaalde kinderboek wat gedurende die vorige jaar gepubliseer is. Die medalje word nie, soos die Caldecott-medalje, in die omskrywing daarvan beperk tot prenteboeke nie en sluit dus ander geïllustreerde kinderboeke in.

Die komitee wat die keuring doen, neem die volgende aspekte van die boek in ag, naamlik die ontwerp, formaat, vervaardiging, sowel as die kunswaarde. Met betrekking tot die illustrasies, word spesifiek die volgende aspekte in ag geneem: verbeeldingryke aanvulling tot die teks, grafiese styl, relevansie, inhoud, verhouding met die begripsvermoë van die kind, uitleg in verhouding tot die teks, styl van die illustrasie as aanvulling tot die skryfstyl en tema van die teks en die koördinering van die illustrasie met die teks om die karakters uit te beeld (Jones, 1983 : 88).

3.2.2.4 *Hans Christian Andersen-toekenning*

Hierdie toekenning word afsonderlik gemaak aan 'n outeur (vanaf 1956) en 'n illustreerder (sedert 1966) wat 'n besondere bydrae tot boeke vir kinders en jongmense gelewer het. Dit is veral die erkenning wat internasionaal aan illustreerders gegee word, wat van belang is vir hierdie studie. Die hele oeuvre van die gekose illustreerder word in berekening gebring wanneer die beoordeling

plaasvind. Volgens die reëls vir die toekenning (Jones, 1983 : 13) word die toekennings onderskeidelik volgens letterkundige en kunskriteria gedoen. Hierdie kriteria word egter nie genoem nie en kan daarom nie aangewend word vir hierdie studie nie. Uit hierdie toekenning blyk dat illustrasies op internasionale vlak aan kunskriteria gemeet word, en ook dat illustreerders op grond van uitmuntende werk vereer word. Hierdie feit verleen gewig aan die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder.

Uit die voorafgaande bespreking van verskeie toekennings wat aan kinderboekillustreerders gedoen word, kan enkele afleidings gemaak word. Die waarde van die kriteria wat deur boektoekennings toegepas word om kinderboekillustrasies te evalueer, is daarin geleë dat die illustrasie ook as entiteit geëvalueer word en erkenning aan die illustreerder as kommunikeerder gegee word. Die vaardigheid waarmee sy boodskap vasgelê en oorgedra word, is ook by boektoekennings van belang, en dit dui weer op die erkenning van die kinderboekillustreerder as kunstenaar.

Die Katrine Harries-toekenning en die Caldecott-medalje betrek kunsontwerp of artistieke tegniek wat elemente soos kleurgebruik, interpretasie van tema, die toepaslikheid van styl en die weergawe van die knoop, tema, karakters, agtergrond of feite van die verhaal insluit. Dit blyk ook dat teks en illustrasie geïntegreerd aangebied moet word en die kind as teiken in aanmerking geneem moet word. Die estetiese vormtaalelemente, naamlik visioenêre en tegniese vormtaalelemente, word steeds nie volledig genoem en bespreek deur kriteria wat geld vir bekende boektoekennings nie.

Aangesien die kriteria daargestel in die literatuur wat handel oor boektoekennings steeds ontoereikend is ten opsigte van die estetiese evaluering van kinderboeke, word die literatuurstudie uitgebrei om die menings van 'n aantal waardebeoordelers van kinderboekillustrasies te betrek.

3.2.3 Waardebeoordelers van kinderboekillustrasies

Die metode waarvolgens waardebeoordelers van kinderboekillustrasies te werk gaan om die illustrasie te evalueer, is ter sake. Daar is verskeie skrywers in die VSA, Brittanje en Europa wat oor die evaluering van kinderboekillustrasies skryf, byvoorbeeld McCann en Richard, Lacy, Cianciolo en Schwarcz. Hulle wy hul navorsing aan die bestudering van kinderboekillustrasies en ook meer spesifiek die kunswaarde en kommunikatiewe aspekte daarvan. In noue verband met beide kunswaarde en kommunikasie, is visuele geletterdheid, wat inhou dat die visuele boodskap van byvoorbeeld kunswerke verstaan kan word. Die belangrikheid van die kinderboekillustrasie as grondlegger van waardering van visuele kuns word deurgaans deur hierdie skrywers beklemtoon en kan nie uitgesluit word van hierdie bespreking nie. Elemente van kuns soos styl, lyn, vorm, ruimte en kleur word bespreek en die illustreerder as kunstenaar word betrek. Die kind as waardeerder van kuns is ook ter sprake, aangesien die moontlikheid dat visuele geletterdheid ontwikkel word deur die kinderboekillustrasie, ook 'n onderliggende argument in hierdie studie is.

Die uiteensetting wat betref kommunikasie (Hoofstuk 2) is ook hier van belang. Daarin is belangrike aspekte rondom die estetiese beleving, kunsuiting en kunsbeleving van die kind reeds bespreek. Ook die idee van die illustreerder vir die illustrasie en die samestelling daarvan is in konteks met kommunikasie omskryf. Die dryfkrag, vaardigheid en kunstenaarskap van die illustreerder is ook in Hoofstuk 2 breedvoerig bespreek. Daarom word hier slegs die kriteria wat deur enkele waardeerders van kinderboeke gebruik word, genoem en in konteks met die kunswaarde van kinderboekillustrasie en die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder geplaas. Daar word ook gepoog om estetiese vormtaalelemente te identifiseer waarvolgens kinderboekillustrasies vir hierdie studie geëvalueer kan word.

McCann en Richard (1973 : 23 - 46) bespreek grafiese elemente soos lyn, kleur, vorm, komposisie en tekstuur, as aspekte van visuele kommunikasie. Met ander woorde, hoe gebruik die illustreerder hierdie grafiese elemente om 'n visuele boodskap oor te dra. Hiermee word die kommunikatiewe waarde wat aan ander kunswerke toegeskryf word ook op kinderboekillustrasies toegepas. Sy klassifiseer kinderboekillustrasies ook volgens stylrigtings soos realistiese, abstrakte en "non-objective" kuns en noem impressionisme en ekspressionisme as historiese invloede op kinderboekillustrasies. Dit lyk dus asof kinderboekillustreerders deur die ou kunsmeesters in genoemde stylrigtings beïnvloed kan word. Hierdie stylrigtings kan ook geld vir erkende kunswerke. Die kunselemente wat sy toepas in die evaluering van illustrasies, naamlik kleur, lyn, vorm, tekstuur en komposisie, is gekies om die kind se vermoë om hierdie elemente te gebruik om die boodskap in die illustrasie te interpreteer en te verstaan, te ontwikkel. Die bevordering van visuele geletterdheid by die kind word hieruit afgelei. Die kunstenaar se persoonlike lewensbeskouing word ook deur McCann en Richard in ag geneem. Dit bevestig die unieke bydrae van die kinderboekillustreerder tot die geïllustreerde kinderboek en spreek sy kunstenaarskap aan. Haar benadering ten opsigte van die evaluering van illustrasies as kunswerke gee erkenning aan die estetiese waarde daarvan.

Cianciolo (1981 : 5) is ook sedert die sewentigerjare met die evaluering van kinderboekillustrasies besig en noem die volgende spesifieke kriteria by die keuring van kinderboekillustrasies:

- Afbeeldings wat gebruik word om 'n verhaal te illustreer, moet die outeur se boodskap, idees en stemming oordra. Dit behoort meer as 'n letterlike benadering tot visuele kommunikasie te wees. Met ander woorde, die illustreerder herhaal nie slegs die teks nie, maar gee 'n ekstra dimensie daaraan. Sy is van mening dat die waarnemer se individualiteit aangemoedig en sy verbeelding gestimuleer word deur die kunswerke in die kinderboek. Hierdie aspek kan weer dui op die visueel-opvoedkundige waarde of visueel geletterdheid van die kind. Met ander woorde die kind leer hoe om te kyk en te verstaan.

- Die kuns in die boek moet die individualiteit en persoonlikheid van die illustreerder weerspieël. Hieruit blyk dat Cianciolo inderdaad die kinderboekillustrasie as kunswerk beskou.
- Die produk van hierdie gesamentlike aktiwiteit van die skrywer en illustreerder moet 'n unieke en aanskoulike geheel vorm.

Cianciolo noem ook dat die illustrasies feite en gedrag moet weergee wat vir die lesers aanvaarbare, ware en positiewe beelde oproep. Kunsstyle soos realisme, ekspressionisme, naïewe kuns, volks- en sprokieskuns word betrek in haar bespreking van kinderboekillustrasies.

McCann en Richard en Cianciolo beskryf estetiese elemente soos styl, lyn en kleur en betrek dit ook in die evaluering van kinderboekillustrasies. Hierdie kriteria is veral belangrik waar die moontlikheid van 'n visueel-estetiese boodskap ondersoek word. Die samehang tussen teks en illustrasie bly van belang, maar kinderboekillustrasies word ook as entiteit geëvalueer om sodanig die estetiese waarde daarvan te bepaal. Die persoonlike beskouing en individualiteit van die illustreerder word betrek in hierdie kriteria. Hierdie feit beklemtoon die unieke bydrae wat die kinderboekillustreerder tot die kinderboek lewer. Die kind as waarnemer word in ag geneem ten opsigte van die ontwikkeling van sy vermoë om die grafiese elemente te gebruik om die boodskap van die illustreerder te interpreteer en te verstaan. Hierdie ontwikkeling van visuele geletterdheid hou verband met die moontlikheid dat die kind opgevoed kan word tot 'n volwassene wat kuns kan waardeer. Visuele geletterdheid as onderliggende argument kom ook ter sprake waar dit om die begrip van die estetiese boodskap gaan.

Lacy (1986a : 1 - 225) bespreek visuele geletterdheid van kinders en betrek lyn, kleur, ligwerking, vorm en ruimte as kunselemente met betrekking tot spesifieke kinderboeke. Sy omskryf visuele geletterdheid as: "the audience's ability to distinguish between reality and unreality, to appreciate use of details that contribute to the whole, to identify unique properties of the artistic medium used, and to understand the main idea intended by the visuals, also called visual discrimination" (Lacy, 1986a : 223).

Stewig (1990 : 128) definieer visuele geletterdheid as: "the ability to receive, process, relate to past experiences, and respond to the picture one sees". Beide Stewig en Lacy betrek prenteboeke wat die Caldecott-toekenning ontvang het om programme vir visuele geletterdheid te ontwikkel. Stewig wys ook daarop dat daar min programme in biblioteke en algemene elementêre skole bestaan om kinders te leer om met groter aandag na prenteboeke te kyk.

Die idee van visuele geletterdheid word verder ondersteun deur Vooijs *et al.* (1992 : 226) en Du Plooy (1989 : 15) wat dit vanuit 'n kommunikasiekundige perspektief ondersoek en dan veral die moontlikhede van televisie in hierdie verband. Lemmer (1989 : 20) doen ook navorsing wat betref die gebruik van die prenteboek en visuele geletterdheid as moontlikheid vir taalontwikkeling. Dit

beklemtoon weer eens die belangrikheid van visuele geletterdheid en die kommunikatiewe waarde van die illustrasie in die kinderboek.

In die voorafgaande beredenering kom twee belangrike aspekte na vore, naamlik die verryking van die kind se visuele geletterdheid met behulp van kinderboekillustrasies en tweedens die moontlikheid van estetiese beleving van kinderboekillustrasies. Die kunswaarde van die kinderboekillustrasies word dus deur hul belangrikheid as grondlegging van kunswaardering ondersteun.

Schwarcz is ook 'n skrywer wat krities na kinderboekillustrasies as kunsvorm kyk. Hy ondersoek die visuele en literêre interaksie en die rol van illustrasie in die visuele beleving van die kind word in die lig van kinderboekillustrasie as kunsvorm bespreek. Hy beskou kinderboekillustrasies as kuns en kinderboekillustreerders as kunstenaars.

Plaaslike kritici van kinderboeke, soos Bedford en Töttemeyer, laat hulle ook in die tagtigerjare uit oor die estetiese en kommunikatiewe aspekte van die kinderboekillustrasie, en Van Heerden skryf oor die belangrikheid van estetiese ontwikkeling van die kind. Daar is dus ook in Suid-Afrika toenemende belangstelling in die estetiese waarde van kinderboekillustrasies as sulks en 'n sterker bewustheid van die kunswaarde daarvan.

Enkele gevolgtrekkings kan gemaak word wat betref kriteria wat deur bogenoemde waardebepalers van kinderboekillustrasies toegepas word vir die evaluering van illustrasies in kinderboeke. Die grafiese kriteria waarmee hulle kinderboekillustrasies evalueer, naamlik historiese invloed, styl, lyn, kleur, vorm, tekstuur en ruimte, sluit nou aan by die estetiese vormtaal wat vir die evaluering van ander visuele kunswerke aangewend word. Die feit dat die illustreerder se eie ervaring en benadering erken word, ondersteun die beredenering ten opsigte van die unieke bydrae wat die illustreerder lewer. Só word die kunstenaarskap van die illustreerder van kinderboeke beklemtoon. Die kommunikatiewe waarde van bogenoemde elemente word omskryf en die bestaan van 'n estetiese boodskap word daarmee erken. Verder gee die skrywers insig in die moontlikhede van visuele geletterdheid. Dit verleen 'n verdere dimensie aan die boodskap wat deur die kinderboekillustrasie oorgedra kan word, naamlik dat die kind opgevoed kan word om ook as volwassene kuns te kan waardeer. Die standpunt dat kinderboekillustrasies wel kunswerke is, word deur die toepassing van hierdie kritici se menings bevestig. Daar is 'n bewustheid by hierdie skrywers omtrent die moontlikhede van die kinderboekillustrasie as visuele kommunikasievorm en as estetiese belewingsmedium vir die kind.

Omdat dit blyk dat kunskriteria wel toegepas word by die evaluering van kinderboekillustrasies, word dié kriteria volledig geïdentifiseer en bespreek. Aangesien die kunswaardeerder die kunswerk langs die weg van estetiese vormtaal benader om die estetiese boodskap te bepaal, word hierdie weg ook gevolg met betrekking tot hierdie studie. Die kriteria word dus binne die behandeling van estetiese vormtaal geïdentifiseer en bespreek, waarna die gekose kinderboekillustrasies daarvolgens gewaardeer word.

3.3 KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN ANDER KUNSWERKE

Op die terrein van die kunsgeskiedenis word van verskeie benaderings gebruik gemaak om verskeie soorte kunswerke te evalueer. Die begrip kunswaardering is vir die doel van hierdie studie omskryf as die aktiwiteit wat gerig is op die geniet en begryp van 'n kunswerk deur dit te beskryf, ontleed, interpreteer en evalueer. Hierdie aktiwiteit word gegrond op akademiese navorsing en is 'n skoolse benadering tot kunswaardering. In hierdie studie gaan dit om die vaslê van 'n estetiese boodskap en om die interpretasie daarvan wanneer krities na kinderboekillustrasies gekyk word. Daarom word die stel van kriteria vir die evaluering van skilderkunswerke ook op die terrein van die estetiese boodskap aangepak, naamlik deur estetiese vormtaal toe te pas.

Die kriteria waarvolgens skilderkunswerke geëvalueer word, word bespreek om die aard daarvan te bepaal ten einde dieselfde kriteria toe te pas vir die evaluering van gekose kinderboekillustrasies.

Panofsky word tans beskou as gerekende kunswaardeerder en sy ikonologiese model word hierna gestel om sy benadering tot kunswaardering te verduidelik. Ballot (1991 : 15,19) haal Erwin Panofsky verskeie kere aan wanneer die estetiese faktore rondom die visuele kunswerk bespreek word. Verder is Holly (1987 : 158) van mening dat kontemporêre kunsgeskiedenis in 'n groot mate afhanklik is van die metodologie wat deur Panofsky toegepas en beskryf is. Hiermee word die belangrikheid van Panofsky se bydrae tot die kunswaardering gestel, aangesien dit ook die benadering ten opsigte van die evaluering van kinderboekillustrasies kan beïnvloed. Panofsky se ikonologiese model (Panofsky, 1970 : 66) kan dus van belang wees wanneer die evaluering van kunswerke ter sprake is, en dit word kortliks verduidelik vir die doel van hierdie studie.

Panofsky onderskei drie vlakke van betekenis in alle visuele beelde. In die eerste plek beskryf hy op die pre-ikonologiese vlak slegs die basiese feite omtrent die kunswerk op grond van die waardeerder se praktiese ervaring, naamlik dit wat hy sien en beleef. Dit is waarskynlik op hierdie vlak dat die kind aanvanklik kuns sal waardeer. Met die nodige aanmoediging kan hy na die volgende twee vlakke wat hierop volg, ontwikkel. Op die tweede vlak hou die ikonografiese ontleding verband met beeldbeskrywing, maar vereis ook kennis van letterkundige bronne, met ander woorde insig is nodig in die temas en konsepte wat vir 'n bepaalde tyd en plek in die geskiedenis geld. Die derde vlak van betekenis, naamlik die ikonologiese interpretasie, dui op die intrinsieke betekenis of inhoud van die visuele beelde, naamlik die simboolwaarde daarvan. Die ikonologiese interpretasie vereis intuïsie en kennis van historiese simbole wat betref die kunswerke.

OBJECT OF INTERPRETATION	ACT OF INTERPRETATION	EQUIPMENT FOR INTERPRETATION	CORRECTIVE PRINCIPLE OF INTERPRETATION (<i>History of Tradition</i>)
I <i>Primary or natural</i> subject matter – (A) factual, (B) expressional – constituting the world of artistic motifs.	<i>Pre-iconographical description</i> (and pseudo-formal analysis).	<i>Practical experience</i> (familiarity with <i>objects</i> and <i>events</i>).	History of <i>style</i> (insight into the manner in which, under varying historical conditions, <i>objects</i> and <i>events</i> were expressed by <i>forms</i>).
II <i>Secondary or conventional</i> subject matter, constituting the world of <i>images</i> , <i>stories</i> and <i>allegories</i> .	<i>Iconographical analysis</i> .	<i>Knowledge of literary sources</i> (familiarity with specific <i>themes</i> and <i>concepts</i>).	History of <i>types</i> (insight into the manner in which, under varying historical conditions, specific <i>themes</i> or <i>concepts</i> were expressed by <i>objects</i> and <i>events</i>).
III <i>Intrinsic meaning or content</i> , constituting the world of ' <i>symbolical</i> ' values.	<i>Iconological interpretation</i> .	<i>Synthetic intuition</i> (familiarity with the <i>essential tendencies of the human mind</i>), conditioned by personal psychology and ' <i>Weltanschauung</i> '.	History of <i>cultural symptoms</i> or ' <i>symbols</i> ' in general (insight into the manner in which, under varying historical conditions, <i>essential tendencies of the human mind</i> were expressed by specific <i>themes</i> and <i>concepts</i>).

Bogenoemde benadering sluit aan by estetiese vormtaal, aangesien die kunswerk as sulks, sowel as ander faktore wat daarmee verband hou, soos die gekose tema en konsepte, die historiese invloede en die simboolwaarde van die estetiese elemente in ag geneem word by waardering. Dit kan afgelei word dat by die evaluering van 'n kunswerk die vorm, idee en inhoud daarvan rasioneel en intuïtief beoordeel word. Hierdie afleiding ondersteun die gedagte van estetiese vormtaal, naamlik dat die idee van die kunstenaar omskep word in 'n boodskap en deur middel van bepaalde kodes of vorm in 'n kunswerk vasgelê word. Hierdie boodskap word gewoonlik deur die tydsgees van die dag beïnvloed.

Dit kan wees dat die kinderboekillustrerder ook 'n eie idee deur die inhoud van die illustrasie in 'n bepaalde vorm vaslê. Hierdie inhoud kan as estetiese boodskap ervaar word en daarom kan die kinderboekillustrasie ook deur die toepassing van estetiese vormtaal geëvalueer word.

Estetiese vormtaal bestaan hoofsaaklik uit twee komponente, naamlik visioenêre en tegniese vormtaal wat albei hierna in besonderhede bespreek gaan word. Die kunstenaar dink in die eerste plek in 'n soeke na 'n estetiese boodskap. Hy prosesseer hierdie boodskap deur sy gedagtegang in 'n taal en dit is die visioenêre vormtaal. Hierdie agtergrondinligting van die kunstenaar en die kunswerk word in ag geneem by die evaluering van die kunswerk, aangesien dit die motivering is waaruit die kunstenaar werk. In die tweede plek dóén die kunstenaar. Hy voer die kunswerk uit en hierdie uiterlike hoedanighede word ook in ag geneem by die evaluering van die kunswerk. Dit behels die identifisering, beskrywing en interpretasie daarvan. Hierdie sigbare elemente wat die kunstenaar gebruik, is die tegniese vormtaal. Uiteindelik kom die waardeerder tot 'n sintese deur hierdie hele proses van estetiese vormtaal.

3.3.1 Visioenêre vormtaal

Visioenêre vormtaalaspekte is dié kommunikatiewe hoedanigheid wat die kunswaardeerder aangaande die motivering van die kunstenaar se kreatiwiteit inlig. Dit hou verband met die faktore wat die kunstenaar en gevolglik die kunswerk op 'n bepaalde tyd beïnvloed. Visioenêre vormtaal behels met ander woorde die inhoud van die estetiese boodskap ten opsigte van die kunstenaar en die kunswerk en word bepaal deur die lewensbeskouing van die kunstenaar en sy gekose stylneiging, onderwerpkeuse sowel as medium en tegniek. Só raak dit ook die idee van die kunswerk.

3.3.1.1 Kunstenaar

Die kunstenaar wie se werk geëvalueer word, word geïdentifiseer en binne bepaalde historiese gebeure geplaas. So word die persoon wat deur middel van kreatiewe aktiwiteit kunswerke tot stand bring, ook beïnvloed deur die omgewing waarin hy opgroei en leef. Hierdie aspekte soos dit die kunstenaar raak, word vervolgens bespreek.

3.3.1.1.1 *Tyd en lokaliteit*

Die tyd en lokaliteit waarin hy werk, vorm onder meer 'n chronologiese en stylhistoriese begrensing van die kunstenaar. Die plek en datum waarin die kunstenaar leef, word deur die waardeerder bepaal.

3.3.1.1.2 *Samelewingsomstandighede*

Samelewingsomstandighede sal 'n invloed op die kunstenaar se benadering hê en dit sluit die kultuur, godsdiens, ekonomie en politiek in. Hierdie aspekte kan die motivering van die kunstenaar bepaal en ook sy boodskap beïnvloed.

3.3.1.1.3 *Biografiese gegewens*

Die biografiese gegewens van die kunstenaar gee 'n aanduiding van die ervaringsterrein waaruit die inhoud en idee van sy kunswerk spruit.

3.3.1.1.4 *Kunsbesef*

Die siening van die kunstenaar omtrent die wese van kuns beïnvloed sy keuse van onderwerp, medium, styl en tegniek wat toegepas word om die kunswerk te skep.

3.3.1.2 *Kunswerk*

'n Bepalende aspek van visioenêre vormtaal is die kunswerk self. Die wese van die kunswerk word bepaal deur genoemde aspekte rakende die kunstenaar en ook deur die stylneigings, onderwerpkeuse, beskikbare mediums en geldende tegnieke van die tydperk waarin die kunswerk geskep word. Hierdie aspekte word vervolgens bespreek soos wat dit tans vir kunswerke in die algemeen geld.

3.3.1.2.1 *Fundamentele stylneigings*

Die kunswerk self word direk beïnvloed deur die stylrigtings wat algemeen as grondliggend aanvaar word. Daarom word 'n aantal fundamentele stylneigings wat internasionaal en plaaslik geld, vervolgens bespreek.

A horizontal timeline diagram showing the progression of art movements from 1700 to 2000. The timeline is marked with vertical lines at 1700, 1750, 1800, 1850, 1900, 1950, and 2000. The movements are represented by overlapping rectangular boxes:

- Klassisisme**: Starts around 1750 and ends around 1850.
- Romantiek**: Starts around 1800 and ends around 1850.
- Realisme**: Starts around 1850 and ends around 1900.
- Impressionisme**: Starts around 1850 and ends around 1900.
- Invloed**: Indicated by an arrow pointing right from the end of the Impressionisme box.
- Ekspressionisme & fig. abstraksie**: Starts around 1900 and ends around 1950.
- Non figuratiewe abstraksie**: Starts around 1900 and ends around 2000.

Hierdie grondliggende styltendense kan moontlik ook geld ten opsigte van die werke van gekose kinderboekillustreerders, en daarom word elke tendens vir kuns in die algemeen bespreek en dan meer spesifiek met betrekking tot die Suid-Afrikaanse kuns. Enkele kunstenaars word as verteenwoordigende voorbeelde genoem ter verduideliking van ondergenoemde stylneigings. Hierdie voorbeelde dien ook as agtergrond by die evaluering van gekose kinderboekillustrasies in Hoofstuk 4, omdat die style daarvan by dié bespreking aanpas. Die negentiende-eeuse stylneigings kan as 'n samevatting van vroeëre style beskou word en is as sodanig van belang.

Hierdie stylrigting word gevolg in die laat agtiende en vroeë negentiende eeu in Europa en word ook in die vroeë negentiende eeu in Suid-Afrika deur Anton Anreith beoefen (Fransen, 1981 : 65). Dit is ook juis gedurende hierdie tydperk dat die geïllustreerde kinderboek hier sy verskyning maak.

92

duidelikheid en rede. Hierdie ordelike en berekenende styl herleef in die agtiende eeu in Italië, Frankryk en die res van Europa. Die klassisisme en meer formele benaderings vind aanklank by die gees van verligting van die Renaissance, veral in Frankryk waar 'n nuwe sosiale middelstand herleef na die oorwinnings van Napoleon. Hierdie herlewing van die Klassisisme, bekend as neo-klassisisme, word gekenmerk deur die nostalgiese herinterpretasie van die heldegees en dekoratiewe kuns van die Grieke en die Romeine (Rosenblum, 1969 :49). Objekte word natuurlik en volgens rasonale orde weergegee en die beheptheid van die Grieke en Romeine met fisieke aantreklikheid figureer sterk in die Renaissance-kuns. Clark (1973 : 22) meld die belangrikheid van perspektief en ook die anatomie van die mens in hierdie tydperk. Perspektief word op wiskundige beginsels bereken en figure word gewoonlik binne 'n argitektoniese struktuur geplaas. 'n Driedimensionele illusie word bewerkstellig deur voorverkorting en vervaging van agtergrond om ruimte rondom die objekte te versinnebeeld. Francisco Goya en Jaques Louis David is bekende Europese skilders wat in hierdie styl werk.

In Suid-Afrika word klassisisme hoofsaaklik in die Kaapse boukuns waargeneem, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Kunshistoriese Museum, Adderleystraat, Kaapstad (Fransen, 1981 : 75). Ook die gebruiksartikels en meublement wat in vele Kaapse geskiedkundige geboue soos Groot Constantia te sien is, weerspieël eienskappe van die neo-klassisistiese neiging. Beeldende kuns was nog nie so volop in Suid-Afrika gedurende die begin van die negentiende eeu nie (Fransen, 1981 : 85), maar die kunstenaars het 'n skat van pikurale kuns nagelaat wat die lewe, natuur en bedrywighede aan die Kaap uitgebeeld het. Die Suid-Afrikaanse kinderboekillustrateurs is dan ook blootgestel aan die invloed van hierdie meer formele benadering tot kuns, waar lyn en vlak van belang is. Dit is die klassieke styl van kinderboekillustrasies juis om die realisme binne bogenoemde benaderings.

3.3.1.2.1.2 Romantiek as stylneiging

Gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu tot die middel van die negentiende eeu kompeteer die klassisisme en romantiek as stylrigtings met mekaar. Die kuns van die Romantiek spreek die emosies aan en volgens Clark (1973 : 20) is veral vrees, bloeddorstigheid en wreedheid deel van die alledaagse lewe.

Die Romantiek as stylrigting is gevarieerd in uitingsvorme. Die kern daarvan word egter genoem as "a belief in the value of individual experience" (Oxford Dictionary of Art, 1988 : 430). Kunstenaars in hierdie styl, soos William Turner, John Constable, Eugene Delacroix en Honoré Daumier word geïnspireer deur die letterkunde van die tyd en daarom word na die romantiek as 'n verbale uiting verwys. Dit dui op 'n nieverbale dimensie van geskrewe werke. Die Idealisme as stylrigting in die vroeë negentiende eeu word ook in hierdie werke weerspieël en hierin sluit dit aan by die Klassisisme en 'n meer formele benadering.

In Suid-Afrika lewer die Kaapse romantici 'n groot bydrae in dié tendens, soos byvoorbeeld Herman van Alphen (Fransen 1981 : 125). Veral sy tekeninge toon groot lynbeheer en sensitiwiteit.

Die moontlikheid dat hierdie styl ook in die illustrasies van Suid-Afrikaanse kinderboeke te sien kan wees, is weer eens groot, veral wat betref kinderlektuur in Afrikaans. Dis 'n styl wat belangrik kan wees vir die illustrasiekuns, omdat 'n verhaal ook as inspirasie vir die illustrasie dien, soos wat die letterkunde inspirasie vir die kunswerke is.

3.3.1.2.1.3 Realisme vanaf die middel-negentiende eeu

'n Realistiese weergawe word dikwels as noodsaaklik vir kinderboekillustrasies beskou. Dit is dus van belang dat waar realisme in die beeldende kunste voorkom, dit bespreek moet word binne die omvang van hierdie studie.

Read (1968 : 137) beskryf realisme as 'n filosofiese begrip. Realisme sou gebaseer kon word op die objektiewe bestaan van voorwerpe/"dinge". Hierdie siening van realisme dui op die ideale of perfekte voorstelling van 'n objek en word veral binne die Flaamse tradisie gevind. Rookmaker (1972 : 42-46) sien realisme in alledaagse gebeure. Volgens hom is realisme beskrywend van 'n gebroke wêreld sonder die geïdealiseerde uitbeelding wat Read vereis.

Een weergawe van realisme kan die Naturalisme wees wat die objek akkuraat en objektief weergee. Hierdie vertolking sluit aan by die idealisme van die romantiese styl. 'n Ander benadering tot realisme dui weer op die werklikheid - om 'n objek weer te gee soos hy werklik is, ongeag sy perfekte beeld. Dit is juis 'n ongeïdealiseerde beeld van aktiwiteite en gebruiksartikels van die alledaagse lewe. Die leier van hierdie stylneiging was Gustave Courbet. Ook Honoré Daumier werk in hierdie styl. Daumier se illustrasies of karikature is duidelik realisties in die tradisie van die Naturalisme.

Aan die Kaap kry ons ook in die negentiende eeu pentekeninge en waterverfwerke wat neig tot die karikatuuragtige, byvoorbeeld sir Charles D'Oyly se uitbeelding van inwoners van die Kaap. Volgens Fransen (1981 : 127) vind ons vir die eerste keer ook grafiese kunstenaars wat in hierdie tydperk (vroë middel- negentiende eeu) aan die Kaap werksaam was. Van die gekose kinderboekillustrasies wat later geëvalueer gaan word, sluit by hierdie stylneiging aan.

3.3.1.2.1.4 Impressionistiese en post-impressionistiese invloede

In hul soeke na groter realisme in hul kuns ontwikkel kunstenaars in die laaste helfte van die negentiende eeu 'n styl wat daarop toegespits is om die oomblik van uitdrukking vas te vang (Fleming, 1980 : 385). Dit hou in dat die grootste deel van die kunswerk in die natuur geskep is en nie soos voorheen in 'n ateljee geskilder is nie. Impressionisme is dus die weergee van die momentele of die

vervlietende oomblik. Die emosies van die kunstenaar is só sekondêr tot die weergawe van die natuur en die lewe op 'n objektiewe en wetenskaplike manier. Die keuse van die onderwerp bly egter in 'n groot mate subjektief. Vergelyk byvoorbeeld die werke van Auguste Renoir, Claude Monet, Vincent van Gogh en Paul Cezanne.

Hierdie styl is belangrik, aangesien die invloed van die Impressionisme enorm is en tot in die twintigste eeu strek (Oxford Dictionary of Art, 1988 : 251). Ontwikkelings vanuit die Impressionisme sowel as die reaksie daarop is te sien in styltendense wat daarop volg. Luminisme kan as voorbeeld van hierdie styltendense genoem word aangesien dit ook in kinderboekillustrasies voorkom. Die behepthed met lig en die uitbeelding van water en lug is kenmerkend van hierdie styl (Oxford Dictionary of Art, 1988 : 300).

In Suid-Afrika bly die genoemde stylrigtings deur Europese invloed nie uit nie. Só byvoorbeeld werk Frans Oerder en Anton van Wouw in die naturalistiese styl en Pieter Wenning, Pierneef, Caldecott en Boonzaaiër in die impressionistiese, (luministiese) styl.

Impressionisme en ook luminisme is ook vir die illustrasiekuns van belang omdat dit steeds in 'n groot mate realisme inhou en tog opwindende lyn en kleurmoontlikhede bied.

3.3.1.2.1.5 Ekspressionisme en figuratiewe abstraksie

In die begin van die twintigste eeu word twee duidelike style as reaksie op die Impressionisme waargeneem, naamlik figuratiewe en nonfiguratiewe abstraksie. Dit word as aparte stylneigings bespreek.

In reaksie op die analitiese benadering van die Impressionisme het die Ekspressionisme ten doel om die gevoelens van die kunstenaar steeds figuratief uit te beeld deur vorm en kleur. Emosionele betrokkenheid is dus 'n belangrike element van ekspressiewe kuns. Abstraksie is soms sinoniem met ekspressionisme omdat gevoelens gewoonlik nie realisties uitgebeeld word nie. In die werke van Marc Chagall en Frans Marc is aanvanklik nog 'n mate van herkenbare beelde, naamlik figuratiewe abstraksie, te bespeur. In Suid-Afrika word Irma Stern en Maggie Laubser as die eerste ekspressioniste beskou en tog is hul werke steeds figuratief abstrak.

3.3.1.2.1.6 Nonfiguratiewe abstraksie

Die tweede styl wat as reaksie op die Impressionisme ontwikkel, is nonfiguratiewe abstraksie. In teenstelling met figuratiewe abstraksie is die klem nie op emosie nie en is die uitbeelding onrealisties. As voorbeelde van hierdie styltendens word onder meer die Kubisme en Dadaïsme genoem. Die kubisme van Pablo Picasso voer die analiseringsproses van die oomblik, soos die impressionisme dit toepas, tot 'n abstraksie in die kunswerk waar vlak en vorm oorheers. Die werklikheid word steeds verteenwoordig as 'n konseptuele realisme. Die objek of voorwerp behou wel

sy karakter, maar verskillende aspekte daarvan word gelyktydig uitgebeeld. Kleur kom later in die ontwikkeling van Kubisme voor deur die aanwending van gestensilde letters en stukkies koerant op die kunswerk. Die kubiste is dus die eerste kunstenaars wat collage (die gebruik van verskillende materiale oor die prentvlak) as tegniek in hul kunswerke gebruik en die futuriste gee 'n sosiale en ideologiese betekenis daaraan. Dadaïste gebruik collage vir 'n anargistiese doel en surrealistes wend dié tegniek aan om jukstaposisie en onverenigbare verbeeldingsvlugte te skep. Kubisme berus dus op die uitbeelding van idees eerder as die uitbeelding van realiteit en word veral ook deur grafiese kunstenaars en dus ook illustreerders gebruik. Nonfiguratiewe abstraksie as stylneiging is ook van belang vir hierdie studie omdat collage as tegniek moontlikhede vir die kinderboekillustrasie bied. Collage word by skilderkunstige tegnieke verder omskryf.

Ander stylrigtings van die twintigste eeu soos Fantasia, Surrealisme, Modernisme en Postmodernisme vind wel inslag in kinderboekillustrasies byvoorbeeld Guillermo Mordill (surrealisme) en Lane Smith (postmodernisme). Dit word egter nie bespreek nie, aangesien die gekose illustrasies van Hoofstuk 4 oënskynlik nie direk daardeur beïnvloed is nie.

Die volgende element van visioenêre vormtaal is die onderwerp van die kunswerk.

3.3.1.2.2 Onderwerp

Benewens die genoemde stylneigings is die volgende visioenêre vormtaalaspek wat die kunswerk raak, die onderwerp daarvan. Die kunstenaar kies 'n onderwerp vanuit sy ervaringswêreld om die idee wat hy wil oordra, uit te beeld. Hy kan 'n toneel uit die natuur, 'n stillewe, 'n figuur of abstrakte vorms, as onderwerp kies om daardie idee te vergestalt.

Bepaalde voorwerpe en die konteks waarin hulle geplaas word, gee die tema weer, byvoorbeeld 'n hartbeeshuisie wat historiese, sosiale of ekonomiese status aandui, teenoor 'n Victoriaanse woning wat 'n kontras met 'n hartbeeshuisie vorm. Die inhoud gedek deur die onderwerp van die kinderboekillustrasie, gee feite uit die teks weer. Tog kan dit juis die kommunikatiewe waarde van die illustrasie en die vryheid van keuse waarmee die illustreerder werk, verhoog omdat die teks dikwels min is. Die illustreerder kan sy verbeelding gebruik of werklike gebeure in sy eie lewe aanwend om die teks te illustreer.

3.3.1.2.3 Medium en tegniek

Die volgende visioenêre vormtaalelemente wat met betrekking tot die kunswerk bespreek word, is die medium en tegniek waarin die kunstenaar werk, dit wil sê die metodes en materiale wat hy gebruik. Hierdie twee aspekte is vervleg en spesifieke mediums, soos tekenkünstlerieke mediums, naamlik potlood, pastel of ink word gebruik om 'n bepaalde tegniek te verkry. Die keuse van medium saam met tegniek, soos hierna uiteengesit, plaas die kunstenaar sowel as die kunswerk in 'n bepaalde

lokaliteit en historiese perspektief. As gevolg van die moderne tegnieke wat aangewend word en die stylontwikkelings van hierdie eeu, is grafiese mediums nader aan dié van skilder, teken en beeldhou. Mediums kan ook met mekaar gekombineer word om 'n idee uit te beeld. Hierdie kombinasie kom veral voor in die moderne styltendense soos Kubisme, waar byvoorbeeld tekenkunstige eienskappe in skilderwerke voorkom.

Die tegnieke wat hierna bespreek word, is gekies omdat dit deur Booyse (1986 : 81-88) sowel as Huggins (1986 : 1-86) vir die bestudering van prenteboeke en boekillustrasies gebruik is, en dus van toepassing op die geïllustreerde kinderboek is. Aangesien daar voortdurende ontwikkeling van kunstegnieke is, word hierdie lys nie as volledig beskou nie. Booyse maak 'n indeling van grafiese tegnieke, naamlik houtsneewerk, houtgravures, krapbordillustrasie, lino-sneewerk en kliptografie en van skilderkunstige tegnieke, naamlik waterverf, gouache en plakkaatverf, tempera, pastel en pen-en-ink. Laastens bespreek hy ander mediums waar collage as tegniek behandel word. Huggins maak egter 'n meer volledige indeling, naamlik "point media" waar contè-potlode en saamgeperste kryt, pastel, oliepastel, swartbordkryt, waskryt, kleurpotlood, potlood, merkpen, graphos-tekenpen, tegniese pen, "dip pen" en balpuntpen genoem word; verfmediums, naamlik waterverf, ink en tempera; "printmaking media", naamlik reliëfdruk en collage-reliëfdruk en gemengde mediums. Laastens noem hy ook tegnieke van die tagtiger- en negentigerjare soos rekenaargrafika, strokiesprente, "airbrushing" en marionette en handpoppe.

Volgens Büttner (1990 : 8) skakel die ontwikkeling van die vlakdruk tegniek of litografiese druk tegniek die omslagtigheid van die ou druk tegnieke, soos houtsneewerk, uit en maak dit kleurdrukwerk aansienlik goedkoper. Die ou tegnieke word egter steeds in geïllustreerde kinderboeke aangewend, voor duplisering daarvan plaasvind, en is daarom van belang by die bespreking van druk tegnieke. Die nuwe ontwikkelinge maak egter deure oop met betrekking tot die keuse van mediums en tegnieke waarmee die illustreerder kan eksperimenteer en waarin hy homself kan uitdruk. Cianciolo (1970 : 42) stel soos ander skrywers oor kinderboekillustrasies dat "... the subject of the book itself is often a major determinant of the art medium that is best to use to create the illustrations for that book". Dit is ook 'n algemeen aanvaarde gedagte dat dieselfde verhaal verskillende illustreerders op verskillende maniere sal inspireer en hierin bestaan die moontlikheid dat hulle verskillende mediums en tegnieke sal aanwend om dieselfde idee weer te gee. Vervolgens word druk tegnieke, tekenkunstige tegnieke, skilderkunstige tegnieke en tegnieke van die tagtiger- en negentigerjare ter verduideliking bespreek.

3.3.1.2.3.1 Druktegnieke

'n Aantal bekende druktegnieke naamlik houtsneewerk, houtgravures, krapbordillustrasies, lino-neewerk en litografie word in meer besonderhede bespreek, aangesien dit dikwels in kinderboekillustrasies aangewend word.

- *Houtsneewerk*: Die kunstenaar trek 'n spieëlbeeld van sy illustrasie op 'n sagte stuk hout en die nie-drukgedeeltes word weggesny sodat die prent 'n reliëf vorm. Om die prent te reproduseer, word die ink oor die uitstaande houtgedeeltes gerol en op papier afgedruk. Kenmerkend van houtsneë is sterk lyne en eenvoudige ontwerp. Houtsneë kan ook in kleur afgedruk word, mits vir elke kleur 'n afsonderlike houtsnee voorberei word.
- *Houtgravures*: 'n Spieëlbeeld van die illustrasie word op die jaarring-kant van harde hout uitgekerf. Omdat die hout hard is, word fyner lyne as met houtsneë verkry en kan meer detail in die illustrasie weergegee word. Skakerings van 'n kleur is ook moontlik met hierdie tegniek.
- *Krapbordillustrasies*: 'n Wit tekenbord word met egalige lae donker ink, verf of kryt bedek. Die illustrasie word dan met 'n skerp voorwerp op die bord uitgekrap sodat die wit deurskyn en skerp teen die swart afgeteken staan. Kleur is wel moontlik in hierdie tegniek, maar dit is primêr 'n swart-wit medium.
- *Lino-neewerk*: Hier word van linoleum in plaas van hout gebruik gemaak. Dit is makliker hanteerbaar en sagter as hout. Meer harmonieuse kurwes is moontlik as by houtsneë.
- *Litografie*: Dit is 'n baie ou tekentegniek wat min deur hedendaagse kunstenaars gebruik word. 'n Spesifieke tipe kalkklip word gebruik om 'n spieëlbeeld van die illustrasie in litografiese swart ink of vetkryt te teken. Die ink of kryt moet 'n mengsel van swartsel sowel as olie en was bevat sodat dit vetterig is. Die kalkklip word met chemikalieë, Arabiese gom en salpetersuur en dan met 'n oplossing van asfalt in olie behandel. Die olie trek in die getekende dele van die klip in. 'n Vetterige ink word oor die klip gerol en dit word deur die getekende dele op die klip geabsorbeer sodat 'n afdruk op papier gedruk kan word. Vir elke kleur word 'n afsonderlike klip voorberei met slegs dié dele van die illustrasie wat in daardie kleur afgedruk moet word.

3.3.1.2.3.2 Tekenkunstige tegnieke

Potlood, verskillende soorte kryt, pastel en houtskool word afsonderlik of saam gebruik. Dit is gewilde mediums vanweë van die onmiddellikheid daarvan. Vinnige sketse kan later in detail voltooi word en veranderinge kan maklik aangebring word. Hierdie tegnieke word vervolgens verduidelik.

- *Contè-kryt en saamgeperste kryt:* Contè is 'n verfynde, harde tipe houtskool en is daarom maklik hanteerbaar. Dit is beskikbaar in verskillende grade van hardheid en kleure wissel van swart en wit tot sanguinies (bloedrooi). Lyn en toonwaarde kan ekspressief uitgebeeld word.
- *Pastel:* Pastel is krytstokkies wat met Arabiese gom gebind word. Dit is in 'n verskeidenheid kleure beskikbaar en kan vir sagte sketswerk of bo-oor droë lae tempera, gouache, waterverf, ink of olievertf aangewend word. Deur lynwerking word effek verkry en om kleure en lyne ineen te laat vloei, kan dit so gevryf word.
- *Oliepastel:* Oliepastel kan as alternatief vir ander pastelle gebruik word. Lyn is sag en vetterig. Dié pastel breek nie maklik nie en vryf nie af soos sagte pastel nie.
- *Bordkryt:* Swartbordkryt kom voor in 'n verskeidenheid kleure en kan met ander tekenmediums gemeng word vir effek. Volgens Huggins (1986 : 8) is hierdie kryt nie geskik vir werk op papier nie.
- *Waskryt:* Waskryt word gemaak van ryk gepigmenteerde sagte was en omdat dit waterwerend is, kan dit suksesvol saam met ink en waterverf gebruik word. Die krapbordtegniek kan ook aangewend word deur met 'n skerp voorwerp daarin te krap. Waskryt kan selfs gesmelt word en met 'n spatel gemanipuleer word vir 'n reliëffek. Met skerp gemaakte waskryt kan fyn lyntekeninge gedoen word. Dit is beskikbaar in 'n verskeidenheid kleure.
- *Kleurpotlood:* Gekleurde lood in houtpotlode word gemaak van 'n mengsel chemiese pigment en kadineen en kom in 'n groot verskeidenheid kleure voor. Dit kan suksesvol saam met ander mediums gebruik word.
- *Potlood:* Swart grafietpotlode word in 'n verskeidenheid diktes, gewig, kwaliteit en hardheidsgraad aangebied. Sensitiewe lyngebruik word verkry deur bloot harder of sagter druk op die punt toe te pas. Die potlood as medium bied ook besondere moontlikhede vir onmiddellike sketswerk en om momente vas te vang.
- *Merkpenne:* Dit is veltpuntpenne wat 'n oliebasis- of waterbasisink gebruik. Kleure is helder en dunpunt- tot dikpuntpenne is beskikbaar. Die penpunte wissel ook van rond, vierkantig-plat tot skerp.
- *Graphos-tekenpen:* Verskillende punte kan op een pen gebruik word en inkvloei en kleure kan verander word deur die punte te vervang. Dit word gebruik vir fyn en breë lyn, vryhandsketswerk, stensilletters en tegniese sketse.
- *Tegniese pen:* Dit is penne met buisvormige punte en hulle word gewoonlik vir tegniese tekeninge gebruik.

- *"Dip pen"*: Hierdie penne het veerkragtige punte wat die lyndikte deur vingerdruk wissel terwyl geteken word. Dié tegniek is baie effektief vir illustrasie. Hierdie penne kan ook gebruik word om detail by illustrasies in ander mediums te voeg.
- *Balpuntpen*: Die ink word via 'n ronde staal-, nylon- of wolframkarbiedballetjie op die papier aangewend. Fyn, medium of dik lyn kan deur verskillende penne verkry word. Die kleure is stereotiep - meestal blou, swart, rooi en groen.

3.3.1.2.3.3 Skilderkunstige tegnieke

Met hierdie tegniek word 'n tipe verf soos waterverf, ink, tempera, gouache of plakkaatverf, gewoonlik op papier of skilderdoek, aangewend. Collage word ook beskou as skilderkunstige tegniek. Dit is wanneer verskillende soorte materiale, soos papier, wol, verf of draad, saam op doek aangewend word.

Skilderkunstige tegnieke word ook in kinderboekillustrasies gebruik en is daarom relevant.

- *Waterverf*: Dit is 'n deursigtige medium. Die verf word met water oor 'n ligte oppervlak aangewend. Wasse word bo-oor mekaar aangewend om die kleur te verdiep. Die een laag moet eers droog wees voor 'n volgende gebruik word, en meer as drie lae kan ook nie oor mekaar aangewend word nie. Daar is 'n verskeidenheid kleure beskikbaar en die verfkwaste verskil in dikte en vorm. Waterverf kan ook vir 'n los effek of minder formele benadering gebruik word.
- *Ink*: Dit kan met 'n pen of kwas aangewend word. Ink is ook deursigtig en kan alleen of saam met water aangewend word. Harde, gladde papier is die beste, aangesien die ink dan nie in oneweredige lyne vloei nie.
- *Tempera*: Hierdie emulsie word met water gemeng. Dit het 'n plastiese kwaliteit, en tekstuur word verkry deur die oppervlak te borsel of met gips pasta te stippel voor die tempera aangewend word.
- *Gouache en plakkaatverf*: Die gom wat by die kleuropoeier gevoeg word, verskaf aan die gouache-illustrasie byna dieselfde voorkoms as 'n olieverfskildery. Plakkaatverf is bloot 'n ruwer vorm van gouache.
- *Collage*: Hierdie tegniek dui op die plak van papier, weefstowwe en selfs stowwe uit die natuur soos blare, om 'n harmonieuse afbeelding te vorm.

Genoemde tegnieke kan verskillend gekombineer word binne een illustrasie. Veral tekenkunstige en skilderkunstige tegnieke kan saam gebruik word. Hierdie kombinasie van tegnieke is 'n metode van die twintigste eeu wat in kunswerke sowel as in illustrasies gebruik word.

3.3.1.2.3.4 Tegnieke van die tagtiger- negentigerjare

Enkele tegnieke wat ontstaan het as gevolg van tegnologiese ontwikkeling, soos die rekenaar, word ten slotte bespreek.

- *Rekenaargrafika*: Grafiese beelde word met behulp van 'n rekenaar geproduseer. Die kunstenaar moet eers die tegnologie beheer om sy idees uit te druk. Daar word nog gedebatteer watter kriteria gebruik sal word om die estetiese beelde wat só ontstaan, te evalueer. Rekenaargrafika word nog nie as volwaardige kunsvorm erken nie (Huggins, 1986 : 75).
- *Strokiesprente en strokiesfilms*: Strokiesprente is illustrasies wat op mekaar volg om 'n storie te vertel. By strokiesfilms word illustrasies opeenvolgend gefotografeer en dan as film gedraai om aaneenlopende aksie te verkry. Hierdie tegniek kan ook in geïllustreerde kinderboeke gebruik word om die teks aan te vul.
- *"Airbrushing"*: Die sproeiwas word gewoonlik saam met ander tegnieke gebruik vir die basiese kleure, skadu en tekstuur. Dit kan vir agtergrond en sagter effek gemanipuleer word. 'n Hoë mate van realiteit word ook deur dié tegniek verkry.
- *Integrasie van letter en illustrasie*: Dit vind plaas deur die teks in vorms te skryf in verskillende groottes en lettertipes. Woorde op driedimensionele voorwerpe is ook 'n vorm van visuele integrering van teks en illustrasie.
- *Marionette en handpoppe*: Poppe word gefotografeer om die verhaal oor te dra.
- *Holovisie en skynrealiteit*: Deur middel van tegnologie word driedimensionele beelde geskep en deur klank by te voeg word die werklikheid elektronies gesimuleer.

Dié aspekte wat die kunstenaar se idee vir die kunswerk beïnvloed het, is die eerste komponent van estetiese vormtaal, naamlik die visioenêre vormtaalaspekte. Die tweede komponent van estetiese vormtaal is die vorm waarin die idee weergegee word, naamlik die tegniese vormtaalaspekte. Laasgenoemde komponent word ter verduideliking bespreek soos dit op kunswerke van toepassing is.

3.3.2 Tegniese vormtaal

Die kunstenaar gee sy idee gestalte deur tegniese vormtaal te gebruik. By die waardering van die kunswerk word hierdie vormtaalaspekte geïdentifiseer, beskryf en geïnterpreteer. Die tegniese vormtaal behels dus die uiterlike vorm van die kunswerk en dit bestaan uit drie aspekte naamlik identifikasie, beeldbeskrywing en beskrywing tot interpretasie. Die beelding van die kunstenaar se

idee word beskryf. Die waarneembare gestalte word beskryf ten opsigte van byvoorbeeld punt, lyn en vorm. Interpretasie begin reeds in 'n mate hier en vloei oor in die sintese wat daarop volg. Dit is 'n verstrengelde proses en die tegniese vormtaalelemente beïnvloed mekaar ook weer onderling.

Visioenêre vormtaal en tegniese vormtaal is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Dit is sy idee waaraan die kunstenaar deur middel van tegniese vormtaal gestalte gee en wat deur die waardeerder geëvalueer word.

3.3.2.1 Identifisering

Dit is die eerste stap in die proses van die bespreking van tegniese vormtaal. Die kunswerk word uitgeken as unieke eenheid. Dit word dus beskryf ten opsigte van titel, datum, medium, afmetings en huidige lokaliteit.

3.3.2.2 Beeldbeskrywing

Die volgende aspek van tegniese vormtaal is die beskrywing van die kunswerk. Dit word beskryf ten opsigte van bepaalde tegniese vormtaalelemente wat visueel waarneembaar is, soos punt, lyn en kleur. Dit word in besonderhede deur Viljoen (1976) behandel en sy werk word daarom as kernbron bestudeer om die elemente betrokke by beeldbeskrywing te identifiseer en te omskryf. Hy stel dat dit bepaalde kommunikatiewe en estetiese eienskappe besit. Sy benadering sluit aan by die strekking van hierdie studie as geheel waar die kommunikatiewe en estetiese waarde van kinderboekillustrasies ter sprake is. Beeldbeskrywing van enkele gekose kinderboekillustrasies word dan ook in die hoofstuk hierna gedoen.

Opsommend identifiseer Viljoen (1976:1-131) die volgende tegniese vormtaalelemente wat beeldbeskrywing raak:

- **Punt:** Fokuspunt is 'n belangrike element wat estetiese beleving moontlik maak. Dit trek die aandag van die waarnemer. Verskeie ander belangrike punte kan gebruik word om die oog deur die kunswerk te lei.
- **Lyn:** Dit is 'n basiese element waarmee die kunstenaar dít wat hy sien, weergee. Lyn word aangewend om diepte, tekstuur, balans en ritme aan 'n komposisie te gee. Sigbare lyne kan dik of dun, reguit of gekurf, horisontaal, vertikaal of diagonaal wees. Aaneenlopende óf gebroke lyn word gebruik om vorm weer te gee. Getekende of geverfde lyn skep die nodige effekte waar kleure bymekaarkom en dui ook dimensie aan. Onsigbare lyn lei die oog gewoonlik van links na regs deur die kunswerk en kan van punt na punt verskuif. Die plasing van bepaalde vorms kan ook hierdie onsigbare lyn bewerkstellig. Deur middel van lyn kan ook atmosfeer geskep en gevoel ontlok word.

- *Vlak:* Vlak hou verband met die vul van die prentoppervlak. Dit kan geslote wees, byvoorbeeld deur die omraming van die werkoppervlak, of dit kan oop wees deur byvoorbeeld die ruimtelike plasing van die objekte in die prentoppervlak. Vlak kan ook dekoratief of beskrywend aangewend word. Groot gekleurde vlakke kan byvoorbeeld ook as geslote vlakwerking beskryf word omdat die vlakke afgebaken word deur die kleur. Só kan lyn, vorm en kleur bydra tot die skep van vlakke.
- *Toonwaarde:* Dit is 'n sterk emosionele element en hou verband met die kunstenaar se belangstelling in natuurlike of kunsmatige ligwerking. Toonwaarde is ook sigbaar in die kontras of saamsmelting van kleur en kleurvorme. Die bron van lig word aangewend om vorme te definieer of te verbreek en om tekstuur en diepte te verleen. Toonwaarde berus op die waarnemer se konsepsie van dag of nag en lig en donker. Dit speel ook 'n belangrike rol in die skep van atmosfeer.
- *Tekstuur:* Tekstuur hou verband met die onderwerp wat uitgebeeld word. Dit hang ook nou saam met die medium en tegniek wat toegepas word. Deur byvoorbeeld olieverf met 'n spatel aan te wend, word 'n growwe tekstuur verkry. So gee collage geleentheid om teksture te kontrasteer en met tekentegnieke word lyn aangewend om tekstuur te suggereer. Volgens Lacy (1986 : 4) word tekstuur in kinderboeke gewoonlik gesuggereer en as deel van die ander tegniese vormtaalelemente beleef.
- *Kleur:* Persoonlike voorkeur vir kleure bepaal die estetiese impak daarvan. Betekenis wat aan 'n bepaalde kleur geheg word, kan ook spesifieke emosies by die waarnemer ontlok. Kleur is egter net 'n visuele illusie van die drie primêre kleure, naamlik rooi, geel en blou. Die ander kleure word beskryf as skakerings van dié basiese kleure. 'n Ingewikkelde harmonie kan bestaan in kleurkombinasies en kleurintensiteit, en deur middel van kleur word lyn, vorm, toonwaarde, en selfs ligwerking verkry.
- *Vorm:* Deur die gebruik van lyn, kleur en toonwaarde word vorm verkry. Vorm dra veral by tot stylverskille deur organiese (natuurlike) of geometriese (mensgemaakte) gebruik daarvan. Die afbeelding is die vorm self en die omliggende gebied is die agtergrond. 'n Geslote vorm is ononderbroke omlyning, terwyl 'n oop vorm die agtergrond by die vorm inlaat. Die verhouding tussen vorme kan natuurlik wees (uitbeelding van werklikheid), idealisties (perfekte uitbeelding), hiërargies (belangrikheid deur skaal aangedui) of verwring (oorbeklemtoning van aspekte).
- *Ruimtehantering:* Ruimte is die illusie van diepte wat wissel van diep na vlak en na plat. Al die tegniese vormtaalelemente skep saam die kunstenaar en waarnemer se oogpunt waaruit hy die kunswerk sien. Die kunstenaar betrek die waarnemer by die ruimte deur atmosfeer en perspektief. Hierdie twee aspekte is metodes om ruimtelike uitbeelding in diepte op 'n plat

vlak voor te stel deur die gebruik van optiese verskynsels soos kleinerwordende voorwerpe en ineenlopende lyne. Kleur, toonwaarde, vormgrootte en -plasing en oorvleueling dra by tot die suggestie van voor-, middel- en agtergrond. In kinderboeke word ruimte-uitbeelding dikwels onderbeklemtoon omdat die kind as waarnemer in ag geneem word. Dit is moontlik omdat die persepsie bestaan dat die kind self nie juis perspektief in sy eie kunswerke gebruik nie: "... the drawing of primitive peoples and of young children tends to ignore perspective phenomena" (Oxford Dictionary of Art, 1988 : 379).

- *Beweging*: Beweging word gesuggereer deur lyn en vorm, of kan deur tydsverloop voorgestel word.
- *Ligwerking*: Die aanwending van lig beeld ook toonwaarde uit as realisties, naamlik van natuurlike lig of van 'n ander ligbron, byvoorbeeld 'n lamp. Kleur kan ook so subtiel gemeng word, dat die oorgang tussen kleure nie onderskei kan word nie en 'n rokerige effek (sfumato) verkry word. Ligeffekte kan ook as mistiek of onwerklik beskryf word.

3.3.2.3 Interpretasie

Die derde stap by die bespreking van tegniese vormtaal is die interpretasie van die genoemde tegniese vormtaalelemente en is afhanklik van die beeldbeskrywing wat interpretasie voorafgaan. Die genoemde tegniese vormtaalelemente word in 'n struktuur georganiseer om 'n bepaalde komposisie te vorm. Balans, ritme en harmonie kan geïnterpreteer word deur dit binne konteks te ontleed en te interpreteer. Die volgende twee aspekte word by interpretasie in ag geneem, naamlik:

- Rationele ondersoek, waar die oog en verstand as meetinstrumente gebruik word; en
- intuïtiewe ondersoek, waar die intuïsie deur sensoriese geletterdheid as meetinstrument gebruik word. Emosie is bepalend by interpretasie, aangesien persone se gevoel ten opsigte van die tegniese vormtaalelemente kan verskil. Die interpretasie lei tot die uiteindelijke beoordeling van die kunswerk.

3.3.3 Sintese

Nadat die proses van estetiese vormtaal van die kunstenaar, naamlik visioenêre en tegniese vormtaalaspekte bestudeer is, kom die kunswaardeerder tot 'n sintese omtrent die kunswerk en die kunstenaar. Deur die toepassing van kriteria om kunswerke te evalueer, kan 'n geslaagde beeld van die idee, vorm en inhoud van 'n bepaalde kunswerk gevorm word. Die finale evaluasie van die kunstenaar en kunswerk word bepaal deur die interpretasie wat die sintese voorafgaan. Die idee van die kunstenaar, die vorm waarin hy dit vergestalt en inhoud van die boodskap wat hy wil weergee, word in die sintese bepaal. Die geheel word weer rasioneel en intuïtief beoordeel binne die konteks van die

kunstenaar en waarnemer se ervaringswêreld. Deur beskrywing en interpretasie van estetiese vormtaal, visioenêre en tegniese vormtaal te gebruik, kom die kunswaardeerder tot 'n sinvolle sintese.

Opsommend tot die bepaling van kriteria vir die evaluering van die estetiese boodskap van gekose kinderboekillustreerders word die volgende gestel: In die proses is 'n vraelys en literatuurstudie gebruik om kriteria te identifiseer. Daar is bevind dat die vraelys wel daarin geslaag het om die diversiteit in menings te bevestig, maar kriteria vir evaluering kon nie met finaliteit vasgestel word nie. Die ondersoek na die kriteria wat deur uitgewers, boektoekenningkomitees en waardebepalers van kinderboeke toegepas word, toon 'n duidelike belangstelling in kunselemente aan en dus die kommunikatiewe en estetiese waarde van die kinderboekillustrasie, veral soos in 'n prenteboek. Die moontlikheid word ook genoem dat visuele en estetiese ontwikkeling van die kind deur middel van kinderboekillustrasies bereik kan word. Dat die kinderboekillustrasie as kunswerk beskou word, word aanvaar en daarom geld kunskriteria ook wanneer kinderboekillustrasies geëvalueer word. Die estetiese vormtaal, naamlik visioenêre en tegniese vormtaal, soos dit vir kunswerke geld, word in die volgende hoofstuk gebruik om die werke van twee gekose Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerders te evalueer.

HOOFSTUK 4: EVALUERING

Die kinderboekillustrasies van twee gekose Suid-Afrikaanse illustreerders, naamlik Cora Coetzee en Alida Bothma, word as fokuspunte binne die konteks van hierdie studie geëvalueer. Albei het reeds plaaslik erkenning vir hul illustrasies ontvang. Dit word terloops genoem dat die term kunstenaar ook gebruik gaan word wanneer na die kinderboekillustreerder verwys word, aangesien dit toepaslik is vir hierdie evaluering.

Die wyse waarop die kinderboekillustreerder as kommunikeerder én as kunstenaar funksioneer, kan toegelig word deur die evaluering van die werk van die twee spesifieke illustreerders volgens kriteria wat in die voorafgaande hoofstuk bespreek is. Deur ontleding en evaluering word die estetiese boodskap in die kinderboekillustrasie vasgestel en tegelykertyd word die toepassing van kriteria om dié boodskap te identifiseer, getoets. Die status van die kinderboekillustreerder as kunstenaar is ter sprake by hierdie studie en daarom die estetiese vormtaalelemente as draers van die estetiese boodskap. Die kriteria wat verband hou met die estetiese boodskap, word gebruik om die gekose kinderboekillustrasies te evalueer.

Die estetiese vormtaalelemente word na aanleiding van die drie vlakke van beeldbeskrywing en interpretasie van die ikonologiese interpretasiemodel van Panofsky (1970 : 66) gebruik om die kinderboekillustrasies van Cora Coetzee en Alida Bothma te evalueer. Dié twee kunstenaars is as verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse kinderboekillustreerders gekies, aangesien hulle reeds verskeie kere vir die Katrine Harries-toekenning in aanmerking gekom het. Beide is eervol vermeld en albei het reeds hierdie toekenning ontvang. Dié toekenning stel kunswaarde as kriterium vir illustrasies en só plaas dit Cora Coetzee en Alida Bothma in 'n besondere kader. Die illustrasies van albei is vanaf 1970 vergelyk en verskil in só 'n mate ten opsigte van styl en onderwerp, dat estetiese vergelyking op dié wyse verbreed kon word. Om die idee, vorm en inhoud van al hul illustrasies oor die afgelope twintig jaar te evalueer, sou 'n omvattende studie vereis. Daar is dus 'n keuse gedoen om tog soveel moontlik vergelykbare en verteenwoordigende kinderboekillustrasies deur die gekose illustreerders te betrek.

Inligting omtrent die illustreerders en die gekose illustrasies is ingewin deur 'n literatuursoektog, 'n gestruktureerde onderhoud met illustreerders en eie waarneming van hul illustrasies.

Estetiese vormtaal, naamlik visioenêre en tegniese vormtaal, soos dit vir evaluering van kunswerke gestel is, word as kriteria gebruik om die estetiese boodskap van die kinderboekillustrasies van Cora Coetzee en Alida Bothma te evalueer.

4.1 CORA COETZEE

Die aspekte wat die illustrasie en die illustreerder raak, naamlik visioenêre vormtaal, word vervolgens ten opsigte van Cora Coetzee bespreek. Dit sluit die tyd en plek waarin die illustreerder werk sowel as haar kunsbesef in. Wat die illustrasie betref, is die styl, onderwerp, medium en tegniek van belang.

4.1.1 Visioenêre vormtaal

Die visioenêre vormtaalaspekte soos hierbo genoem volg ten einde die oorsprong van die visueel-estetiese boodskap vir die illustrasies te bepaal.

4.1.1.1 Kunstenaar

Die milieu van die illustreerder kan bepalend wees vir die idee van die illustrasie. Hoewel dit basies deur die teks geïnspireer word, word 'n visuele beeld in die gedagtes van die illustreerder gevorm.

- *Tyd en lokaliteit:* Cora Coetzee is in 1940 as Cora van Eeden op Stellenbosch gebore, waar haar vader professor in Afrikatale was. Sy voltooi haar skool- en universiteitsopleiding daar, studeer vanuit haar ouerhuis en behaal 'n graad in Beeldende Kunste onder professor Otto Schröder. Hy moedig haar aan om haarself as illustreerder te ontwikkel. Sy begin reeds as student kinderboeke illustreer en later ook 'n boek oor Stellenbosch in 1976 en 'n ander oor Namibië in 1979. Tydens haar loopbaan as illustreerder volg ook illustrasies vir kalenders, spotprente vir tydskrifte en selfs etikette vir wynbottels. Kinderboekillustrasies bly egter haar groot liefde.

In 1959 besoek sy vir die eerste keer saam met haar vader Namibië, en die suiwerheid en gestrooptheid van die landskap gryp haar so aan, dat sy dit tans jaarliks besoek om landskappe te teken. Hierdie hunkering na suiwerheid en eenvoud maak ook die pen haar gunstelingmedium om in te werk. Sy, haar man en twee seuns hou as gesin ook graag vakansie in die Bosveld, waar sy skets en na aan die natuur leef. Tog is sy lief vir die Kaap, met sy see en berge, waar sy die grootste gedeelte van haar lewe deurbring. Cora Coetzee het 'n besondere sin vir humor, wat ook in haar werk tot uiting kom. Sy leef van dag tot dag volgens haar Christelike beginsels en handhaaf 'n realistiese lewensbeskouing.

- *Kunsbesef:* Dié kunstenaar is van mening dat 'n goeie kuns- en tekenopleiding en daarby 'n belangstelling in en intuïtiewe reaksie op 'n storie of gegewe belangrik is vir enige illustreerder. Sy werk gedissiplineerd en binne 'n bepaalde raamwerk. Hoewel sy op die prikkel van die storie reageer, is die illustrasie 'n spontane reaksie en dus 'n uitvloeisel van haarself. Sy sien die prente in haar gedagtes terwyl sy die storie lees, en dan volg die illustrasie op die papier. Sy sê dat sy spesifiek vir haarself teken en nie met die uitsluitlike doel om die kind as waarnemer in aanmerking te neem nie.

Sy glo dat die groei en ontwikkeling van die illustreerder in die verbetering van sy tekenvaardigheid lê, en daarom werk sy self doelbewus daaraan om haar tekenwerk te verbeter. Die illustreerder moet die essensie van 'n karakter of gebeurte kan weergee en dan moet sy kan teken. Sy glo haar nuutste werke is minder formeel en die kwaswerk is lig, "snaaks" en los. As illustreerder doen sy soms navorsing wat betref die omgewing waarin die verhaal afspeel en maak 'n studie van meganiese voorwerpe om hul sodoende feitlik korrek weer te gee.

Sy hou wel uitstallings van haar landskappe, maar is nie ten gunste daarvan om haar kinderboekillustrasies op dié wyse uit te stal en te verkoop nie. Sy is van mening dat slegs illustrasies van hoë kwaliteit outonome kunswaarde kan hê.

4.1.1.2 Kunswerk

Die volgende visioenêre vormtaalaspek is die kunswerk, of dan in hierdie geval die illustrasies. Aspekte wat die idee van die kunswerk raak, sluit die keuse van styl, onderwerp, medium en tegniek in. In die bespreking van die visioenêre vormtaal ten opsigte van die kunswerk word die nommering soos dit met die identifisering van die illustrasies van Cora Coetzee toegeken is, gebruik. Slegs 'n enkele illustrasie, waarna verwys word as 1, word volledig beskryf en geïnterpreteer. Enkele ander werke (2-8) word dan vergelykend met en as aanvullend tot elke vormtaalaspek betrek. Die keuse van illustrasies is gedoen op grond van die boodskap van die illustrasies en die styl waarin dit uitgevoer word. Vir identifisering word slegs na die nommer van elke illustrasie genoem in die bespreking.

Die eerste visioenêre vormtaalelement wat bespreek word en wat die kunswerk raak, is die keuse van styl (vergelyk Hoofstuk 3, 3.1).

- *Fundamentele stylneigings soos geopenbaar in haar werk:* Haar styl is realisties met sterk aanduidings van die impressionistiese styltendens waardeur soveel van hierdie illustreerder se werke gekenmerk word (byvoorbeeld 2,3 en 4). Die genoemdes verskil van die losser styl van 6, waar die illustreerder selfs romantiserend met die onderwerp omgaan en van 7 waar 'n klassisistiese tendens waargeneem word.
- *Onderwerp:* Die onderwerp van (1) is die interieur van 'n werkkamer met vier kinders en 'n kaskar. Hoewel vroeëre illustrasies aanvanklik slegs diere as onderwerp het (4), word mense mettertyd karikatuuragtig uitgebeeld (byvoorbeeld 2,3,7). Later ontwikkel onderwerpe tot 'n meer realistiese uitbeelding soos in die gekose werk (1).
- *Medium en tegniek:* Tekenkunstige tegnieke word hoofsaaklik gebruik en dit is kenmerkend van elk van die gekose illustrasies (1-7). As mediums word gekleurde penne en waterverf in

illustrasie 1 gebruik. Dit is 'n toevoeging van kleur wat ook in 6 gesien word. Die ander illustrasies (2-5,7) is pentekeninge in monochroom.

4.1.2 Tegniese vormtaalaspekte

Dit sluit die uiterlike hoedanighede van die kunswerk, naamlik die identifisering, beeldbeskrywing en interpretering in.

Dit word weer eens gestel dat interpretasie reeds in 'n mate begin by beeldbeskrywing en oorvloei in die sintese wat op die tegniese vormtaalaspekte volg.

4.1.2.1 Identifisering

Met identifisering word bedoel dat die illustrasies by wyse van nommer, titel, datum, lokaliteit en afmetings hieronder gegee word. Aangesien die illustrasies nie beperk is tot 'n sentrale plek nie, word die plek van uitgawe en uitgewer as lokaliteit beskou, met die gegewe nommer as ontsluitingsmetode (vergelyk Bylae 2).

1. POLAND, M. 1988. Marcus en die kaskar. Kaapstad : Tafelberg. 150 x 220 mm.
2. DE VOS, P. 1986. Wolfgang Amadeus Muis. Kaapstad : Tafelberg. 270 x 420 mm.
3. DE JONGH, M. 1983. Die man met die gaatjie in sy trui. Kaapstad : Tafelberg. 300 x 220 mm.
4. VAN STRATEN, C. 1982. Die visarend en die miskruier. Kaapstad : Human & Rousseau. 300 x 220 mm.
5. BOUWER, A. 1979. Oupa Kyken. (*In: Lohann, C.A. samest. Storiehuis woordpaleis. Kaapstad : Tafelberg.*) 210 x 270 mm.
6. GROBBELAAR, P.W. 1989. Die rottevanger van Hameln. Pretoria : Daan Retief. 270 x 420 mm.
7. DE VOS, P. 1989. Belladonna Primadonna. Kaapstad : Tafelberg. 210 x 270 mm.

4.1.2.2 Beeldbeskrywing

Die volgende aspek van tegniese vormtaal is die beeldbeskrywing. Omdat interpretasie noodwendig betrek moet word, is 'n vervlegting daarvan met beeldbeskrywing eintlik onvermydelik. Dit is tog noodsaaklik om die elemente van beeldbeskrywing in die geheel te interpreteer. Elke element word ten opsigte van illustrasie 1 bespreek. Die ander word vergelykend met hierdie enkele illustrasie betrek.

- *Punt:* In die voorgrond is die kaskar as die fokuspunt, en deur middel van die kinders het ons meegaande punte om die oog deur die illustrasie te lei. Hierdie tegniek, om objekte so te plaas dat die oog met verskeie ander belangrike punte deur die illustrasie gelei word, word in die ander gekose werke ook gebruik. In 4 is die fokuspunt egter nie definitief nie, terwyl dié punt in 7 duidelik die ingang van die operahuis is.
- *Lyn:* Sensitiewe lynwerking is kenmerkend van hierdie illustreerder en in 1 word lyn spesifiek gebruik om vorm te gee. 'n Denkbeeldige lyn word ook gesuggereer van die kaskar af na die motorband en die kind se beenlyn, van die gevoude arms na die regterkantste kind en dan af na die vierde kind wat gehurk agter die kaskar sit en dan met sy liggaamslyn langs terug na die kaskar. Lyn word egter dikwels uitsluitlik gebruik om al die ander vormtaalelemente weer te gee, byvoorbeeld in 7, waar die lyn die enigste bron van toonwaarde, tekstuur, kleur, vorm, ruimte, beweging en ligwerking is. Dit word ook dikwels gebruik om die fokuspunt aan te dui soos in 7, waar die lyn sowel as die gesuggereerde lyn na die fokuspunt, naamlik die ingang van die operahuis, lei. Dit is ook hierdie lyngebruik wat die impressionistiese styl van Cora Coetzee tot gevolg het.
- *Vlak:* Deur middel van digte lynwerking en kleur word vlakke voorgestel, byvoorbeeld die prominente, effens donker vlak van die kaskar in die voorgrond met die groot vlak van die muur as agtergrond. Die agtergrond word in 'n mate ingelaat by die prentvlak, maar hierdie oop vlakwerking is kenmerkend van haar monochroom pensketse (2-7). In illustrasie 7 word die groot wit vlak van die fasade in kontras geplaas met die struik en omliggende geboue om perspektief te bewerkstellig. In illustrasie 3 word die vlak van die tafel en die trui gebruik om die oog na die fokuspunt te lei, en in illustrasie 6 skep die inlaat van die agtergrond 'n swewende effek, en dit verleen atmosfeer aan die illustrasie.
- *Toonwaarde:* Die toonwaarde van 1 is lig en vriendelik. Dit word bewerkstellig deur die oop vlakwerking, lig en kleurgebruik. Lyn word ook dikwels gebruik om hierdie effek te verkry, soos die speelse, fantasietonwaarde van 6, of die skemerte van 2. So word vlak ook gebruik om toonwaarde te skep, byvoorbeeld die groot wit vlak van die fasade in 7 wat 'n statigheid en elegansie aan die illustrasie verleen.
- *Tekstuur:* In die gekose werk (1) is nie veel variasie van tekstuur nie en dit word hoofsaaklik deur kleur, vlak en vorm verkry soos die kleur en vorm van die kaskar teenoor dié van die kinders se klere. Lyn is hier minder belangrik om tekstuur aan te dui as in enige van die ander werke (2-7). Daar word lyn hoofsaaklik aangewend om tekstuur te verkry, byvoorbeeld die vere van Oupa Kyken en die gevlegte sweep of die mandjie in 5. Dan weer kan die gebrek aan lyn ook tekstuur suggereer, byvoorbeeld die suggestie van water (2,4).

- *Kleur:* Die basiese kleure geel, rooi en blou is gebruik met min skakering in 1, terwyl dit in 6 baie meer dinamies aangewend word om toonwaarde te verkry en beweging te impliseer. In al die ander illustrasies (2-5,7) is die kleurgebruik monotoon. Die wit agtergrond word kontrasterend met die swart penlyn gebruik. Deur sensitiewe lynwerking word donkerder en ligter skakerings van swart en wit verkry.
- *Vorm:* Deur lyn- en kleurgebruik word herkenbare vorms in 1 geskep. Dit geld ook vir die ander illustrasies. Soms is vorm en lyn dieselfde tegniese vormtaalelement, soos die van die biesies van 4.
- *Ruimtewerking:* Deur 'n sprekende fokuspunt in die voorgrond van 1 plaas die illustreerder ander vorms daaragter met die muur en venster as agtergrond. Die ruimtelike indruk word versterk deur die lig wat van die venster in die agtergrond na voor skyn. Die tafel word as ongedefinieerde vorm buite die kring van die ligbron geplaas, en so word die ruimtewerking na agter verdiep. Hierdie effek word ook in 5 verkry deur die kas met ongedefinieerde vorms en groot, donker vlak in die agtergrond te plaas. Die teenoorgestelde effek word verkry in 7 waar die groot, helder vlak van die fasade asof uit die prentvlak na voor beweeg om fokuspunt, tekstuur en atmosfeer deur ruimtewerking te bewerkstellig.
- *Ligwerking:* Die enigste ligwerking in illustrasie 1 word verkry deur die venster in die agtergrond wat 'n skemer, koel atmosfeer van die interieur suggereer. Dieselfde tipe ligwerking word ook in 5 gevind, waar die ligbron van die regterkant af val en ook 'n koel, skemer vertrek suggereer. In die ander illustrasies (2,4,6 en 7) is slegs die natuurlike ligbron, van die son of maan, teenwoordig. In enkele gevalle, byvoorbeeld 3, kan geen definitiewe ligbron geïdentifiseer word nie en skyn die lig vanuit die waarnemer van die illustrasie se perspektief.

4.1.2.3 Interpretasie

Nadat die tegniese vormtaalaspekte ten opsigte van die kunswerk beskryf is, word dit in die geheel geïnterpreteer om die idee van die illustrasie te identifiseer en die inhoud daarvan te verstaan.

Deur die oog deur verskeie belangrike punte te lei, word die fokuspunt bewerkstellig. Lyn is so belangrik dat die ander tegniese vormtaalelemente daardeur bepaal word en die illustrasie nie daarsonder kan bestaan nie. Die pen as medium versterk die lyngebruik in al die illustrasies van Cora Coetzee. Kleur word in latere illustrasies gebruik om die vormgewing en vlakwerking uit te brei en veral atmosfeer te skep. So kan die idee van illustrasie 1 oorgedra word as die aktiwiteit van vier maats wat 'n gemeenskaplike projek, naamlik die kaskar, deel en in 'n gemoedelike, vriendelike atmosfeer voortgaan met hul spel. Deur kleur, vorm, ruimtehantering en ligwerking word atmosfeer geskep en die idee van die kinderboekillustreerder oorgedra. Die inhoud van die illustrasie

kommunikeer positiewe gedagtes en gelukkige karakters, want die kinders lyk vriendelik en ontspanne. Die karikatuuragtigheid van die menslike figure kan selfs humor aan die waarnemer kommunikeer.

4.1.3 Sintese

Hierdie is die finale stap in die evalueringsproses nadat die estetiese vormtaal van die illustrasie beskryf is. Die interpretasie van bogenoemde tegniese vormtaalelemente word voortgesit in die sintese om tot evaluering van die kunswaarde van die illustrasies en gevolglike kunstenaarskap van Cora Coetzee te kom.

Die sintese van die werk van Cora Coetzee behels die volgende: Deur sensitiewe lyngebruik word idee, vorm en inhoud van die illustrasie (1) op 'n natuurlike en humoristiese wyse oorgedra. Kleur word aangewend om atmosfeer in die illustrasie te skep, maar die illustreerder het ook bewys gelever van meesterlike lyngebruik om al die ander tegniese vormtaalelemente, soos vorm, kleur en toonwaarde te ondersteun. Hoewel kleurgebruik die visuele aantreklikheid van 'n illustrasie kan verhoog, is dit vir die illustreerder wat tekenkunstige vaardigheid hoog op prys stel nie so deurslaggewend nie. Haar styl word deur die mediumkeuse en vormgewing van objekte en karakters ondersteun en versterk haar unieke styl. Die geborgenheid, selfstandigheid en natuurlikheid wat sy as persoon ervaar, kom tot uiting in die illustrasies.

Die keuse van objekte vir die illustrasies weerspieël die kunstenaar se noue kontak met die kultuur van die Kaap met sy oudhede en historiese geboue asook haar noue kontak met kinders. Dit is wat sy waarneem en ervaar. Die suiwerheid van die lynwerking en keuse van medium dui op haar kontak met die gestrooptheid van die Namib-woestyn, hoewel die onderwerpe van die gekose illustrasies egter nie ook daarby aansluit nie. Die fyn waarnemingsvermoë in haar lewenswêreld en haar natuurervaring word in elke illustrasie geopenbaar.

Die illustrasies van Cora Coetzee kan as geslaagd geëvalueer word, deur die toepassing van estetiese vormtaal. Die eise wat sy stel aan haar idee ten opsigte van illustrasies, kan uit die vorm daarvan afgelei word en die inhoud van die visuele boodskap kan ook deur middel van die vormtaalaspekte verstaan word. Haar illustrasies slaag as kunswerke en sy word erken as kunstenaar.

4.2 ALIDA BOTHMA

Alida Bothma word as kunstenaar geëvalueer volgens dieselfde estetiese vormtaalaspekte, visioenêre en tegniese vormtaal, as wat vir die evaluering van werke van Cora Coetzee gebruik is. Een illustrasie (8) word weer as basis gebruik en die ander (9 - 14) word vergelykend daarmee betrek.

4.2.1 Visioenêre vormtaal

Die faktore, soos die tyd en plek, kunsbesef, styl, onderwerp, medium en tegniek, wat bogenoemde illustreerder en die gekose illustrasie raak en wat as motivering dien om die visueel-estetiese boodskap vir die kind te kommunikeer, word vervolgens bespreek.

4.2.1.1 *Kunstenaar*

Aspekte soos die plek waar die kunstenaar leef en werk, asook hoe hy/sy kuns beskou, beïnvloed sy/haar motivering om skeppend te wees. Die keuse van styl, onderwerp, medium en tegniek is sluit ook hierby aan.

- *Tyd en lokaliteit:* Alida Bothma (née Van der Merwe) is in 1953 in Pretoria gebore as die jongste van drie dogters. Haar oudste suster, wat self kuns studeer, neem haar saam na kunsuitstallings en kweek 'n liefde en belangstelling vir kuns by die jong Alida. Sy matrikuleer in 1970 met onderskeiding in Kuns en sit haar kunsstudies voort aan die Kaapstadse Technikon, waar sy die diplomakursus in grafiese kuns voltooi. Die daaropvolgende drie jaar werk sy as handelskunstenaar in Kaapstad en doen waardevolle ondervinding op as grafiese kunstenaar, byvoorbeeld wat betref bladuitleg, lettertypes en drukprosesse. Sy en haar man toer vir 'n jaar deur Suid-Amerika waar sy veral die Suid-Amerikaanse Indiane skets. Daarna doen sy vryskutwerk as grafiese kunstenaar en kinderboekillustreerder, eers in Johannesburg en tans in Port Elizabeth.
- *Kunsbesef:* Alida Bothma noem ook soos respondente op die vraelys die belangrikheid van opleiding vir die illustreerder in veral grafiese en tekenvaardigheid, asook van kleurbeheer. Na haar mening dien die storie as prikkel en is dit goed om kontak met die skrywer te hê, maar die illustreerder word ook beïnvloed deur sy eie lewenservaring en aanleg. Sy teken dinge wat sy al gesien of beleef het, byvoorbeeld haar ouma se ou kombuis of bekende natuurtonele. As kunstenaar let sy baie fyn op na wat om haar aangaan en is besonder lief vir die see, die natuur en wat natuurlik is. Sy doen soms navorsing as gegewens feitelik korrek moet wees, byvoorbeeld vir 'n stoomskip of bepaalde soort vis. Sy glo dat die kind altyd in gedagte gehou moet word, en sy gebruik ook die reaksie van haar eie drie dogters as klankbord vir stories en illustrasies.

Sy eksperimenteer graag met verskillende mediums, sodat sy haar styl kan afwissel om aan te pas by die atmosfeer van die verhaal. Haar styl kan hoofsaaklik as ekspressionisties tot figuratief abstrak beskryf word. Dit sal egter deur die verhaal bepaal word. Navorsing met betrekking tot kleredrag, gewoontes en argitektuur is vir haar van belang. Sy wil graag "kunsprente" maak wat die kind in die eerste plek kan geniet. Dan doen sy ook ander skeppende werk, naamlik skilder- en handwerk, en organiseer uitstallings van haar eie werk sowel as dié van ander kunstenaars.

4.2.1.2 *Kunswerk*

Die tweede aspek van visioenêre vormtaal is die kunswerk. Die visioenêre vormtaalaspekte wat 'n kunswerk raak, is styl, onderwerp, medium en tegniek. Soos by die evaluering van die werke van Cora Coetzee, word slegs 'n enkele illustrasie (8) van Alida Bothma volledig beskryf en geïnterpreteer. Die ander werke (9-14) word dan vergelykend en aanvullend tot die genoemde vormtaalelemente betrek.

- *Fundamentele stylneigings:* Kleur en vlak is sterk elemente in illustrasie 8. Die styl kan dus beskryf word as ekspressionisties met sterk elemente van figuratiewe abstraksie. Sy werk aanvanklik meer realisties wanneer figure meer natuurlik vertoon (12,13). Wanneer die atmosfeer van die verhaal dit vereis, kan haar styl selfs as klassisisties beskryf word. Vergelyk byvoorbeeld waar die geboue se styl aansluit by die klassieke argitektureur (9). Haar algemene stylneiging bly egter ekspressief en figuratief.

Onderwerp: Die onderwerp (8) is 'n buitelugtoneel met vier kaskarre, verskeie kinderfigure en een volwassene. Hierdie illustreerder se onderwerpkeuse is hoofsaaklik menslike situasies met mensfigure (8-10,12,14), tensy die verhaal uitsluitlik oor diere handel (11,13). Die kind is gewoonlik die sentrale tema.

- *Medium en tegniek:* Tekenkunstige tegnieke word aanvanklik gebruik (12,13), maar haar ontwikkeling na skilderkunstige en veral tegnieke van die tagtigerjare is opvallend in al die ander illustrasies (8-11,14). Die mediums wat by 8 gebruik word, is kleuroplode, pastel, kwas en waterverf, gouache en tempera asook collage wat aansluit by die tegnieke van die tagtigerjare. Laasgenoemde tegniek is veral deur die Kubisme ontgin. Integrasie van teks en illustrasie vind ook plaas wat ook as tegniek van die tagtigerjare geïdentifiseer is met die bespreking van kriteria van kunswerke in 'n vorige hoofstuk.

Hierdie gebruik van gemengde mediums is kenmerkend van die illustrasies van Alida Bothma (9-11,14). Sy eksperimenteer ook verder met verskeie tegnieke.

4.2.2 *Tegniese vormtaalaspekte*

Die tegniese vormtaal met betrekking tot die kunswerke as sodanig word vervolgens bespreek. Die gekose illustrasies word geïdentifiseer, beskryf en geïnterpreteer voordat 'n sintese rakende die waarde daarvan gestel word.

4.2.2.1 *Identifisering*

Die gekose illustrasies word as verteenwoordigend van Alida Bothma se oeuvre beskou en is uit dieselfde tydperk as dié van Cora Coetzee gekies. Dit word ten opsigte van titel, datum, plek en

afmetings beskryf. Vir die doel van hierdie studie word die plek van uitgawe en uitgewer as lokaliteit van die illustrasies beskou.

8. NORTJÉ, P.H. 1988. Blouvalk kry sy jokkie. (*In: Rode, L. Goue fluit my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.*) 245 x 165 mm.
9. DE VOS, P. 1988. Antjie Somers. (*In: Rode, L. Goue fluit my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.*) 245 x 165 mm.
10. MAARTENS, M. 1988. Soos heuning. (*In: Rode, L. Goue fluit my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.*) 245 x 165 mm.
11. KOTZE, S. 1985. Karel kameelperd in die verknorsing. (*In Rode, L. Goue lint my storie begint. Kaapstad : Tafelberg.*) 275 x 210 mm.
12. SACKS, M. 1985. Themba gaan sy vader haal. Kaapstad : Human & Rousseau. 110 x 150 mm.
13. GROBBELAAR, P.W. 1986. Doer in Dierlandy. Kaapstad : Human & Rousseau. 110 x 150 mm.
14. RUPERT, R. 1987. Nou wil almal sien. Kaapstad : Human & Rousseau. 245 x 330 mm.

4.2.2.2 Beeldbeskrywing

Die uitbeelding van die kunstenaar se idee word beskryf. Die waarneembare gestalte word beskryf ten opsigte van tegniese vormtaalelemente soos punt, lyn en vorm. Bogenoemde nommeraanduiding van 8-14 word deurgaans bespreek. Hier moet ook gestel word dat interpretasie reeds in 'n mate hier begin en ook oorvloei in die sintese.

- *Punt:* Verskeie punte in die illustrasie (8) lei die oog telkens terug na die sentrale ruspunt van die groot, wit vlak van die wit kaskar. Die gebruik van 'n verskeidenheid punte word ook in ander illustrasies gevind (9,11) en soms is daar geen identifiseerbare fokuspunt of enige ander punte nie (13). In illustrasie 14 is ook verskeie punte wat die oog vang, maar die fokus is op Janet se gesig deurdat die gesigsuitdrukking van die ander figure die aandag daarheen lei. Tegniese vormtaal word dus nie gebruik om die fokuspunt te bepaal in hierdie illustrasie nie, maar dit word verkry deur nieverbale kommunikasie in die gesigsuitdrukking van die figure.
- *Lyn:* Slegs eendimensionele lyn word gebruik om realisme te verkry en detail op vorms aan te bring (8-11,14). Deur die plasing van vlakke word die oog deur die illustrasies gelei en deur kontras tussen dié vlakke en die agtergrond word buitelyne geskep. Met die tekenkunsige

tegniek van 12 en 13 word lyn as tegniese vormtaalelement duidelik, as dit vorm suggereer, soos in die lyfie van die slapende kind (12). Deur lyn word tekstuur weergegee en dit suggereer weer vorm, soos die tekstuur van die kombers. In 13 is lyn die belangrikste element, aangesien al die ander elemente daardeur ontstaan.

- *Vlak:* Kenmerkende elemente van die ekspressionistiese styl is vlak en kleur. In illustrasie 8 is die prominente kleurvlakke van die kaskarre en die grondvlak die bepalende elemente. Deur die pale en vlaggies in die agtergrond word die tekenvlak vergroot en die wit agtergrond met die illustrasie geïntegreer. Vlak is ook die basiese element in die ander illustrasies (9-14). Dimensie word verkry deur donker vlakke op die voorgrond te plaas met die ligte vlakke daaragter (8-11), om vlakke oorvleuelend te rangskik (8,10,14) of om met die vorm van die vlakke dimensie te suggereer soos deur die diagonale plasing van die kaskarre (8).
- *Toonwaarde:* Toonwaarde word deur vlak en kleur verkry. Dié van 8 is opwindend en vrolik. Die donker op die voorgrond suggereer diepte-perspektief teenoor die wit agtergrond. As 8 se toonwaarde met die somberheid van 9 vergelyk word, kan die duidelike verskil in atmosfeer waargeneem word. Die aanduiding van dag en nag deur die toonwaarde in die onderskeie illustrasies is ook opvallend.
- *Tekstuur:* Deur haar gebruik van gemengde mediums word tekstuur verkry. In 8 word die wollerige tekstuur van die man se baadjie gekontrasteer met die gladde afwerking van die kaskarre. Die kontraste van tekstuur word ook aangewend om spanning in die illustrasie te skep. Vergelyk 9 se growwe agtergrond teenoor die gladde tekstuur van die geboue. Die growwe tekstuur van 10 dra ook by tot die somber, dreigende atmosfeer in die illustrasie. Die harigheid van die kameelperd, die vere van die volstruis en die skurwe tekstuur van die volstruisbene (11) word ook deur die gebruik van verskillende mediums weergegee. Die uitvoering in 12 verskil van die ander illustrasies in dié opsig dat lyn gebruik word om byvoorbeeld die tekstuur van die kombers te verkry.
- *Kleur:* In 8 word die basiese kleure, naamlik blou, geel en rooi suiwer aangewend om sterk kleurvlakke te kan weergee. 'n Atmosfeer van opwinding word daardeur ondersteun. Rooi as simboliese kleur kan belangrikheid aandui. Dit word ook gebruik in 10 waar gevaar waarskynlik gesimboliseer word. Aardse kleure, soos skakerings van bruin vir natuurtonele en diere (11), skep 'n natuurlike en warm atmosfeer. In illustrasie 12 word warmer skakerings van blou, geel en rooi gebruik, wat die toonwaarde verdiep en 'n skemer interieur tot gevolg het. Die illustrasie (13) wat swart en wit as enigste kleurelemente het, maak gebruik van die kontras om vorm te gee.

- *Vorm:* Deur sterk vlakwerking word vorm geskep en deur eenvoudige lynwerking word realisme in die vorm verkry. Deur verskeidenheid in skaal word perspektief gesuggereer met die groot vorms in die voorgrond en kleiner, oop vorms in die agtergrond soos in 8, 9 en 11. In 14 word vorm gesuggereer deur die plasing van die figure op 'n horisontale vlak, en die liggaamshoudings van die figure suggereer 'n groot, plat oppervlak soos 'n tafel in die voorgrond. Collage as tegniek word ook gebruik (8,10,11 en 14) om vorm te definieer en plaas vorm in kontras met die agtergrond.
- *Ruimtehantering:* Deur plasing oormekaar, deur oop vorms in die agtergrond en verskil in grootte van die vorms, word perspektief gesuggereer. In die algemeen is die ruimtehantering vlak (8-11,13-14) en op 'n horisontale lyn. Om diepte te suggereer, word vorms dikwels langs mekaar geplaas en nie agtermekaar nie. Tyd, byvoorbeeld dag en nag as dimensie, word egter altyd gesuggereer en verhoog die spanningselement in die illustrasies.
- *Beweging:* Deur die plasing van vorms word beweging bewerkstellig soos die diagonale plasing van die kaskarre (8). Beweging word ook verkry deur die liggaamshoudings van die menslike figure. Hulle lyk asof hulle beweeg. Hierdie twee metodes word deurgaans in al die illustrasies gebruik om beweging te suggereer.
- *Ligwerking:* Geen ligbron kan geïdentifiseer word in illustrasies (8-11, 13 en 14) nie, Slegs in illustrasie 12 val die lig van regs na links op die fokuspunt, naamlik op die seun se gesig. In hierdie illustrasie word atmosfeer en dus toonwaarde deur ligwerking verkry. In 8 het die illustrasie 'n skerp ligkwaliteit wat 'n tydsfaktor suggereer asook die gevoel van opwindende ondersteun.

4.2.2.3 Interpretasie

Bogenoemde tegniese vormtaalelemente word vervolgens geïnterpreteer om uiteindelik tot 'n sintese omtrent die kunswaarde van die illustrasie te kom.

Verskeie belangrike punte word in die illustrasies gebruik om die oog te lei. Deur die gebruik van verskeie belangrike punte, en nie één fokuspunt nie, word beweging verkry. Dit dra by tot die dinamiek van die potensieel perspektieflose illustrasies. Lyn word aanvanklik in vroeëre werke gebruik, maar vlak, vorm en kleur word die belangrikste elemente waarmee die illustreerder eksperimenteer. Die gebruik van gemengde mediums dra by tot ekspressiewe kwaliteit. Dit ondersteun elemente soos vorm en tekstuur en dra by tot die toonwaarde van die illustrasies.

Wat illustrasie 8 wil oordra, is 'n opwindende kaskarresies wat deur 'n onbepaalde aantal kinders bygewoon word en die beslissing kan by die man met die vlag lê. Die warm somersdag is vol pret, aktiwiteit en afwagting. Die kontrasterende teksture, helder kleurvlakke en dinamiese vormplasing dra by tot die atmosfeer van opwindende.

4.2.3 Sintese

Nadat die estetiese vormtaal bestudeer, is kom die waardeerder van 'n kunswerk tot 'n sintese betreffende die kunswerk en kunstenaar. Dit word ook ten opsigte van die gekose kinderboekillustrasies en illustreerder gedoen. Deur vlakwerking en sterk kleurgebruik word die idee, vorm en inhoud van illustrasie 8 weergegee. Die ekspressiewe eienskappe van die illustrasies word ook in die hantering van vlak, vorm en kleur waargeneem. Die gebruik van gemengde mediums en collage pas aan by die kunsbesef van die illustreerder. Só benut sy verskeie grafiese moontlikhede om haar tegniese vaardighede te ontwikkel. Die verskeidenheid styltendense wat die verskillende illustrasies kenmerk, dui ook op die eksperimentele aanslag van die illustreerder. Die lewensvreugde en dinamiek van die illustreerder kom tot uiting in die illustrasies. Selfs in die somberste illustrasie (10), wat 'n tydgees van geweld en onsekerheid weerspieël, is hoop 'n sleutelement. Die suiwer wit van die agtergrond breek telkens deur die somber kleurvlakke. Die kunstenaar se liefde vir die natuur blyk byvoorbeeld uit die gevoelvolle uitbeelding van diere (11).

4.3 SAMEVATTING

In die verloop van hierdie hoofstuk is gekose illustrasies van Cora Coetzee en Alida Bothma geëvalueer om die illustreerders se waarde as kunstenaars te bepaal. Die doel van die evaluering was ook om vas te stel in watter mate die kinderboekillustrasie 'n estetiese boodskap vir die kind bevat.

Opsommend word tot die volgende gevolgtrekkings gekom. Albei illustreerders is wel deeglik bewus dat die kind 'n belangrike faktor is by die bepaling van die geslaagdheid van hul illustrasies. Hoewel die kunsuiting van die kind (Hoofstuk 2, 3.4) nie nagevolg word nie, word sy kunsbeleving, soos beskryf deur onder andere Parsons, Cullinan en Schwarcz, wel deeglik deur die illustreerders benut. So byvoorbeeld figureer kinders in die meeste illustrasies. Die kind as waarnemer se voorkeur vir kleur word in ag geneem deur die gebruik van groot, helder kleurvlakke, selfs al word slegs die basiese kleure ter wille van grafiese prosesse gebruik. Dit bevestig hoe 'n belangrike faktor die kind, as ontvanger van die boodskap, vir die illustreerders is.

Verder blyk dit dat die kriteria wat vir kunswerke in die algemeen gebruik word, 'n groot rol speel wanneer die estetiese boodskap van die kinderboekillustrasie ter sprake is. Dié boodskap kan met behulp van estetiese vormtaal, te wete visioenêre en tegniese vormtaal, bepaal word. Dit word afgelei uit die volgende opmerkings wat in die voorafgaande bespreking na vore gekom het. Die kenmerkende stylrigtings van beide illustreerders kan doeltreffend geïdentifiseer word uit die enkele illustrasies wat bespreek is. Die styl pas aan by die lewensbeskouing en kunsbesef van hierdie illustreerders. Hul keuse van medium en tegniek verskil totaal, en dit ten spyte van die feit dat die grafiese beperkings van die drukprosesse deurgaans dieselfde is. Dit bevestig die mening dat die illustreerder kreatief kan werk ten spyte van die beperkende faktore van uitgewers, drukprosesse, en dan ook kindervoorkeure. Dit blyk dus dat die illustreerder vry is om keuses te doen wat betref styl, medium en tegniek. Die aanwending van die vormtaalelemente verskil eweneens totaal as Coetzee

met Bothma vergelyk word. Die prestasie om ten spyte van die gebondenheid tog illustrasies van hoogstaande gehalte te lewer en 'n eie stempel daarop af te druk, is daarom des te groter. Die goeie illustreerder lê dus 'n visueel-estetiese boodskap in die illustrasie vas, bewustelik of onbewustelik, wat daar is vir die kind om te ontdek. Hierdie opsomming word verder uitgebrei in die hoofstuk wat ten slotte volg.

HOOFTUK 5: GEVOLGTREKKING

5.1 INLEIDING

Dit is natuurlik by die mens om visueel te kommunikeer. In die twintigste eeu speel hierdie tipe kommunikasie steeds 'n belangrike rol, veral ten opsigte van die massamedia en rekenaartegnologie. Om betekenis aan die visuele boodskap te gee, moet dit verstaanbaar wees vir die persone op wie dit gerig is. Visuele geletterdheid, met ander woorde die verstaan van visuele boodskappe, kom dus ter sprake by visuele kommunikasie. Die visuele kunste as kommunikasiemedium en veral as draer van 'n visueel-estetiese boodskap is van belang waar dit om visuele geletterdheid gaan. Indien die kinderboekillustrasie as visuele kuns erken word, is die visueel-estetiese boodskap sigbaar. As die kind kan leer om hierdie boodskap te verstaan, kan hy ook as volwassene kuns waardeer. Die waarde van die visueel-estetiese boodskap vir die kind se estetiese ontwikkeling verleen betekenis aan hierdie studie as geheel. Dit word dus as ondersteunende argument by die probleemstelling rakende die kinderboekillustreerder as kunstenaar betrek.

Die belangrikste oogmerk van hierdie navorsing is egter dat die kodeerder van die visueel-estetiese boodskap, naamlik die kinderboekillustreerder, as kunstenaar erken word. Indien die kinderboekillustrasie as visuele kunsvorm belangrik geag word, word die kommunikatiewe en die estetiese waarde daarvan beklemtoon. In die probleemstelling ten opsigte van hierdie studie is genoem dat die kinderboekillustrasie gewoonlik die kind se eerste kennismaking met die visuele kuns is. Daarom is dit belangrik vir sy estetiese ontwikkeling. Die kinderboekillustreerder is die persoon wat die visueel-estetiese boodskap formuleer, en dit dui op sy belangrike rol in die visuele kommunikasieproses.

Die problematiek rondom die kinderboekillustreerder as kunstenaar het deurlopend in hierdie studie aandag geniet. Om te bepaal in watter mate die kinderboekillustreerder as kunstenaar tot sy reg behoort te kom, is aandag bestee aan die kinderboekillustrasie as draer van 'n visueel-estetiese boodskap. Die volgende sentrale teoretiese uitgangspunte (1.3) is ondersoek:

- Die kinderboekillustrasie maak estetiese belewing moontlik.
- Die kinderboekillustrasie dien om 'n visueel-estetiese boodskap aan die persoon wat daarna kyk, oor te dra.
- Dié estetiese boodskap word deur die idee, vorm en inhoud van die kinderboekillustrasie oorgedra.
- Die kinderboekillustrasie word as kunswerk beskou en daarom is die kinderboekillustreerder 'n kunstenaar.

Die doel van Hoofstuk 5 is om die geldigheid van bogenoemde stellings te beredeneer aan die hand van die gevolgtrekkings waartoe daar tydens die verloop van hierdie studie gekom is.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Vervolgens word aandag gegee aan die gevolgtrekkings ten opsigte van bogenoemde vier uitgangspunte:

5.2.1 Die kinderboekillustrasie maak estetiese belewing moontlik

Uit die begripsomskrywing van estetiese belewing (1.6.6), veral soos deur Argan beredeneer, blyk dat dié belewing verband hou met kunswaardering (1.6.1). Dit impliseer dat 'n voorwerp geniet en begryp kan word deur dit te beskryf, te ontleed, te interpreteer en te evalueer. Dit hang af van die waardeerder se perspektief van die estetiese en dit is gewoonlik subjektief. Uit Hoofstuk 2, waar die kind as kommunikeerder ter sprake is, is dit duidelik dat kunswaardering by die kind gewoonlik intuïtief plaasvind. Dit blyk uit die bespreking van sy kunsuiting en kunsbelewing (2.3.4). Sy estetiese belewing vind plaas op die basiese vlak van genot of plesier wat hy onder andere uit afbeeldings put, soos blyk uit die literatuurstudie van Hoofstuk 2 (2.3.4) sowel as die vraelys in Hoofstuk 3 (vraag 3.10). Die kind se sin vir die estetiese groei ook volgens Pickford (1972 : 181-210), en dit hou in dat die kind kan ontwikkel tot 'n volwassene wat kuns kan waardeer.

Waar dit gaan om die behoeftes van die kind, is ook die waardering van die estetiese by die kind geïdentifiseer (2.3.1.6). Die moontlikhede wat deur die estetiese elemente soos lyn, kleur en vorm bereik kan word, kan onder meer 'n rol speel by die verryking van sy leeservaring. Die invloed van die kinderboekillustrasie as grondlegging van kunswaardering kan dus nie geïgnoreer word nie. Die rol van die kinderboekillustreerder (2.4.5) as oorsprong van die visueel-estetiese boodskap is van die grootste belang by die kind se estetiese belewing van die illustrasie.

Om die estetiese boodskap van die illustreerder verder te ondersoek, is gekose illustrasies geëvalueer. Ter wille van die wetenskaplikheid van hierdie studie is besluit om volgens die skoolse benadering (1.6.1) na die illustrasies van Cora Coetzee en Alida Bothma te kyk en hul kunswaarde te bepaal. Dit behels die ontleding, interpretasie en evaluering van kunswerke gebaseer op akademiese objektiwiteit (Hoofstuk 2). Dit is gedoen met die spesifieke doel om die waarde van die kinderboekillustreerder as kunstenaar te bepaal.

Die metode waarvolgens die ontleding, interpretasie en evaluering gedoen is, is met behulp van die vraelys (3.1) en 'n uitgebreide literatuurstudie (3.2) wat betref kriteria waarvolgens kinderboekillustrasies en kunswerke geëvalueer word, bepaal. Vir die doelstelling van hierdie studie is die feit dat kinderboekillustrasies inderdaad ook kunswerke is, aanvaar voordat met die evaluering voortgegaan is. Uit Hoofstuk 4 het dit geblyk dat die gekose illustrasies aan die hand van dieselfde estetiese vormtaalelemente as ander kunswerke bespreek kan word. Die evaluering van die gekose

illustrasies van Cora Coetzee en Alida Bothma aan die hand van estetiese vormtaal het die feit dat 'n estetiese boodskap in die illustrasie vasgelê word, gestaaf (4.3). Daar is dus ook 'n moontlikheid vir estetiese beleving in die kinderboekillustrasie.

Dit blyk dat estetiese beleving versterk word deur estetiese opvoeding, en genot en begrip van kunswerke kan daardeur verhoog word (2.3.3 en 2.3.4). Indien in ag geneem word dat die kinderboekillustrasie vir die kind dikwels die eerste kennismaking met 'n visueel-estetiese boodskap is, behoort die moontlikhede dat dit kan bydra tot die estetiese ontwikkeling van die kind ontgin te word. Om bogenoemde stellings te aanvaar, moet die bron van hierdie estetiese boodskap, naamlik die kinderboekillustreerder, as kunstenaar erken word.

5.2.2 Die kinderboekillustrasie dien om 'n visueel-estetiese boodskap aan die persoon wat daarna kyk, oor te dra

In die voorafgaande gevolgtrekking rakende estetiese beleving word reeds melding gemaak van 'n visueel-estetiese boodskap en die kinderboekillustreerder as kodeerder daarvan. Onderliggend tot die beredenering in hierdie studie om die kinderboekillustreerder as kunstenaar te erken, is genoemde estetiese boodskap betrek (1.2). Dit word algemeen aanvaar dat ander visuele kunswerke wel 'n estetiese boodskap aan die waardeerder daarvan oordra (1.6.1 en 1.6.2), en dit impliseer dat, indien die kinderboekillustrasie as kunswerk erken word, dit ook 'n estetiese boodskap aan die persoon wat daarna kyk, sal oordra.

Uit Hoofstuk 2 waar dit om kommunikasie gaan, blyk dit dat daar 'n verbale sowel as 'n nieverbale boodskap in die kinderboek is. Die verbale boodskap handel uitsluitlik oor die boodskap in die teks (2.2.1). Die nieverbale boodskap ondersteun die teks en verleen 'n unieke ekstra dimensie aan die kinderboek (2.2.2). Kommunikasie kan plaasvind deur middel van punt, lyn, kleur, vorm, tekstuur, toonwaarde, beweging en ligwerking. 'n Illustreerder kan in 'n spesifieke styl en tegniek werk om 'n boodskap aan die kind oor te dra. Dit is visuele kommunikasie. Daar is dus sprake van twee tipes boodskappe in die kinderboek, naamlik die boodskap van die teks en die eie unieke bydrae van die kinderboekillustreerder. By implikasie is hier dus sprake van die visueel-estetiese boodskap. Hierdie ekstra bydrae is belangrik by die bestudering van die kinderboekillustreerder as kunstenaar.

In genoemde beredenering rakende kommunikasie word die kinderboek as middel tot massakommunikasie beskou en die kinderboekillustrasie spesifiek as visuele kommunikasie (1.6.9). Omdat die kinderboekillustreerder en die kind selde direkte kontak met mekaar het en hy nie self elke kind se reaksie op die illustrasies kan beleef nie, word die kommunikasieproses gewoonlik as onvoltooid beskou. Die hunkering na kommunikasie is tog as behoefte by die kind geïdentifiseer en hy sal 'n boodskap in die illustrasie soek (2.3.1). Die estetiese boodskap word bewustelik of

onbewustelik deur die illustreerder gekodeer met behulp van kunselemente en die waarnemer (want dit kan 'n ouer, bibliotekaris, enigiemand wat dit sien, wees), in besonder die kind, interpreteer dit vanuit sy eie ervaringswêreld.

Uit die ondersoek na die kommunikatiewe moontlikhede van die kinderboekillustrasie blyk verder dat die illustrasie bydra tot die leeservaring van die kind (2.3.3). Hoe jonger die kind, hoe belangriker is die rol van die illustrasie, soos byvoorbeeld in die prenteboek waar min of geen teks voorkom nie. Indien die ontwikkelingsfasies van die kind in ag geneem word (soos gemeld in die begripsomskrywing) sal die illustrasies na gelang van sy ouderdom 'n hoofrol en toenemend bykomstige rol speel in die algemene boodskap van die teks. Dit beteken dat toenemende leesvaardigheid die teks "leesbaar" sal maak vir die ouer kind. Volgens die ouderdom van die kind speel die illustrasie in 'n mate die hoofrol en bykomstige rol in die oordrag van die algemene boodskap van die teks. Aanvullend tot die teks is die visueel-estetiese boodskap, wat uitsluitlik die illustreerder se bydrae tot die kinderboek is. Dit hoef nie op die vlak van kinderkuns (2.3.4) uitgevoer te word nie, maar die kind word tog in ag geneem. Dit word erken dat hierdie boodskap wel geïnspireer word deur die teks, maar dit is die illustreerder se unieke bydrae tot die kinderboek (2.4.1).

Waar kriteria deur middel van die vraelys en 'n literatuurstudie gestel word om kinderboekillustrasies te evalueer, word die kinderboekillustrasie as kunswerk aanvaar (Hoofstuk 3). Dit dui finaal daarop dat die illustrasie wel 'n visueel-estetiese boodskap bevat.

5.2.3 Die estetiese boodskap word deur die idee, inhoud en vorm oorgedra

Noudat daar onomwonde gestel is dat die kinderboekillustrasie 'n estetiese boodskap oordra, moet die manier waarop die boodskap oorgedra word, aandag geniet. In die verloop van hierdie studie is estetiese vormtaal, naamlik die faktore wat die kunstenaar en kunswerk beïnvloed asook die waarneembare hoedanighede van beide kunstenaar en kunswerk, as deel van die proses van visuele kommunikasie omskryf (1.6.7). Hiermee word bedoel, bepaalde visioenêre en tegniese vormtaalaspekte beïnvloed die visueel-estetiese boodskap wat ter sprake is. Dit behels die idee, vorm en inhoud van die illustrasie.

Die illustreerder kry 'n gedagte of idee wanneer hy die teks lees en formuleer sy estetiese boodskap na aanleiding van sy eie lewenservaring en lewensbeskouing (2.4.1). Dan gee hy dit visueel weer deur dit in 'n bepaalde vorm saam te stel met behulp van tegniese vormtaalelemente, byvoorbeeld lyne, kleure en vorms (2.4.2, 3.3). Die inhoud van die voltooides illustrasie, wat idee en vorm insluit, dra die estetiese boodskap aan die kind oor. Die illustreerder is interpreteerder van die teks en gee sy eie unieke visuele uitdrukking daaraan wat onder meer deur sy ervaringswêreld en lewensbeskouing beïnvloed word (2.4.1 en 2.4.5).

Die idee vir die boodskap van die verhaal ontstaan by die skrywer, maar die estetiese boodskap in 'n visuele medium word deur die illustreerder in 'n visuele medium oorgedra. Die estetiese vormtaalelemente het wel 'n potensiele boodskap wat onder meer deur die kind verstaan kan word, sonder om die teks van die verhaal te lees. Dit dui op die ekstra bydrae wat deur die kinderboekillustreerder gelewer word, veral ten opsigte van die prentboek. Die geïllustreerde kinderboek het dus aanvullend tot die teks 'n visueel-estetiese boodskap wat deur die idee en vorm van die illustrasie, inhoud aan die waarnemer oordra.

5.2.4 Die kinderboekillustrasie word as kunswerk beskou en daarom is die kinderboekillustreerder 'n kunstenaar

Uit die literatuurstudie rakende kommunikasie in die geïllustreerde kinderboek (Hoofstuk 2) en uit die kriteria wat gestel word aan kinderboekillustrasies vir keuring deur uitgewers (Hoofstuk 3) asook vereistes wat vir boektoekennings in ag geneem word, blyk dit dat uiteenlopende menings ten opsigte van die kinderboekillustrasie as kunswerk bestaan. Dit hou in dat die kunstenaarskap van die kinderboekillustreerder deur sommiges betwyfel word. Outeurs soos Snyman, Lacy, McCann en Richard, Zwicker, Cianciolo en Schwarcz (2.2.2 en 2.3.4) verskil onderling ten opsigte van visuele aspekte wat as geldend beskou word by die estetiese evaluering van kinderboekillustrasies. Enkele illustreerders, byvoorbeeld Katrine Harries, voel dat hulle hulself nie as kunstenaars behoort te ag nie. Brown (2.4.1 en 2.4.2) sê reguit dat illustrasie nie skilderkuns is nie. Ten spyte hiervan kan die feit dat skilderkunstige tegnieke deur die kinderboekillustreerder gebruik word, nie geïgnoreer word nie.

Teenoor hierdie mate van skeptisisme word kunstenaarskap by die kinderboekillustreerder erken deur illustreerders soos Zelinsky (2.4.2) wat van mening is dat die kunsskepping reeds plaasvind wanneer die illustreerder besluit wat om te illustreer. Sinclair (2.4.5) noem dat die illustreerder wel skeppend is, hoewel beperk word vanweë tegniese grense. Die reaksie op die vraelyste bevestig hierdie verskil in mening (3.1.3). Benewens die kriteria wat deur die vraelys gestel is vir evaluering van kinderboekillustrasies en ander kunswerke, het respondente die oop vraag 5 deeglik benut deur nog moontlike kriteria vir evaluering by te voeg en op verskille tussen kinderboekillustrasies en skilderkunswerke te wys (Hoofstuk 3, Vraag 5). Hoewel die geïllustreerde kinderboek in geheel as die kunswerk deur sommige respondente gesien word, is daar die algemene mening dat die illustrasies outonome waarde los van die teks kan hê, en vir die doel van hierdie studie is hierdie bevinding van belang (3.1.2, Vraag 3.5).

Die feit dat die kinderboekillustrasie in die algemeen as kunswerk aanvaar word, is van die grootste belang by die bestudering van die kinderboekillustreerder as kunstenaar. Uit die begripsomskrywings (1.6.2 en 1.6.4) van die kunswerk en illustrasie (1.6.4) blyk dit dat daar wel van illustrasiekuns sprake kan wees. Dit word byvoorbeeld van die skilderkuns onderskei as grafiese kuns, aangesien (1.6.4) kinderboekillustrasies gewoonlik gedupliseer word vir massaproduksie en sekere tegniese vereistes

daaraan gestel word. Skilderkunstige tegnieke word egter wel gebruik om hierdie illustrasies te skep. Die estetiese waarde daarvan word binne die doelwitte en met metodes binne die illustrasiekuns gemeet. Met die ontwikkeling van die tegnologie van reproduksietegnieke is grafiese kuns reeds só verfyn dat die onderskeid met ander beeldende kunsvorme toenemend onopvallend word. Dit is nie meer slegs die tradisionele druktegnieke, soos litografie, wat ter sprake is by grafiese kuns nie.

Uit die bespreking van kriteria wat vir kunswerke aangewend word en uit die evaluering van die illustrasies van Cora Coetzee en Alida Bothma, is dit duidelik dat tekenkunstige sowel as skilderkunstige tegnieke gebruik word in die skep van kinderboekillustrasies. Kunstegnieke van die tagtiger- en negentigerjare soos collage en rekenaargrafika word ook deur kinderboekillustreerders gebruik. Die estetiese waarde van grafiese kuns het dus toegeneem en die feit dat kinderboekillustrasies ook 'n visuele boodskap bevat, verhoog hierdie waarde.

Die kunswaarde van die illustrasies in die kinderboek lê in die mate waarin die skeppende talent van die illustreerder tot uiting kom. Hy doen self die keuse ten opsigte van die momente in die teks wat geïllustreer word en sy eie idee of verbeeldingsvlug word dan visueel weergegee. Dit verleen 'n bykomende dimensie tot die teks vanuit die perspektief van die illustreerder en dit is dié ekstra visuele bydrae wat deurgaans belangrik is vir hierdie studie. Die kinderboekillustreerder besluit ook self op die styl, medium en tegniek wat aangewend word by elke illustrasie. Hierdie aspekte was ter sprake by die bespreking van die kinderboekillustreerder as kommunikeerder en dit is bevestig met die evaluering van die gekose kinderboekillustreerders. Uit die evaluering van hul werk blyk dit dat Cora Coetzee en Alida Bothma uiteenlopende kenmerkende style het, en verskillende mediums en tegnieke gebruik om hul illustrasies te skep.

Die kunstenaarskap van die illustreerder word ook gesien in die lig daarvan dat hulle ook ander skeppende werk doen. Albei die illustreerders wie se werk bestudeer is, dui in die onderhoude aan dat hulle benewens kinderboekillustrasies ook ander kunswerke doen. Beide streef daarna om hul kunstenaarskap ook in hul kinderboekillustrasies uit te leef deur skeppend te werk en om ook op tegniese gebied illustrasies van hoogstaande gehalte te lewer.

Dit is duidelik dat spesifieke kennis, dissipline en vaardigheid van die kinderboekillustreerder vereis word. Hulle moet kennis van die kind as teiken van die geïllustreerde kinderboek hê, sowel as van die reproduksietegnieke en die beperkings wat dit stel. Hulle moet ook die dissipline hê om die algemene boodskap van die teks in ag te neem en daarmee saam die vaardigheid om illustrasies van goeie gehalte te lewer. Die vaardigheid en aanvoeling waarmee teks en illustrasie geïntegreer word, gee dus verdere dimensie aan die kunstenaarskap van die illustreerder van die kinderboek. Uit die reaksie op die vrae blyk dit ook dat daar 'n behoefte is aan formele opleiding van die kinderboekillustreerder - veral om die tegniese vaardighede wat van illustrasiekuns vereis word, te bemeester.

Verskeie toekennings vir kinderboekillustrasies soos die Katrine Harries-toekenning, die Caldecott-medalje, die Kate Greenaway-medalje en die Hans Christian Andersen-toekenning, vereis dat die illustrasie as kunswerk moet slaag en erken so die kunstenaarskap van die illustreerder. Die feit dat daar deur toekennings erkenning gegee word aan kinderboekillustreerders, is reeds bewys van die agting wat daar vir hulle as kunstenaars bestaan.

Dat kinderboekillustrasies met behulp van estetiese vormtaal geëvalueer kan word, en dat daar so 'n duidelike estetiese boodskap geïdentifiseer is, is verdere ondersteuning vir die feit dat die kinderboekillustrasie as kunswerk geag kan word. So word tot die gevolgtrekking gekom dat die kinderboekillustreerder 'n kunstenaar is.

Opsommend is dit uit voorafgaande duidelik dat daar ten spyte van meningsverskille, 'n bewustheid van die kinderboekillustreerder as kunstenaar is en die kunswaarde van die illustrasie as deel van die boek en as entiteit met outonome waarde beskou word. Vir die kinderboekillustreerder bestaan die geleentheid om uiting aan sy kunstenaarskap te gee met die skep van kinderboekillustrasies.

5.3 SAMEVATTING

Ten slotte word gestel dat hierdie studie nie 'n kunsmatige verheffing bepleit van die kinderboekillustrasie as kunswerk nie. Die doel is om die moontlikhede ten opsigte van die estetiese waarde daarvan te beklemtoon. Die kind kan ontwikkel word om kuns te waardeer. Deur programme met behulp van geïllustreerde kinderboeke kan opvoedkundiges en bibliotekarisse sy estetiese sin en visuele geletterdheid ontwikkel. So groei die kind op om as volwassene ook genot uit ander visuele kunste te put.

Die goeie kinderboek word beskou as kunswerk en die kinderboekillustrasie is die draer van die visueel-estetiese boodskap. In die prenteboek, waar die klein kind nog nie self die teks kan lees nie, is die illustrasies die belangrikste draer van die boodskap van die kinderboek. Die kinderboekillustrasies dien om estetiese beleving van die boek ten volle moontlik te maak. Werk van hoë kunsgehalte is belangrik vir die kind se estetiese ontwikkeling en visuele geletterdheid. Omdat die kinderboekillustrasie as kunswerk erken word, is die kinderboekillustreerder 'n kunstenaar. Dit is van die uiterste belang dat die kinderboekillustreerder as kunstenaar in eie reg erkenning moet kry, sodat hy aangespoor word om werk van goeie kunsgehalte te lewer. Dit het tot gevolg dat die kind se vroegste kennismaking met die visuele kunste vir hom 'n plesier is en 'n prikkel tot verdere belangstelling in kunswaardering.

Deur die kind van jongs af bloot te stel aan werk van goeie kunsgehalte, het tot gevolg dat hy kan ontwikkel tot volwassene wat kuns kan waardeer.

Die kinderboekillustreerder word as kunstenaar beskou. Sy kunstenaarskap is geleë in sy unieke bydrae tot die kinderboek en die vaardigheid waarmee hy die visueel-estetiese boodskap sowel as die verbale boodskap van die teks weergee. Die kinderboekillustreerder is dus werklik 'n kunstenaar.

BYLAE 1: VRAELYS

Nr.

--	--

1.1 Naam: _____

1.2 Adres: _____

1.3 Telefoonnommer: _____

1.4 Watter groep(e) verteenwoordig u?

Uitgewers		(3)
Bibliotekaris		(4)
Lede van komitees vir boektoekennings		(5)
Kunskritici		(6)
Kunsdosente		(7)
Kunstenaars		(8)
Illustreerders		(9)

1.5 Wat is u kennis van kinderboekillustrasie en kuns?

	1 Baie goed	2 Goed	3 Redelik	4 Swak	5 Baie swak	
Kinderboek- illustrasie						(9)
Kuns						(10)

2.1 Is u bewus van kursusse in Suid-Afrika, wat in kinderboekillustrasie aangebied word?

Ja		(11)
Nee		

2.2 Indien ja, watter kursus en waar word dit aangebied?

Kursus: _____ (12-13)

Instansie: _____ (14-15)

2.3 Is formele opleiding belangrik vir 'n kinderboekillustreerder?

	1 Ja	2 Nee	
Opleiding in die kuns			(16)
Opleiding in illustrasiekuns			(17)
Opleiding in kinderboekillustrasiekuns			(18)

3. Dui u mening ten opsigte van die kunswaarde van kinderboekillustrasies aan deur 'n kruisie langs elke stelling te trek op die toepaslike plek.

	1 Stem saam	2 Verskil	3 Onseker	
3.1 Enige kunstenaar behoort formele opleiding te ontvang.				(19)
3.2 Die kinderboekillustreerder slaag daarin om skeppend te werk, ten spyte van beperkinge soos dat hy gelei word deur die storie, voorskrifte van uitgewers of voorkeure van die kind.				(20)
3.3 Die kinderboekillustreerder behoort ook voortdurend ander skeppende werk te doen om as kunstenaar suksesvol te wees.				(21)
3.4 Die gebruik van verskillende media binne die oeuvre van 'n kunstenaar dui op sy ontwikkeling as kunstenaar.				(22)
3.5 Die boek in geheel is die kunswerk.				(23)
3.6 'n Kinderboekillustrasie kan los van die teks waarde hê.				(24)
3.7 'n Kinderboekillustrasie behoort visueel-opvoedkundige waarde te hê.				(25)
3.8 'n Kinderboekillustrasie behoort esteties-opvoedkundige waarde te hê.				(26)
3.9 'n Kinderboekillustrasie kan in dieselfde mate as enige kunswerk estetiese beleving moontlik maak.				(27)
3.10.1 Die gemiddelde kind kan nog nie kuns waardeer nie				
van : 3-6jr				(28)
3.10.2 6-8jr				(29)
3.10.3 8-10jr				(30)

4. Die volgende kriteria kan gebruik word om kunswerke en kinderboekillustrasies te evalueer:

	Kinderboek-illustrasie		Kunswerk		
	1 Ja	2 Nee	1 Ja	2 Nee	
<u>Voorbeeld:</u> Die kunstenaar of illustreerder behoort kunsopleiding te ontvang.	X		X		(31-32)
4.1 Die idee van die kunswerk of illustrasie het sy oorsprong by die kunstenaar of illustreerder en nie by die skrywer nie.					(33-34)
4.2 Die gekose medium en tegniek tree op as draers van die boodskap.					(35-36)
4.3 Dit word as entiteit geëvalueer.					(37-38)
4.4 Dit moet van 'n titel voorsien wees.					(39-40)
4.5 Dit dra 'n boodskap aan die kyker oor.					(41-42)
4.6 Dit moet tegnies goed versorg wees.					(42-44)
4.7 Die volgende tegniese elemente word geëvalueer:					(45-46)
4.7.1 Punt (tot fokuspunt)					(46-47)
4.7.2 Lyn (bv. dinamies en aggressief)					(47-48)
4.7.3 Vlak (bv. oop en geslote)					(49-50)
4.7.4 Toonwaarde (bv. grof, helder, donker)					(51-52)
4.7.5 Tekstuur (bv. grof, glad)					(53-54)
4.7.6 Kleur (bv. helder, ekspressief)					(55-56)
4.7.7 Vormhantering (bv. suggestie, beskrywend, los)					(56-57)
4.7.8 Ruimtehantering (bv. oop, vlak, perspektiwies)					(58-59)
4.7.9 Beweging (hetsy gesuggereerd of as tyd)					(59-60)
4.7.10 Ligwerking (bv. realisties, natuurlik, mistiek)					(60-61)

5 Ander kriteria wat u van belang beskou.

5.1 Kinderboekillustrasies: _____

5.2 Kunswerke: _____

Baie dankie vir u tyd en samewerking


BYLAE 2: ILLUSTRASIES

1. POLAND, M. 1988. Marcus en die kaskar. Kaapstad : Tafelberg.

150 x 220 mm.



270 x 420 mm.



Die toringkamertjie was ook die kamer van Oupa Eben, wat juis so lief vir muise was. Saans, net voor hy gaan slaap, het Oupa Eben altyd stilletjies die trap opgesluip met 'n stukkie kaas of 'n paar krummels van die lekker vrugtekoek wat die middag gebak is. Elke aand was dit dieselfde storie: Oupa sit 'n stukkie kaas op die vensterbank neer, of 'n paar koekkrummels langs die hangkas. Dan, net voordat hy in die bed klim en die deken oor hom trek, haal hy sy vals tande uit sy mond en sit hulle netjies op die bedtafeltjie neer, reg langs sy leesbril en ou Kerneels Langenhoven se *Ons Weg deur*





die Wêreld – 'n boek wat Oupa seker al 'n honderd keer gelees het.

En terwyl die huismense rustig slaap en Oupa Eben liggies snork en droom hoe die muis die kossies kom haal wat hy vir hulle neergesit het, sluip klein Letitia allenig in die huis rond en sit dertien muisvalletjies op dertien verskillende plekke neer. Eers as sy daarmee klaar is, sluip sy stilletjies terug na haar eie kamer en klim in die bed.

Alles het eintlik een reënerige nag begin. In die muis-huis onder die plankvloer van die toringkamertjie lê al

300 x 220 mm.

Maar in die haastigheid vergeet hy daarvan.





4.

VAN STRAAT
Roussseu

Die visarend en die miskruier. Kaapstad : Human &

138

Sy kyk op na die maan en sug, en Miskruier sien dat haar oë diep en donker is, en hoe die maan en riete lig en skadu oor haar pels laat speel. Toe buig Similindi haar kop na die poel en kyk na haarself in die stil water. Sy drink rustig, en toe kyk sy weer op na die maan.

“Nou’s dit my kans!” dink Miskruier, maar hy is so opgewonde dat hy skaars ’n woord kan uitkry.

“O, Similindi Sitatunga! Ag, verskoon dat ek jou steur op so ’n lieflike aand, maar ek het gehoor jy’s nie net mooi en wys nie, maar ook gaaf en goedhartig. Ek het gekom om jou om hulp te vra.”

Similindi kyk op. “Nou toe nou,” sê sy sag. “’n Miskruier. Wat skort, klein vriendjie?”

“Ag, Similindi, ek woon met my gesin in ’n gesellige plekkie onder mevrou Visarend se nes.

5. BOUWER, A. 1979. Oupa Kyken. (In: Lohann, C.A. samest. Storiehuis woordpaleis. Kaapstad : Tafelberg.)

210 x 270 mm.



270 x 420 mm.


'waar alles anders as hier lyk:
die mossies met pouvere pryk,
honde nes wildsbokke aanstryk,
en angelloos g'n by jou pla nie,
g'n perd nie arendsvlerke dra nie.
En ek was doodseker gewees:
my kruppel been sal daar genees.
Toe was die fluitspel skielik weg,
ek staan allenig teen die berg;
dit was vir my net eens te erg.
Nou sal ek nooit behoorlik loop nie;
en daardie poort gaan nooit weer oop nie.'



Die arme, arme Hameln!
Die mense dink aan daardie woord:
'n ryke voor die hemelpoort
is net soos 'n kameel wat deur
'n naald se oog sy lyf wil beur;
so moeilik kom hy ooit daar in.
Die Burgemeester stuur boodskappe uit,
dis oos en dis wes en dis noord en dis suid;
dat hoeveel die Fluitspeler ook al wil hê,
dit glad nie saak maak nie; hy moet net sê,
as hy tog asseblief maar weer
met hulle kinders terug sal keer.



210 x 270 mm



“Wat is 'n operahuis sonder 'n operamuis?” het die groot komponis Verdi in 1872 gevra. En dit kon hy wel vra, want elke operahuis op aarde het sy handjievool muis.

In 'n groot grys stad aan die voet van 'n groot grys berg was daar eenmaal so 'n operahuis met sy eie handjievool muis. In die pragtige gebou met sy koel marmertrappe, sy rinkelende glaskandelare en sy swaar rooi fluweelgordyne het die mense elke aand ry op ry kom sit om te luister hoe groot sangers en sangeresse die won-

8. NORTJÉ, P.H. 1988. Blouvalk kry sy jockie. (In Rode, L., *samest.* Goue fluit, my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.)

245 X 165 mm.



9. DE VOS, P. 1988. Antjie Somers. (*In Rode, L., samest. Goue fluit, my storie is uit.* Kaapstad : Tafelberg.)

245 X 165 mm.



10. MAARTENS, M. 1988. Soos heuning. (In Rode, L., samest. Goue fluit, my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.)

245 X 165 mm.



11. KOTZE, S. 1985. Karel Kameelperd in die verknorsing. (*In Rode, L., samest. Goue lint, my storie begint. Kaapstad : Tafelberg.*)

275 X 210 mm.



"Word wakker, Luthando, word wakker!" Themba stamp aan sy jonger broertjie wat nog vas aan die slaap lê, opgekrul in die bed waar hulle saam slaap. Luthando skrik wakker en sit regop. Hy knip-knip sy oë in die donker, want die hut met sy moddermure het nie vensters om die oggendlig in te laat nie.

"Het jy vergeet wat vandag gaan gebeur?" vra Themba.

"Hoe sal ek nou vergeet het!" sê Luthando. "Dit is Saterdag, en vandag kom ons vader huis toe." Luthando is net so opgewonde soos Themba, want hul vader is al twee jaar lank weg. Hy werk op die goudmyne van Johannesburg.

"Dit sal lekker wees om weer saam met hom te gaan jag en visvang!" Themba het dit al so baie maal gesê. "Ons vader is die beste jagter van die stat."

"Ek hoop hy het nie al vergeet hoe om te jag en vis te vang nie," sê Luthando stadig. "Ons moeder het mos gesê die mynwerkers werk die hele dag onder die grond van soggens vroeg tot saans laat."

"En dit is gevaarlike werk," las Themba by. "Party van die mynwerkers kom nooit weer terug nie."





Bobbejaan kry 'n stök en werskaf in die klipskeur rond. Toe druk hy sy kop somer diep in om elke geluidjie op te vang.

Dit is 'n fout. Die byë is op die plek woedend oor die gepeuter in hul sake. Soos een man val hulle aan.

Die bye mors met Bobbejaan. Hulle verniel hom. Hulle steek hom byna dood. Dis net zoem-tjiek! "Eina!" Zoem-tjiek! Zoem-tjiek! Zoem-tjiek! Zoem-tjiek! "Eina! Eina! Eina-a-a!!!"

Kop en voete in sy dop ingetrek sodat g'n by naby hom kan kom nie, lê Skilpad en skud soos hy lag. Hy skommel soos hy lag. Hy maak hom eintlik seer.

Bobbejaan vlug by die naaste stroom water in om die bye van sy lyf af te kry. Hy proes en spartel. Dis so hittete of hy verdrink.

Bobbejaan sal nie gou weer met Skilpad lol nie.

Die teerpop

Nee, dis krimineel soos Bobbejaan met Boer se goed mors. G'n dier of ding is meer veilig nie. Hy steel die landerye kaal en wip by die kraal in om onder die lammers te vang. Slagyster stel help nie, want Bobbejaan dra dit weg en gaan sit dit in die paadjie neer sodat Boer al self met sy voet daarin getrap het. Gif in 'n pampoen of 'n karkas is tyd mors, want Bobbejaan ruik onraad op 'n afstand.

Boer is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie, en hy is ouer as twaalf. Hy gaan sit en dink. Toe maak hy vir hom 'n pop van teer en pik. Hierdie pop plaas hy by die kraal, en hy stop 'n koekie in sy hand.

Dit word aand, en dit word laat. Bobbejaan is weer op sy plundertog uit. Hy kom by die kraal aan, en daar staan die pop. Maar hy skrik nie vir hom nie, want die pop is nie te groot nie, en hy meen dat dit 'n kind is.

"Gee vir my ook van die koek," sê Bobbejaan.

Die teerpop antwoord nie.

"Moenie so snoep wees nie," sê Bobbejaan.

Die teerpop verroer hom nie.

"Hei, ek klap jou somer," sê Bobbejaan, en hy haak met die regtervoervoet af. Daar sit hy vas aan die teer en pik.

"O, jy wil my vasgryp, maar ek het 'n ander hand ook," sê Bobbejaan. Daar sit sy linkervoervoet.

Bobbejaan skop links en regs, maar dit help alles niks nie. Hy woel hom net al vaster. "A, maar ek het mos nog my oupa se



Hy kyk na sy maats. Janet het knippies in haar hare,
Antoon het houtknope aan sy trui, Marius,
Matthys, Werner, Anneke.

BIBLIOGRAFIE

- AHREND, I. 1989. A few award-winning illustrators of the eighties. *Kaapse bibliotekaris*, 33(2) : 16-17, Feb.
- ANON. 1973. Katrine Harries kry erepenning. *Burger* : 18, Okt. 15.
- ANON. 1986. The Horn book graphic gallery. *Horn book magazine*, 62(6) : 695-723, Nov.-Dec.
- ANON. 1988a. Hans Christian Anderson award. *Bookbird*, 26(3) : 3-6, Sep.
- ANON. 1988b. Highly commended illustrator: Yasua Segawa. *Bookbird*, 26(3) : 12-13, Sep.
- ANON. 1988c. Illustrator nominees. *Bookbird*, 26(3) : 21-26, Sep.
- ANON. 1988d. Past winners of the Hans Christian Anderson award. *Bookbird*, 26(3) : 27, Sep.
- ANON. 1994. Winners of the Hans Christian Anderson awards, 1956-1994. *Bookbird*, 32(3) : 64, Fall.
- ARGAN, G.C. 1959. Art. (*In Encyclopedia of World Art*, 1 : 764-810.)
- ARNASON, H.H. 1982. A history of modern art. London : Thames & Hudson. 740p.
- BAKER, M.H., ROBINS, N. & FREZZOLINI, S. 1989. The Horn book graphic gallery information books. *Horn book magazine*, 65(3) : 323-351, May-Jun.
- BALDINGER, W.S. 1960. The visual arts. New York, N.Y. : Holt, Rinehart & Winston. 308p.
- BALLOT, G.M. 1991. 'n Inleiding tot die studie van kunsgeskiedenis: grondgedagtes, -beginsels en -begrippe. Potchefstroom : PU vir CHO, Dept. Kunsgeskiedenis. (Ongepubliseerde kernaantekeninge). 47p.
- BEDFORD, E. 1986. Geïllustreerde kinderboeke in Suid-Afrika. (*In Hölscher, M., red. Doerland-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 20-27.*)
- BERMAN, E. 1983. Art and artists of South Africa: an illustrated biographical dictionary and historical survey of painters, sculptors and graphic artists since 1875. Cape Town : Balkema. 545 p.
- BOOYSE, J.J. 1986. Die prenteboek in enkele Engelssprekende Westerse lande - 'n metapedagogiese oopdekking en evaluering. Johannesburg : UNISA. (Verhandeling - M.Ed.) 464p.
- BROWN, M. 1967. My goals as an illustrator. *Horn book magazine*, 43(3) : 305-316, Jun.

- BÜTTNER, H. 1990. Die wêreld se beste volkleurboeke op ons rakke. *Kaapse bibliotekaris*, 34(6) : 7-10, Jun.-Jul.
- CARPENTER, H. & PRICHARD, M. 1984. The Oxford companion to children's literature. Oxford : Oxford University Press. 586p.
- CHILVERS, I. & OSBORNE, H. 1988. The Oxford Dictionary of Art. Oxford : Oxford University Press. 548p.
- CIANCIOLO, P.J. 1970. Literature for children: illustrations in children's books. Dubuque, Iowa : W.M.C. Brown. 130p.
- CIANCIOLO, P.J. 1981. Picture books for children. 2nd ed. Chicago, Ill. : American Library Association. 237p.
- CLARK, K. 1973. The romantic rebellion: romantic versus classic art. London : Murray. 366p.
- CLARK, K. 1982. Civilization: a personal view. Harmondsworth : Penguin.
- COLBY, J. P. 1967. Writing, illustrating and editing children's books. New York, N.Y. : Hasting House. 318p.
- COLLIER, J. 1984. The great age of children's book illustration. *Antiques in South Africa*, 15 : 97-99, Summer.
- COLLIER, J. 1985. The golden age of illustrated children's books. *Lantern*, 34(2) : 72-79, Apr.
- CONSIDINE, D.M. 1986. Visual literacy & children's books: an integrated approach. *School library journal*, 33(1) : 38-42, Sep.
- CONTI, M. 1978. How to recognize Renaissance art. London : Macdonald Educational. 64p.
- CRANE, W. 1905. Of the decorative illustration of books old and new. London : Bell. 341p.
- CULLINAN, B.E., ed. 1989. Literature and the child. 2nd ed. San Diego : Harcourt. 730p.
- DALY, N. 1986. Kinderboeke uit die oogpunt van 'n illustreerder. (In Hölscher, M., red. Doerland-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 28-32.)
- DE ROUBAIX, E. 1987. Literêre pryse en toekennings in Afrikaans. *Kaapse bibliotekaris*, 31(3) : 8-9, Okt.

DE VRIES, C.G. 1984. Kinderlike begryping aan die hand van sy hunkeringe. *Unie*, 81(1) : 40-42, Jul.

DEACON, L.E. 1984. Children's responses to Maurice Sendak's "Where the wild things are": a study conducted at a Cape Town public library. Cape Town : UCT. (Dissertation - M.A.) 320p.

DOOLEY, P. 1980. The window in the book: conventions in the illustration of children's books. *Wilson library bulletin*, 50(2) : 108 - 112, Oct.

DU PLESSIS, C.W. & BESTER, M. 1993. Evaluering van multikulturele kinderlektuur. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingkunde*, 61(2) : 90-95, Jun.

DU PLOOY, G.M. 1989. Visual literacy: the construction and interpretation of meaning by means of television. *Communicatio*, 15(1) : 15-31.

EICHENBERG, F. 1984. Bell, book and candle. *Top of the news*, 40(3) : 353-367, Spring.

ELLEMAN, B. 1986. Picture-book art: evaluation. *Booklist*, 82(20) : 1548-1549, Jun.

ELLIS, S. 1986. News from the north. *Horn book magazine*, 62(1) : 100-103, Jan.-Feb.

ELSEN, A.E. 1967. Purposes of art. 2nd ed. New York, N.Y. : Holt, Rhinehart & Winston. 445p.

EPSTEIN, C.C. 1986. A publisher's perspective. *Horn book magazine*, 62(4) : 490-493, Jul.-Aug.

FELDMAN, E.B. 1970. Becoming human through art. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 389p.

FELDMAN, E.B. 1985. Thinking about art. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 465p.

FELDMAN, E.B. 1987. Varieties of visual experience. 3rd ed. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 528p.

FISHER, M. 1975. Who's who in children's books: a treasury of the familiar characters of childhood. London : Weidenfeld & Nicolson. 399p.

FLEMING, W. 1980. Arts and ideas. 6th ed. New York, N.Y. : Holt, Rinehart & Winston. 502p.

FRANSEN, H. 1981. Drie eeue kuns in Suid-Afrika: beeldende kuns, boukuns en toegepaste kuns. Pietermaritzburg : Anreith. 230p.

- FREEMAN, J., *comp.* 1974. Contemporary American illustrators of children's books, exhibition at Rutgers university art gallery, October 6 - November 17. New Brunswick, N.J. : Rutgers State University. 72p.
- GLISTRUP, E. 1994. Comparing the incompatible: the work of the HCA Jury, 1987-94. *Bookbird*, 32(3) : 55-57, Fall.
- GOMBRICH, E.H. 1959. Art and illusion: a study of the psychology of pictorial representation. London : Phaidon. 386p.
- GOMBRICH, E.H. 1982. The image and the eye. Oxford : Phaidon. 320p.
- GOUWS, L.A. 1979. Psigologiewoordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill. 484p.
- HAGEN, M.A., *ed.* 1980. The perception of pictures, vol. 1. Alberti's window: the projective model of pictorial information. New York, N.Y. : Academic Press. 293p.
- HALE, R.D. 1986. Musings. *Horn book magazine*, 62(5) : 624-625, Sep.-Oct.
- HANTRAIS, L. & KAMPHORST, T.J., *eds.* 1987. Trends in the arts: a multinational perspective. Amersfoort : Giordano Bruno. 246p.
- HARMS, J.M. & LETTOW, L.J. 1989. Book design: extending verbal and visual literacy. *Journal of youth services in libraries*, 2(2) : 136-142, Winter.
- HARRIES, K. 1965. On book illustration. *Kaapse bibliotekaris*: 5, May.
- HAT
kyk
ODENDAL, F.F.
- HEALE, J. 1986. Suid-Afrikaanse kinderboeke in Engels. (*In* Hölscher, M., *red.* Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 11-15.)
- HERDEG, W., *ed.* 1967. *Graphis: International journal of graphic art and applied art*, 23(131) : 1-318.
- HEYDENRYCH, J. de V. 1984. Kunsopvoeding en die ontwikkelende kind. *Unie*, 81(1) : 21-22, Jul. & 81(2) : 42-45, Aug.
- HOLLY, M.A. 1987. Panofsky and the foundations of art history. Itchaca, N.Y. : Cornell University Press. 267p.

- HUEBSCH, J.C. 1990. *Kommunikasie 2000*. 2de uitg. Durban : Butterworths. 458p.
- HUGGINS, L.W. 1986. *Techniques in contemporary book illustrations*. Grahamstown : Rhodes University. (Dissertation - M.Fine Arts.) 97p.
- HUGHES, S. 1984. Reeling and writhing and fainting in coils. *School librarian*, 32(4) : 308-309, Dec.
- HUNT, P.L. 1991. *Criticism, theory, and children's literature*. Oxford : Blackwell. 236p.
- HURLIMANN, B. 1968. *Picture-book world: modern picture-books for children in twenty-four countries*. London : Oxford University Press. 216p.
- INLIGTINGSENTRUM VIR KINDERLEKTUUR EN -MEDIA, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. 1987a. *Illustreerders van Suid-Afrikaanse kinderboeke*. Stellenbosch. 38p.
- INLIGTINGSENTRUM VIR KINDERLEKTUUR EN -MEDIA, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. 1987b. *Die geïllustreerde Engelse kinderboek*. Stellenbosch. 43p.
- ISKEMUS
kyk
INLIGTINGSENTRUM VIR KINDERLEKTUUR EN -MEDIA, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
- JANSON, H.W. 1979. *A history of art*. London : Thames and Hudson. 767p.
- JONES, D.B. 1983. *Children's literature awards and winners: a directory of prizes, authors and illustrators*. Detroit, Mich. : Gale Research Company. 495p.
- JUSSIM, E. 1983. *Visual communication and the graphic arts: photographic technologies in the nineteenth century*. New York, N.Y. : Bowker. 364p.
- KIEFER, B. 1985. Looking beyond picture book preferences. *Horn book magazine*, 61(6) : 705-713, Nov.-Dec.
- KLEINBAUER, W.E., ed. 1989. *Modern perspectives in Western art history*. Toronto : University of Toronto Press. 528p.
- KLEMIN, D. 1966. *The art of art for children's books: a contemporary survey*. New York, N.Y. : Clarkson N. Potter. 127p.
- KNOBLER, N. 1971. *The visual dialogue*. 2nd ed. New York, N.Y. : Holt, Rinehart & Winston. 502p.

- KOMNICK, G. 1968. Oor die illustreer van kinderboeke. *Kaapse bibliotekaris*: 7-11, Feb.
- KRITZINGER, M.S.B. 1972. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : Van Schaik.
- KUIJERS, A. 1983. Betekenis in die visuele kunste. Potchefstroom : PU vir CHO. 27p.
- KUIJERS, A. 1986. Kunswerke in die kunsgeskiedenis: 'n benadering. Potchefstroom : PU vir CHO. 83p.
- LACY, L. 1986a. Art and design in children's picture books. Chicago, Ill. : American Library Association. 229p.
- LACY, L. 1986b. Evaluating picture book art: an illustrator's vocabulary. *School library journal*, 33(4) : 39-49, Dec.
- LAMB, L. 1962. Drawing for illustrations. London : Oxford University Press. 211p.
- LARRICK, N. 1980. The changing picture of poetry books for children. *Wilson library bulletin*, 50(2) : 113-117, Oct.
- LE ROUX, J. de V. 1986. 'n Kort oorsig van die geskiedenis van Afrikaanse kinderlektuur. (In Hölscher, M., red. Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 4-10.)
- LE ROUX, M. 198?. Six writers and illustrators of children's literature in Stellenbosch. ISKEMUS : Stellenbosch. (verskillend gepagineer.)
- LEMMER, A. 1989. Picture book stories as vehicles for language development. *Journal for language teaching*, 23(3) : 20-42, Sep.
- LENAKE, J.M. 1990. Books for children in African languages. (In Coetzee, H.S. & Retief, H.J.M., reds. Kinder-en jeugboeke: referate gelewer tydens die HAUM-Daan Retief simposium oor kinder- en jeugboeke, 25-26 Junie. Pretoria : UP. p.91-104.)
- LIEBENBERG, E. 1979. Reality and actuality: pictorial considerations arising from the 'detached' form on the two-dimensional picture plane. Johannesburg : WITS. (Dissertation - M.A. Fine Arts.) 2 vols.
- LOHANN, C.A. 1967. Die illustrasie van Suid-Afrikaanse kinderlektuur: 'n waardebeoordeling. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.Bibl.) 339p.
- LOHANN, C.A. 1972. Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D.Phil.Bibl.) 306p.

- LOHANN, C.A., *samest.* 1978. SABV-toekennings vir kinderboeke 1960-1977. Potchefstroom : Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 69p.
- LOHANN, C.A. 1982. Kinderlektuur. *Neon*, 40 : 14-15, Okt.
- LOHANN, C.A. 1986a. Katrine Harries-toekenning. (*In Hölscher, M., red.* Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 18-19.)
- LOHANN, C.A. 1986b. 'n Waardebepaling van kinderboektoekennings in Suid-Afrika deur kinders, literatore, resensente, bibliotekarisse, onderwysers, skrywers en uitgewers: 'n empiries-vergelykende ondersoek. Potchefstroom : Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur. 141p.
- LOHANN, C.A. 1989. Die Afrikaanse kinderboekgids (AKG): 'n geselekteerde, gegradeerde en geannoteerde bibliografie van Afrikaanse kinderboeke 1983-1987. Potchefstroom : Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur. 152p.
- LOWENFELD, V. & BRITTAIN, W.L. 1975. Creative and mental growth. 6th ed. New York, N.Y. : MacMillan. 430p.
- MAKI-CAROLLI, P. 1984. Picture books and art techniques: a study guide. *Emergency librarian*, 12(2) : 25-26, Nov.-Dec.
- MARANTZ, S. & MARANTZ, K. 1986. Interview with Paul O. Zelinsky. *Horn book magazine*, 62(3) : 295-304, May-Jun.
- MARSHALL, M.R. 1988. An introduction to the world of children's books. 2nd ed. Aldershot : Gower. 327p.
- MARTIN, D. 1989. The telling line: essays on fifteen contemporary book illustrators. London : MacRae. 320p.
- MARTIN, F.D. & JACOBUS, L.A. 1991. The humanities through the arts. 4th ed. New York, N.Y. : McGraw-Hill. 483p.
- MATHIESEN, E. 1966. The artist and the picture book. *Horn book magazine*, 42(1) : 94-97, Feb.
- MCCANN, D. & RICHARD, O. 1973. The child's first books: a critical study of pictures and texts. New York, N.Y. : Wilson. 135p.
- McKEE, B. 1986. Van Allsburg: from a different perspective. *Horn book magazine*, 62(5) : 566-571, Sep.-Oct.

- MIKOLAYCAK, C. 1986. The artist at work: the challenge of the picture book. *Horn book magazine*, 62(2) : 167-173, Mar.-Apr.
- MOOLMAN, H.J. 1987. 'n Kunshistoriese ondersoek na die rol van kleur in die skilderkunstige oeuvre van Walter Battis (1906-1982). Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.A. Kunsgeskiedenis.) 235p.
- MORRIS, C.H. 1965. The illustration of children's books. London : Library Association. (Pamphlet no. 16.) 18p.
- NEL, J. 1984. Kind en kunsopvoeding. *De Arte*, 31 : 21-25, Sep.
- NESS, E. 1964. The artist at work: woodcut illustration. *Horn book magazine*, 40(5) : 520-522, Oct.
- NODELMAN, P. 1984. How children respond to art. *School library journal*, 31 (4): 40-41, Dec.
- NORTON, D.E. 1983. Through the eyes of a child: an introduction to children's literature. Columbus, Ohio : Merril. 664p.
- NYANI, F. 1986. A note on the history of publishing for children in the African languages. (*In* Hölscher, M., *red.* Doerlandy: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Kunsmuseum. p. 16-17.)
- ODENDAL, F.F., *red.* 1979. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2de uitg. Johannesburg : Perskor. 1378p.
- OVERDUIN, S.J. 1985. Afrikaanse jeugdliteratuur. Amsterdam : Frederik Muller Academie. 74p.
- OXFORD DICTIONARY OF ART
- kyk
- CHILVERS, I.
- PANOFSKY, E. 1960. Renaissance and renaissances in Western art. Stockholm : Almquist & Wiksell. 243p.
- PANOFSKY, E. 1970. Meaning in the visual arts. Harmondsworth : Penguin. 407p.
- PARSONS, M.J. 1987. How we understand art: a cognitive developmental account of aesthetic experience. Cambridge : Cambridge University Press. 159p.

- PENNELL, J. 1971. The illustration of books: a manual for the use of students, notes for a course of lectures at the Slade School, University College. Ann Arbor, Mich. : Gryphon. 166p.
- PETERSON, A.C. 1974. Illustrations. (*In Encyclopedia of Library and Information Science*, 11 : 219-263.)
- PETERSON, L.K. & SOLT, M.L. 1982. Newbery and Caldecott medal and honor books: an annotated bibliography. Boston, Mass. : Hall. 427p.
- PICKFORD, R.W. 1972. Psychology and visual aesthetics. London : Hutchinson Educational. 270p.
- PIENAAR, L. 1968. Die kind en sy literatuur. Kaapstad : HAUM. 211p.
- PIERCE, J.S. 1977. From Abacus to Zeus: a handbook of art history. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 131p.
- PIETERSE, L. 1973. 1972-Kinderboeke te kus en te keur. *Kaapse bibliotekaris*: 3, Apr.
- POTGIETER, A. 1981. Illustreerders van Afrikaanse kinderboeke. *Kaapse bibliotekaris*: 3-6, Aug.
- POWEL, R.R. 1991. Basic research methods for librarians. 2nd ed. Norwood, N.Y. : Ablex. 213p.
- PROVENSON, A. & PROVENSON, M. 1984. Caldecott acceptance speech. *Top of the news*, 40(4) : 437-440, Summer.
- PULLES, E.B. 1990. 'n Eksperimentele verkenning van grafiese manipulasie ter wille van doeltreffende kommunikasie in die prenteboek. Potchefstroom : PU vir CHO (Verhandeling - M.A. Beeldende kunste.) 164p.
- READ, H. 1955. Grassroots of art: lectures on the social aspects of art in an industrial age. London : Faber & Faber. 160p.
- READ, H. 1968. The meaning of art. 2nd ed. London : Faber & Faber. 280p.
- RETIEF, H.J.M. & POTGIETER, A. 1989. Die uitgewer en die kinderboek: riglyne vir die evaluering en keuring van kinderboeke. *Vrystaatse biblioteke*: 14-18, Apr.-Jun.
- RICHARD, O. 1969. The visual language of the picture book. *Wilson library bulletin*, 4(4) : 434-447, Dec.

- ROBERTSON, G. 1980. When the unicorn sings. *Neon*, 32 : 15-18, Mar.
- ROLL, D. 1975. Contemporary children's book illustration in Czechoslovakia. (*In Third international survey of children's book illustration. Graphis children's book illustration, vol. 3. Zurich : Herdeg. p. 94-99.*)
- ROOKMAAKER, H.R. 1968. Art and the public today. Huëmoz-zur-Ollon : L'Abri Fellowship Foundation. 58p.
- ROOKMAAKER, H.R. 1972. Gauguin and 19th century art theory. Amsterdam : Swets & Zeitlinger. 362p.
- ROSA, G. 1962. Graphic arts. (*In Encyclopedia of World Art, 6 : 666-717.*)
- ROSENBLUM, R. 1969. Transformations in the late eighteenth century art. Princeton, N.Y. : Princeton University Press. 203p.
- RUSSEL, E. 1985. Only the best is good enough. *Crux*, 14(2) : 41-53, Jun.
- SAIBI
kyk
SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGWESE.
- SCHAEFER-SIMMERN, H. 1948. The unfolding of artistic activity: its basis, processes and implications. Berkeley, Calif. : University of California Press. 201p.
- SCHOLTZ, J du P. 1978. Katrine Harries: life and work. Cape Town : Tafelberg. 128p.
- SCHRAMM, W.L. 1954. The process and effects of mass communication. Urbana, Ill. : University of Illinois Press. 586p.
- SCHWARCZ, J.H. 1982. Ways of the illustrator: visual communication in children's literature. Chicago, Ill. : American Library Association. 202p.
- SHULEVITZ, U. 1980. What is a picture book? *Wilson library bulletin*, 55(2) : 99, Oct.
- SINCLAIR, N. 1968. South African book illustrators of the last two decades. *South African libraries*, 35(3) : 77-80, Jan.
- SINGLETON, R., STRAITS, B.C., STRAITS, M.M. & McALLISTER, R.J., eds. 1988. Approaches to social research. New York, N.Y. : Oxford University Press. 541p.
- SNYMAN, L. 1983. Die kind se literatuur. Durbanville : Kinderpers. 384p.

SNYMAN, L. 1986. Kinderboekillustrasies: enkele problematiese aspekte van teorie en praktyk. (In Hölscher, M., red. Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 47-50.)

SOMETHING ABOUT THE AUTHOR: facts and pictures about authors and illustrators of books for young people. 1971-1993. Detroit, Mich. : Gale Research Company. 72 vols.

SPRATT, F. 1987. Art production in discipline-based art education. *Journal of aesthetic education*, 21(2) : 197-204, Summer.

STAATSBIBLIOTEEK. 1983. Directory of Southern African libraries. Pretoria. (Biblioteekkundige bydraes no.28.) 553p.

STEENBERG, E. 1979. My kind en sy boek. Kaapstad : Tafelberg. 384p.

STEWIG, J.W. 1990. Choosing the Caldecott winner: fifth graders give their reasons. *Journal of youth services in libraries*, 3(2) : 128-133, Winter.

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGWESE. 1979-1989. Jaarverslae. Pretoria.

SUID-AFRIKAANSE KUNSVERENIGING. 1989. Adreslys. Pretoria. 23p.

SUTHERLAND, Z., MONSON, D.L. & ARBUTHNOT, M.H. 1981. Children and books. 6th ed. Glenview, Ill. : Scott, Foresman. 678p.

TöTEMEYER, A-J. 1986. Die visuele uitbeelding van die swarte in die Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. (In Hölscher, M., red. Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 36-46.)

ULRICH, A.K. 1975. The future evolution of the art of the picture-book. (In Third international survey of children's book illustration: Graphis children's book illustration, vol. 3. Zurich : Herdeg. p. 100-115.)

VAN DER MERWE, A. 1986. Die Suid-Afrikaanse kinderboekuitgewer. (In Hölscher, M., red. Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum. p. 33-35.)

VAN HEERDEN, M. 1988a. How to create a picture book: an illustrator confides in her readers. *Kaapse bibliotekaris*, 32(7) : 2-6, Aug.

VAN HEERDEN, M. 1988b. Visual perception and imagination: a neglected skill. *Kaapse bibliotekaris*, 32(9) : 9-11, Oct.

VAN HEERDEN, M. 1989a. Die belangrike rol van prenteboeke in die ontwikkeling van die kind. *Transvaler*: 7, Des. 11.

VAN HEERDEN, M. 1989b. The important role played by picture books in the child's aesthetic development. *Kaapse bibliotekaris*, 33(9) : 13-15, Okt.

VAN NIEKERK, M. 1989. Die rol van die illustreerder in kinderboeke. *Vrystaatse biblioteke*: 9, Apr.-Jun.

VAN WIJK-SLUYTERMAN, M. 1982. Van anonieme boekverzorgers tot erkende kunstenaars: twee eeuwen boekverzorging en illustraties van het Nederlandse jeugdboek. Den Haag : Nederlandse Bibliotheek en Lektuur Centrum. 174p.

VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK

kyk

KRITZINGER, M.S.B.

VERREL, B., ed. 1989. Publishers' International Directory with ISBN index: Internationales Verlagsadresbuch mit ISBN- Register. 14th ed. Munchen : Saur.

VETH, C. 1946. Nelly Bodenheimer: illustratrice. Rotterdam, Antwerpen : A.D. Donker. 41p.

VILJOEN, A.B. 1976. Funksionele aspekte van die uiterlike hoedanighede van tegniese elemente van die visuele kunste. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling: M.A. Beeldende kunste.) 157p.

VOOIJIS, M., BEENTJES, J., VAN DER NOORDT, N. & VAN DER VOORT, T. 1992. Kinder onthouden het jeugdjournaal beter dan tekst. *Massacommunicatie*, 20(3) : 226-234.

WEISS, J.S. 1983. Prizewinning books for children: themes and stereotypes in U.S. prizewinning prose fiction for children. Lexington, Mass. : Lexington Books. 455p.

WELLER, J. 1988. The Canadian picture-scene. *Bookbird*, 26(1) : 8-10, Feb.

WELLS, R. 1987. The artist at work: the writer at work. *Horn book magazine*, 63(2) : 163-70, Mar.-Apr.

WHALEN-LEVITT, P. 1980. Picture play in children's books: a celebration of visual awareness. *Wilson library bulletin*, 55(2) : 102-107, Oct.

WIMMER, H., HOGREFE, G.J. & PERNER, J. 1988. Children's understanding of informal access as source of knowledge. *Child development*, 59 (2) : 386-396, Apr.

WOOD, D. & WOOD, A. 1986. The artist at work: where ideas come from. *Horn book magazine*, 62(5) : 556-65, Sep.-Oct.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1950-1994. Pretoria : Staatsdrukker. 9dle.

ZOLA, M. 1985. New wine for old bottles: picture books for the adolescent reader. (In Weiner, J.P. & Stein, R.M., eds. *Adolescents, literature, and work with youth*. New York, N.Y. : Haworth. p. 19-26.)

ZWICKER, M. 1980. Creating children's books at the Rochester Folk Art Guild. *Wilson library bulletin*, 50(2) : 118-122, Oct.

LYS VAN GEÏLLUSTREERDE BOEKE GERAADPLEEG

CORA COETZEE

BOUWER, A. 1979. Oupa Kyken. (*In: Lohann, C.A. samest. Storiehuis woordpaleis. Kaapstad : Tafelberg.*)

DE JONGH, M. 1983. Die man met die gaatjie in sy trui. Kaapstad : Tafelberg.

DE VOS, P. 1986. Wolfgang Amadeus Muis. Kaapstad : Tafelberg.

DE VOS, P. 1989. Belladonna Primadonna. Kaapstad : Tafelberg.

GROBBELAAR, P.W. 1989. Die rottevanger van Hameln. Pretoria : Daan Retief.

POLAND, M. 1988. Marcus en die kaskar. Kaapstad : Tafelberg.

VAN STRATEN, C. 1982. Die visarend en die miskruier. Kaapstad : Human & Rousseau.

ALIDA BOTHMA

DE VOS, P. 1988. Antjie Somers. (*In Rode, L. Goue fluit my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.*)

GROBBELAAR, P.W. 1986. Doer in Dierlandy. Kaapstad : Human & Rousseau.

KOTZE, S. 1985. Karel kameelperd in die verknorsing. (*In Rode, L. Goue lint my storie begint. Kaapstad : Tafelberg.*)

MAARTENS, M. 1988. Soos heuning. (*In Rode, L. Goue fluit my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.*)

NORTJÉ, P.H. 1988. Blouvalk kry sy jokkie. (*In Rode, L. Goue fluit my storie is uit. Kaapstad : Tafelberg.*)

RUPERT, R. 1987. Nou wil almal sien. Kaapstad : Tafelberg.

SACKS, M. 1985. Themba gaan sy vader haal. Kaapstad : Tafelberg.

ANDER

BEMMELMANS, L. 1961. Madeline. Londen : Viking Press.

BERNADETTE

kyk

WATTS, B.

BURNINGHAM, J. 1963. Borka: the adventure of a goose with no feathers. Londen : Jonathan Cape.

GAG, W. 1928. Millions of cats. New York, N.Y. : Coward, McCann & Geoghegan.

ECKERT, H.

kyk

JANOSH.

JANOSH. 1975. Ek is 'n wilde wollabeer. Kaapstad : Tafelberg. (Vertaal deur Alba Bouwer)

SCIESZKA, J. & SMITH, L. 1992. The stinky cheese man and other fairly stupid tales. Harmondsworth : Penguin.

SENDAK, M. 1963. Where the wild things are. New York, N.Y. : Harper & Row.

STANDON, E. & STANDON, A. 1964. Three little cats. London : Constable Young Books.

WATTS, B. 1971. Varenka. New York, N.Y. : Putman.